

A

---

# Arbeidsvoorsiening en -stabiliteit in die landbousektor: 'n Eksemplariese studie in die Letabadistrik

P.C. Smit  
D. Herbst



# BIBLIOTEEK LIBRARY

## RGN

RAAD VIR  
GEESTESWETENSKAPLIKE  
NAVORSING

## HSRC

HUMAN  
SCIENCES RESEARCH  
COUNCIL



RGN · HSRC



RGN-HSRC

RGN-BIBLIOTEEK

HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

IBL 1985 -10- 27  1986 -12- 15			
---	--	--	--

0000563300



2844363866



001.3072068 HSRC MM 100



\* 0 5 6 3 3 3 \*





Arbeidsvoorsiening en  
-stabiliteit in die landbousektor:  
'n Eksemplariese studie in die  
Letabadistrik



Verslag MM-100

# Arbeidsvoorsiening en -stabiliteit in die landbousektor: 'n Eksemplariese studie in die Letabadistrik

P.C. Smit  
D. Herbst

Pretoria  
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing  
1983

<b>DE</b> BIBLIOTEK <b>HSRC</b> LIBRARY	
-05-17	
ST. NO. DE 001.3072 06 8 HSRC MM 100 BESTELNOMMER R10	NOMMER 063406

P.C. Smit B.Sc. (Hons), M.A., Hoofnavorser  
 D. Herbst B.A. (Hons), Navorser

Instituut vir Mannekragnavorsing  
 Direkteur: S.S. Terblanche

ISBN 0 7969 0060 4

Obtainable in English

'n Samevatting van hierdie verslag is ook verkrygbaar (Navorsingsbevinding MN-100)

Prys: R23,10  
 (AVB ingesluit)

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing 1983  
 Alle regte voorbehou

## VOORWOORD

Oor die strategiese belangrikheid van 'n gesonde landbousektor in Suid-Afrika hoef nie geargumenteer te word nie. Verskillende regerings het as gevolg van hierdie belangrikheid deur die loop van jare 'n verskeidenheid maatreëls getref om hierdie sektor te beskerm. Sover dit arbeid aanbetref draai die probleme sedert die jare her om voorsiening en stabiliteit van arbeid in hierdie sektor.

Die Letabadistrik is 'n voorbeeld van 'n distrik wat besondere moontlikhede bied vir die bestudering van hierdie probleem. Die verskeidenheid van gewasse wat in die distrik verbou word, die besondere arbeidsintensiteit van verbouing van die meeste van die gewasse en die feit dat die distrik vir 'n groot deel begrens word deur Gazankulu en Lebowa is van die belangrikste redes hiervoor.

Die groeiende besef van die wedersydse afhanklikheid tussen die Gazankulu-regeringsdiens en die georganiseerde landbousektor van die Letabadistrik het daartoe aanleiding gegee dat die Komitee vir Ontwikkelingsamewerking (KOS) uit verteenwoordigers van die betrokke partye saamgestel is. Hierdie Komitee stel hom ten doel om aandag aan probleme van gemeenskaplike aard te gee. Die problematiek rondom plaasarbeid het die KOS laat besluit om die RGN te nader om ondersoek in dié verband in te stel.

Alhoewel die probleem van arbeidsvoorsiening en stabiliteit 'n belangrike mikrokomponent het en die situasie van gebied tot gebied, van gewas tot gewas en as't ware van boer tot boer sal verskil, is dit nogtans 'n algemene probleem wat ook in ander streke voorkom.

Goeie samewerking is verkry van die Gazankulu-regeringsdiens en mnr. J.D. Mativandlela, Sekretaris van Binnelandse Sake en alle betrokkenes word hiervoor bedank. Mnr. J.E. Vorster, Voorsitter van die Letabadistrikslanbouunie en ander bestuurslede asook bestuurslede van die verskillende boereverenigings word bedank vir hul bydrae met die organisasie en bekendstelling van die navorsing.



## INHOUD

	BLADSY	
1	INLEIDING	1
1.1	Agtergrond en doelstelling	1
1.2	Metode	4
1.3	Realisasie van die steekproewe	16
1.4	Begripsomskrywing	20
1.5	Opset van verslag	20
2	BESKRYWING VAN DIE ONDERSOEGGROEPE	21
2.1	Inleiding	21
2.2	Werkpatroon van die Swart bevolking	21
2.3	Beskrywing van die ondersoekgroep: Blanke boere	25
2.4	Beskrywing van die ondersoekgroep: Plaaswerkers, inwoners van Gazankulu en Lebowa en werksoekers	37
3	WERKSITUASIE VAN SWART PLAASWERKERS IN DIE LETABA-DISTRIK	46
3.1	Inleiding	46
3.2	Soort werk	46
3.3	Lone	59
3.4	Diensvoordele	67
3.5	Sosiale infrastruktuur	76
3.6	Organisasie van werk	78
3.7	Werwing, registrasie en verwante sake	84
3.8	Werkloosheid en tekorte	85
4	BELANGRIKSTE FAKTORE WAT 'N ROL SPEEL IN DIE VOORSIENING EN STABILITEIT VAN PLAASARBEID	93
4.1	Inleiding	93
4.2	Faktore wat 'n rol speel in arbeidstekorte by die steekproef van boere	94
4.3	Faktore wat 'n rol speel in voorkeur vir plaaswerk by Swart respondente	102
4.4	Gevolgtrekking	107
	BYLAE A: Vraelyste	118
	BYLAE B: Tabelle	201
	BRONNELYS	211

TABELLE

	BLADSY
1.1 STEEKPROEF VAN BLANKE BOERE EN BOERDERY-ONDERNEMINGS VOLGENS SUBDISTRIK	9
1.2 BEVOLKING VAN GAZANKULU EN LEBOWA IN DIE ONDERSOEKGEBIED VOLGENS NEDERSETTING EN GETAL WAT IN DIE STEEKPROEF INGESLUIT IS	14
1.3 REALISASIE VAN STEEKPROEF VAN BLANKE BOERE EN BOERDERY-ONDERNEMINGS VOLGENS SUBDISTRIK	17
1.4 REALISASIE VAN STEEKPROEF VAN PLAASWERKERS VOLGENS SUBDISTRIK	18
1.5 REALISASIE VAN STEEKPROEF VAN INWONERS VOLGENS NEDERSETTING	19
2.1 VAARDIGHEID VAN BOERE IN SWART TALE	25
2.2 OUDERDOM VAN BLANKE BOERE	26
2.3 WERKERVARING VAN BOERE	27
2.4 OPLEIDING VAN BOERE	28
2.5 EIENAARSKAP VAN BOERE	28
2.6 GROOTTE VAN BOERDERY-EENHEDE	29
2.7 BOERDERY-AKTIWITEITE	29
2.8 BELANGRIKSTE AKTIWITEIT VOLGENS GROOTTE VAN BOERDERY-EENHEID	30
2.9 BELANGRIKSTE AKTIWITEIT VOLGENS SUBDISTRIK	31
2.10 INDIENSNEMING VAN SWART WERKERS OP PLASE VOLGENS BEROEP EN AARD VAN INDIENSNEMING	35
2.11 INDIENSNEMING VAN SWART WERKERS OP PLASE VOLGENS SUBDISTRIK EN AARD VAN INDIENSNEMING	36
2.12 MEDIAANOUDERDOM VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS SUBGROEP EN GESLAG	39
2.13 GETAL AFHANKLIKES VAN SWART RESPONDENTE VOLGENS SUBGROEP	39
2.14 ETNIESE GROEP VAN SWART RESPONDENTE VOLGENS SUBGROEP	40
2.15 TAALVAARDIGHEID (PRAAT) VAN SWART RESPONDENTE VOLGENS SUBGROEP	41
2.16 SKOOLSTANDERD VAN SWART RESPONDENTE VOLGENS SUBGROEP	42
2.17 OPLEIDING VAN SWART RESPONDENTE VOLGENS SUBGROEP	43
2.18 LEWENDE HAWE VAN SWART RESPONDENTE VOOR EN NA DROOGTE VOLGENS SUBGROEP	44
2.19 AANTAL SAKKE MIELIES WAT GEPRODUSEER WORD DEUR SWART RESPONDENT SE GESIN IN 'N GOEIE JAAR VOLGENS SUBGROEP	45



TABELLE (VERVOLG)

	BLADSY
3.1 BEROEPSTRUKTUUR	47
3.2 VOORKEUR VIR WERKTIPE VOLGENS SUBGROEP	50
3.3 REDE VIR VOORKEUR VIR WERKTIPE VOLGENS SUBGROEP	51
3.4 AFKEER VAN WERKTIPE VOLGENS SUBGROEP	52
3.5 REDE VIR AFKEER VAN WERKTIPE VOLGENS SUBGROEP	53
3.6 REDE VIR VOORKEUR VIR WERKGEWER VOLGENS SUBGROEP	54
3.7 REDE VIR AFKEER VAN WERKGEWER VOLGENS SUBGROEP	55
3.8 REDE WAAROM PLAASWERKERS EN INWONERS VAN GAZANKULU EN LEBOWA PLAASWERK WIL DOEN	57
3.9 REDE WAAROM PLAASWERKERS EN INWONERS VAN GAZANKULU EN LEBOWA NIE PLAASWERK WIL DOEN NIE	58
3.10 MEDIAANINKOMSTE VAN DIE ONDERSOEGGROEP VOLGENS BEROEP SOOS DEUR SWART RESPONDENTE AANGEDUI	60
3.11 MINIMUM, MAKSIMUM EN GEMIDDELDE KONTANTLONE WAT BOERE BETAAL VOLGENS BEROEP	61
3.12 MAATSTAWWE VIR LOONVERHOOGINGS	62
3.13 ARBEIDSKOSTE AS PERSENTASIE VAN TOTALE PRODUKSIEKOSTE	62
3.14 HUIDIGE KONTANTLOON VAN SWART RESPONDENTE TEENOR VERWAGTE MINIMUMLOON (PER MAAND) MET VERSKIL IN PERSENTASIE UITGEDRUK VOLGENS SUBGROEP EN BEROEP	64
3.15 WERK VAN DIE HAND GEWYS AS GEVOLG VAN TE MIN GELD VOLGENS SUBGROEP	65
3.16 WYSE VAN BESOLDIGING DEUR SWART RESPONDENTE VERKIES VOLGENS SUBGROEP	65
3.17 DAG VAN DIE WEEK WAAROP RESPONDENTE BETALING VERKIES VOLGENS SUBGROEP	66
3.18 PERIODE WAARVOLGENS BOERE LONE BEREKEN EN BETAAL VOLGENS SOORT WERKER	66
3.19 VOORKEUR VAN SWART RESPONDENTE WANNEER LONE UITBETAAL MOET WORD VOLGENS SUBGROEP	67
3.20 RANTSOENE WAT BOERE VERSKAF VOLGENS PERIODE WAAROR DIT UITGEREIK WORD EN AARD VAN INDIENSNEMING	68
3.21 WERKERS WAT OP DIE PLAAS SLAAP/WOON VOLGENS TIPE BEHUISING	70
3.22 DIENSTE IN VERBAND MET BEHUISING OP PLASE	71
3.23 VOORKEUR VIR BLYPLEK VAN PLAASWERKERS	72
3.24 REDE VIR VOORKEUR VIR BLYPLEK VAN PLAASWERKERS	72

TABELLE (VERVOLG)

	BLADSY
3.25 GETAL PENDELAARS VOLGENS WYSE VAN VERVOER SOOS VERKRY VAN BOERE	73
3.26 WYSE VAN VERVOER VERKIES DEUR PLAASWERKERS WAT PENDEL	73
3.27 AFSTAND VANAF PLAASWERKER SE WONING TOT BY SY WERKPLEK	74
3.28 VERLOFVOORDELE WAT BOERE VERSKAF	75
3.29 BESONDERHEDE VAN BESKIKBARE GERIEWE OP PLASE	76
3.30 GEMIDDELDE VOORKEUR VIR SEKERE SOSIALE INFRASTRUKTUURDIENSTE VOLGENS SUBGROEP	77
3.31 AANTAL WERKDAE WAARUIT WERKWEEK VAN PLAASWERKERS BESTAAN	78
3.32 LENGTE VAN WERKDAG	79
3.33 LENGTE VAN ETENSTYE	79
3.34 REËLING VAN WERK OP REËNDRAE VIR WERKERS WAT BUIITE WERK	80
3.35 SPESIALE VERGUNNINGS DEUR BOERE WANNEER HUWELIKE/BEGRAFNISSE PLAASVIND WAARBY WERKERS BETROKKE IS	81
3.36 WYSE WAAROP BOERE AFWESIGHEDE HANTEER	82
3.37 TAAL WAT BOER MEESTAL TEENOR SY WERKERS GEBRUIK SOOS DEUR PLAASWERKERS VERSTREK IS	82
3.38 MATE WAARIN PLAASWERKERS INSTRUKSIES VERSTAAN	83
3.39 EERSTELYNTOESIGHOUDING	83
3.40 BELANGRIKSTE METODE WAAROP SWART WERKERS GEWERF WORD	84
3.41 MAANDE/TYDPERKE WAARIN NORMAALWEG TEKORTE ONDERVIND WORD	86
3.42 TEKORTE VOLGENS AARD VAN INDIENSNEMING	86
3.43 REDES VERSTREK DEUR BOERE VIR TEKORTE WAT HULLE ONDERVIND	87
3.44 REDES VERSTREK DEUR BOERE HOEKOM HULLE NIE TEKORTE ONDERVIND NIE	87
3.45 PERSENTASIE WAARMEE PRODUKSIE VERHOOG KAN WORD INDIEN GEEN TEKORTE ONDERVIND SOU WORD NIE	88
3.46 WYSE WAAROP TEKORTE DIE HOOF GEBIED WORD	89
3.47 REDE VIR WERKLOOSHEID VAN WERKSOEKERS	90
3.48 REGISTRASIE VAN WERKSOEKERS	90
3.49 MOET WERKLOSES DEUR FAMILIE EN VRIENDE ONDERHOU WORD?	91
4.1 OPSOMMING VAN VOÛRSPELLING VAN TEKORTE (STAPPE 1-7)	98
4.2 BELANGRIKSTE VOÛRPELLERS VAN TEKORTE	101
4.3 MATE WAARIN DIE MODEL TEKORTE VOÛRSPEL VIR DIE STEEKPROEF BOERE	101

TABELLE (VERVOLG)

	BLADSY	
4.4	VOLKSGROEPVERDELING VAN DIE MVM VOLGENS BEROEPSGROEP IN 1965 - 1981 EN DIE GEPROJEKTEERDE VERDELING VIR 1987.	111
4.5	GETAL LEERLINGE IN ST. 8	112
4.6	GETAL PERSONE WAT ST. 10 BEHAAL	112
4.7	GEMIDDELDE JAARLIKSE LOON VIR SWART ARBEID (RAND PER JAAR)	113

FIGURE

	BLADSY
1.1 ONDERSOEKGEBIED	5
1.2 LETABADISTRIK VOLGENS SUBDISTRIK (A-J) SOOS GEBRUIK VIR STEEKPROEFTREKKING	8
1.3 NEDERSETTINGS WAARUIT DIE STEEKPROEF VAN INWONERS VAN LEBOWA EN GAZANKULU GETREK IS	13
2.1 INDIENSNEMING VAN SWART WERKERS OP PLASE VOLGENS SUBDISTRIK EN AARD VAN INDIENSNEMING	34
4.1 VERWAGTE GROEI VAN DIE EKONOMIES AKTIEWE BEVOLKING EN WERKGELEENTHEDE VIR DIE TYDPERK 1978 - 1987.	108
4.2 DIE RELATIEWE BYDRAE VAN DIE VERSKILLENDE SEKTORE TOT DIE BRUTO BINNELANDSE PRODUK 1950, 1980 EN 2010	110

## DENDROGRAMME

	BLADSY
2.1 WERKPLEK VAN DIE BEVOLKING	24
4.1 ROL VAN BIOGRAFIESE FAKTORE IN WERKVOORKEUR VAN SWART RESPONDENTE	103
4.2 ROL VAN LONE IN DIE WERKVOORKEUR VAN SWART RESPONDENTE	105
4.3 BELANGRIKSTE FAKTORE WAT 'N ROL SPEEL IN WERKVOORKEUR VAN SWART RESPONDENTE	106



## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

#### 1.1 AGTERGROND EN DOELSTELLING

Oor die werklike strategiese belangrikheid van 'n gesonde landbousektor in Suid-Afrika hoef nie geargumenteer te word nie. Verskillende regerings het as gevolg van hierdie belangrikheid deur 'n verskeidenheid van maatreëls hierdie sektor probeer beskerm en bevorder. Goeie oorsigte van hierdie maatreëls bestaan in die werke van onder andere Van der Horst (1971) en Cloete (1972).

Sover dit arbeid betref, draai die probleem van die Blanke boer sedert die jare her om die voorsiening en die stabiliteit van die arbeid. Van der Horst (1971) haal die magistraat van Weenen aan, wat reeds in 1897 skryf: "The sole cause of the trouble continues to be the exodus of Natives to Johannesburg, where, attracted by the high wages paid them there, they persist in going ..." (p.87). Hierdie probleem is in die verlede reeds ondersoek deur 'n hele aantal kommissies en komitees van ondersoek (bv. Die Kaapse Arbeidskommissie (1894); Ekonomiese Naturelle Kommissie (1930-1932); Plaasarbeiderskomitee (1937-1939)), maar die probleem het nog nie verdwyn nie.

Volgens die Voorsitter van die Nasionale Mannekragkommissie (NMK) is die huidige Regering se doelwitte, sover dit mannekrag betref, die ontwikkeling, benutting en bevordering van mannekrag (Reynders, 1982:1) en voeg hy toe: "Die bewaring van mannekrag behels die bewaring van arbeidsvrede en die beskerming van die geestelike en liggaamlike gesondheid en welsyn van elke werker. Hierby inbegrepe is die billike reëling van die diensvoorwaardes van werknemers, ongeag of dit deur onderlinge ooreenkoms tussen werkgever en werknemer of deur statutêre maatreëls van owerheidskant plaasvind."

Dit is ook verklaarde regeringsbeleid dat die regering so min as moontlik by hierdie onderhandelinge betrokke wil raak, behalwe om 'n wetgewingsraamwerk daar te stel (Witskrif oor Deel 2 van die Verslag van die Kommissie van Ondersoek na Arbeidswetgewing 1980). Die Regering het ook aangedui dat hy dwangmaatreëls sover moontlik wil vermy. Plaaswerkers is tot dusver om 'n verskeidenheid van redes nie ingesluit in die meeste bepalinge van die raamwerk nie. "Die Regering se standpunt was dat daar 'n groot verskeidenheid van faktore inwerk teen die daarstelling van 'n geformaliseerde of gestruktureerde stelsel van arbeidswetgewing in die landbou" (Reynders 1982:3).

Solank plaaswerkers uitgesluit bly en daardeur in 'n swakker be-  
dingingsposisie geplaas sou word, as wat die geval met ander werkers is, sal die  
werkers wat 'n keuse kan uitoefen uit die aard van die saak verkies om die  
voordeligste werk te bekom.

Aangesien die Regering voel dat hy sy plig sal versuim as hy nie aandag aan die  
saak gee nie, het die Minister van Mannekrag in Augustus 1982 aan die NMK opdrag  
gegee om ondersoek in te stel na moontlike maatreëls om die diensvoorwaardes  
van plaaswerkers en huishoudelike werkers te reël (Staatskoerant, 7 Mei 1982).  
Reynders skets hierdie ondersoek soos volg:

"Ten einde uitvoering te gee aan die Minister se opdrag, het die NMK 'n sub-  
komitee saamgestel wat riglyne sal verskaf ten opsigte van die uitvoering van  
die ondersoek. Hierdie subkomitee bestaan uit verteenwoordigers van onder  
andere die Suid-Afrikaanse Landbou-unie, twee vroue-organisasies en 'n groot  
vakbondorganisasie. Daarbenewens is 'n landbou-ekoonoom aangewys om die NMK  
behelpsaam te wees met die ondersoek. Om ook ander organisasies en individue  
die geleentheid te gee om 'n inset te lewer, is in die Staatskoerant van  
7 Mei 1982 'n uitnodiging aan alle belanghebbende organisasies of persone ge-  
gerig om in verband met hierdie aangeleentheid vertoë of getuienis aan die  
NMK voor te lê. Hierdie uitnodiging is ook wyd gepubliseer. Daarbenewens  
is ongeveer 170 organisasies of individue genader om skriftelike getuienis  
voor te lê en benewens die Minister se opdrag, is 'n aanduiding van aspekte  
wat ondersoek gaan word, gegee. Hierdie organisasies is gevra om voor die  
einde van Augustus 1982 hul getuienis of vertoë aan die NMK voor te lê"  
(Reynders, 1982:5). Hy voeg verder by: "Die NMK gee intussen aandag aan  
verskeie aspekte wat betrekking het op die studie. Daar word gekyk na die  
rol van landbou in die Suid-Afrikaanse ekonomie, byvoorbeeld die landbousektor  
se rol as voedselverskaffer en verdieners van buitelandse valuta. Daarby kom  
ook nog dat die landbou nie alleen 'n belangrike werkverskaffer is nie maar  
ook 'n verskaffer is van arbeid aan die ander sektore van die ekonomie" (p. 6).

Uit die bostaande is dit duidelik dat die ondersoek van die NMK hoofsaaklik gerig  
is op beleidsbepaling wat kan uitloop op 'n wetgewingsraamwerk. Die breë ondersoek  
van die NMK kan uit die aard van die saak nie aandag skenk aan die besondere  
situasie van 'n bepaalde streek nie en die NMK-ondersoek moet dus as 'n makrostudie  
beskou word.



Die probleem van arbeidsvoorsiening en arbeidstabyliteit het egter belangrike mikrokomponente, wat nooit op nasionale grondslag ondersoek kan word nie, omdat die omvang daarvan alle grense van hanteerbaarheid oorskry.

Die probleem sal van gebied tot gebied, van gewas tot gewas en van boer tot boer verskil. Een van hierdie komponente sal byvoorbeeld wees die wyse waarop die individuele boer sy arbeid benader en bestuur sowel as die sosiale infrastruktuur wat vir sy werkers beskikbaar is of geskep word. Hierdie aspekte kan slegs op 'n mikrovlak ondersoek word. Om so 'n ondersoek binne hanteerbare perke te hou, kan slegs van eksemplaarstudies gebruik gemaak word.

Die Letaba-distrik is 'n voorbeeld van 'n distrik waar besonder intensiewe verbouingsmetodes, wat steeds arbeidsintensief is, gebruik word. Die distrik beslaan byvoorbeeld 0,4 % van die landbougrond van die RSA, maar gebruik 3 % van die arbeid in landbou betrokke (5 %-steekproef van die 1980-bevolkingsensus). Die distrik grens aan sowel Gazankulu as Lebowa en behoort teoreties uit 'n aanbodsoogpunt geen probleme met die voorsiening van arbeid en die daarstelling van 'n relatief stabiele arbeidsmag te ondervind nie. Tog is probleme in dié verband 'n redelik algemene klage wat onder die boeregemeenskap gehoor word.

In die RSA is die skepping van werkgeleenthede seker mannekragprobleem nommer een. Algemene en verdere meganisasie in enige bedryf dra ook geensins by tot die verligting van die probleem nie. 'n Mens sit dus met die teenstrydige probleem dat die arbeid daar is maar dat daar nogtans 'n onversadigde vraag bestaan (Smit en Booyen, 1981). Die vraag is wat so 'n situasie veroorsaak.

Die groeiende besef van wedersydse afhanklikheid by sowel die Gazankulu-regering as die georganiseerde landbou in die Letaba-distrik, het gelei tot die samestelling van 'n komitee, die Komitee vir Ontwikkelingsamewerking (KOS), om aandag aan aangeleenthede van gemeenskaplike belang te gee.

Die problematiek rondom plaasarbeid het die KOS laat besluit om die RGN te nader om 'n ondersoek te onderneem na die faktore wat 'n rol speel in arbeidsvoorsiening en arbeidstabyliteit in die Letaba-distrik. Omdat hierdie distrik soveel moontlikhede inhou vir 'n eksemplaarstudie van 'n meer algemene probleem, was die RGN bereid om die studie te onderneem.

## 1.2 METODE

### 1.2.1 Inleiding



Samesprekings met belanghebbende persone en instansies is vooraf gevoer en die beskikbare statistiek oor boerdery-aktiwiteit in en die bevolking van die ondersoekgebied is ingesamel. Hieruit blyk dat daar groot variasie bestaan ten opsigte van faktore wat die bevindinge van die navorsing kan beïnvloed. Onder hierdie faktore tel aspekte soos afstand vanaf die naaste arbeidsbron (nedersetting binne Swart gebied), grootte van boerdery-eenheid, tipe boerdery-aktiwiteit (byvoorbeeld sitrus, tamaties, ensovoorts) en seisoenfluktuasies in arbeidsbehoefte om maar enkeles te noem, gesien van die kant van die werkgewer. Van die kant van die werker gesien, speel faktore soos opleiding, beskikbaarheid van dienste soos vervoer en behuising en verskillende faktore in verband met die werk self, byvoorbeeld 'n rol. Om die ondersoek binne hanteerbare perke te hou, is die ondersoekgebied afgebaken soos in figuur 1.1 aangedui is. Vir dié doel is die middelpunt van die Letaba-distrik op die oos-wes- en noord-suidlyne bepaal (op die grens tussen die plase Thiergarten en Kwagga in die Gravelotte-area). 'n Sirkel is vervolgens om die gebied getrek, sodanig dat die belangrikste nedersettings van Gazankulu en Lebowa, sover dit arbeidsvoorsiening in die Letaba-distrik betref, ingesluit word.

Vier groepe persone wat 'n rol speel in arbeidsvoorsiening en -stabiliteit is geïdentifiseer, naamlik die Blanke boere in die omliggende gebied, die plaaswerkers, die inwoners van die nedersettings van Gazankulu en Lebowa en die werksoekers. Onderhoude met behulp van gestruktureerde vraelyste is met 'n steekproef van elk van die genoemde groepe gevoer. In die volgende paragraaf word die vraelyste en steekproewe kortliks bespreek.

### 1.2.2 Vraelyste

Toe die RGN versoek is om die navorsing te onderneem het die KOS reeds 'n vraelys aan boere in konsepvorm opgestel. Hierdie vraelys is gebruik as basis vir die opstel van die vraelys aan boere. Verbandhoudende literatuur is bestudeer en samesprekings is gevoer met belanghebbende persone en instansies, nie alleen ten opsigte van die Letaba-distrik nie, maar ten opsigte van landbou in die breër. Die vraelys is ook aan die KOS en die Buro vir Ekonomiese Navorsing insake Samewerking en Ontwikkeling (BENS0) voorgelê vir kommentaar, waarna dit in 'n vooronderzoek uitgetoets is. Wysiginge wat nodig geblyk het, is aangebring en die finale vraelys verskyn in bylae A.

FIGUUR 1.1  
 ONDERSOEKGEBIED



Die vraelyste wat vir al drie die steekproewe Swartes gebruik is, is so opgestel dat dit so ver moontlik inligting lewer oor dieselfde aspekte waaroor die vraelys aan boere inligting lewer, maar soos gesien van die kant van die werker. Aan boere is byvoorbeeld gevra of hulle op 'n daaglikse, weeklikse, twee-weeklikse of maandelikse basis hulle lone uitbetaal, terwyl in die vraelyste aan Swartes gevra is watter van die genoemde wyses hul verkies. Alhoewel drie afsonderlike vraelyste gebruik is vir plaaswerkers, inwoners van Gazankulu en Lebowa en werksoekers onderskeidelik, lewer die drie vraelyste oorwegend dieselfde inligting. Die drie vraelyste verskil in soverre dat die bewoording van die vrae aangepas is by die situasie van die respondent (werk op 'n plaas, soek werk, ensovoorts) en dat aan die einde van elk van die drie vraelyste 'n aantal vrae ingesluit is wat spesifiek gerig is op die bepaalde steekproef. In die vraelys aan plaaswerkers is byvoorbeeld vrae ingesluit oor die subdistrik waarin die plaas geleë is en die soort werk wat verrig word, wat nie op die ander groepe van toepassing is nie. So is in die vraelys vir werksoekers byvoorbeeld gevra hoe lank hulle werkloos is en inligting verkry oor werkloosheidversekering, wat nie van belang is vir die ander steekproewe nie.

Aan die einde van elk van die drie vraelyste is 'n aantal vrae aan die respondente gevra waarmee basiese inligting verkry is oor die werkpatroon van ander lede van die huishouding bo die ouderdom van 16 jaar. Die inligting is vir al drie groepe verkry ten opsigte van permanente woonplek. Al die vraelyste wat gebruik is, verskyn in bylae A.

### 1.2.3 Steekproewe

In hierdie paragraaf word aandag gegee aan die metode waarop die verskillende steekproewe getrek is.

#### (a) Steekproef van Blanke boere en boerdery-ondernemings

Inligting wat uit die 1976-landbousensus verkry is, toon dat daar meer as 20 soorte gewasse op redelike groot skaal in die Letaba-distrik verbou word, waarvan sitrus en subtropiese vrugte, mielies, katoen, tabak en groentegewasse (byvoorbeeld tamaties en aartappels) die belangrikste is. Aan die veeteeltkant is die situasie egter meer homogeen en is beesboerdery die enigste wat op redelike groot skaal bedryf word. Syfers oor die arbeidsbehoefte toon groot wisseling volgens soort aktiwiteit en vir gelyke oppervlakte aartappels en mielies vereis eersgenoemde byvoorbeeld



meer as tienmaal die arbeid wat laasgenoemde vereis oor die verloop van n seisoen. Seisoenfluktuasies het verder tot gevolg dat volgens genoemde bron die gemiddelde getal loswerkers bykans net soveel tel as die gereelde werkers (16 390 teenoor 19 740). Die verhouding van loswerkers tot gereelde werkers hang saam met die tipe boerdery. Dit is hieruit duidelik dat die tipe boerdery-aktiwiteit by die trek van n steekproef in gedagte gehou moet word.

Nadat die gebied verken is en samesprekings gevoer is met verskillende belanghebbende persone en instansies is besluit om die distrik te verdeel in tien subdistrikte en n ewekansige steekproef binne elke subdistrik te trek. Sodoende is verseker dat die steekproef verteenwoordigend sal wees van al die tipes boerderye, aangesien die tipe boerdery in n redelike mate saamhang met die geografiese ligging van die plaas binne die distrik. Die grense van hierdie subdistrikte is vervolgens aangebring op n kaart (1 : 250 000) waarop die geregistreeerde plaasname verskyn. Die kaart is van die staatsdrukker verkry en n verkleinde afbeelding wat die subdistrikte toon, verskyn in figuur 1.2 .

Tydens die insameling van inligting van die universum van boere en boerdery-ondernemings het dit duidelik geword dat inligting uit n verskeidenheid van bronne saamgestel sou moes word voordat n steekproef getrek kon word. As vertrekpunt is die ledelyste van die verskillende boereverenigings van die Letaba-distrikslandbou-unie gebruik. Die sekretarisse van elk van die tien boereverenigings is versoek om die ledelyste aan te vul met besonderhede van boere in die gebied, wat nie lede van die boerevereniging is nie. Uit die ledelys van die Letaba-koöperasie en uit die Noord-Transvaalse telefoongids is n verdere groep name bygevoeg. Vir 272 boere en boerdery-ondernemings kon die ligging van die boer of bestuurder se woonplaas geïdentifiseer word. Vir n verdere 62 boere het die plaasnaam wat verkry is nie op die kaart verskyn nie of kon die plaasnaam nie verkry word nie.

Die 1976-landbousensus toon dat bykans n kwart van die oppervlakte van die totale distrik in besit van maatskappye is. Nadere ondersoek het getoon dat daar slegs n beperkte aantal groot maatskappy-boerderye is, wat met produkte boer wat arbeidsintensief is. Die grootte van hierdie maatskappye as werkgewers in verhouding met die grootte van die gemiddelde privaatboer

FIGUUR 1.2  
 LETABADISTRIK VOLGENS SUBDISTRIK (A—J) SOOS GEBRUIK VIR  
 STEEKPROEFTREKING



en die eiesoortigheid van elk, het genoodsaak dat almal in die steekproef ingesluit is. Die norm is gestel op n geraamde arbeidsmag van 500 of meer Swart werkers en agt werkgewers is hiervolgens ingesluit. Uit die oorblywende groep, dit wil sê werkgewers wat na verwagting minder as 500 Swart werkers sal hê, is n 50 %-steekproef op n ewekansige wyse getrek. Van die 264 (272-8) boere oor wie volledige inligting beskikbaar is, is gevolglik 132 getrek. Die helfte van die groep van 62, van wie die plase nie geïdentifiseer kon word nie, is ook ewekansig getrek en n verdere 31 boere is hierdeur ingesluit. Aangesien daar in laasgenoemde geval nie volgens die tien subdistrikte gestratifiseer kon word nie, is die poskantoor (Mooketsi, Tzaneen, ensovoorts) soos blyk uit die telefoon- of posbusnommer, as stratifikasiefaktor gebruik.

Laastens is die geregistreeerde plase geïdentifiseer waarvoor geen inligting bekom kon word nie en die helfte in elk van die tien subdistrikte ewekansig getrek (altesaam 94 van die 188).

TABEL 1.1

STEEKPROEF VAN BLANKE BOERE EN BOERDERY-ONDERNEMINGS VOLGENS SUBDISTRIK

(a) Volledige inligting verkry (Stratum 1)

Subdistrik	Universum		Steekproef	
	N	%	N	%
A	21	4,0	11	4,2
B	51	9,8	25	9,4
C	41	7,9	22	8,3
D	33	6,3	17	6,4
E	19	3,6	10	3,8
F	28	5,4	14	5,3
G	20	3,8	11	4,2
H	12	2,3	6	2,3
I	22	4,2	11	4,2
J	25	4,8	13	4,9
Subtotaal	272	52,1	140	53,0

(b) Posbus-/telefoonnommer bekend (Stratum 2)

Poskantoor	Universum		Steekproef	
	N	%	N	%
Mooketsi	6	1,1	3	1,1
Tzaneen	44	8,4	22	8,3
Letsitele	6	1,1	3	1,1
Laparisa	2	0,4	1	0,4
Trichardtsdal	4	0,8	2	0,8
Subtotaal	62	11,8	31	11,7

TABEL 1.1 (VERVOLG)

(c) Geregistreeerde plase — geen inligting verkry (Stratum 3)

Subdistrik	Universum		Steekproef	
	N	%	N	%
A	20	3,8	10	3,8
B	35	6,7	18	6,8
C	16	3,1	8	3,0
D	10	1,9	5	1,9
E	12	2,3	6	2,3
F	7	1,4	3	1,1
G	17	3,3	8	3,0
H	28	5,4	14	5,3
I	23	4,4	12	4,5
J	20	3,8	10	3,8
Subtotaal	188	36,1	94	35,5
T O T A A L	522	100	265	100

Die totale steekproef kom dus te staan op 265 boere of boerdery-eenhede. Tabel 1.1 toon hoe die steekproef versprei is.

(b) Steekproef van Swart plaaswerkers

Volgens die 1976-landbousensus was daar in genoemde jaar 36 130 plaaswerkers in die Letaba-distrik werksaam, waarvan 19 740 (54,6 %) permanente werkers en 16 390 (45,4 %) los- of seisoenwerkers was. Volgens die 1980-bevolkingsensus kom die getal werkers wat op die plaas slaap op 18 480 te staan. As in aanmerking geneem word dat die meeste van die loswerkers en 'n gedeelte van die permanente werkers uit die omliggende dele van Gazankulu en Lebowa pendel, word geraam dat daar tydens die opname tussen 35 000 en 40 000 plaaswerkers in die Letaba-distrik was. 'n Steekproef van 500 plaaswerkers is vir doeleindes van die navorsing betrek. As gevolg van finansiële oorwegings en die kort tyd waarbinne die navorsing afgehandel moes word, was dit nie moontlik om 'n groter steekproef te trek nie. Die voorondersoek het egter getoon dat daar 'n aantal redelik algemene tendense is en dat 'n steekproef van 500 goeie resultate behoort te lewer. Aspekte in verband met die pendelsituasie, verblyffasiliteite op die plaas en tipe werk, blyk van die belangrikste faktore te wees wat variasie veroorsaak en is gevolglik by steekproeftrekking in aanmerking geneem. Om moontlike variasie wat deur genoemde faktore veroorsaak word, te ondervang, is besluit om volgens geografiese ligging te stratifiseer, aangesien ligging van die



plaas enersyds saamhang met tipe boerdery en dus tipe werk weerspieël en andersyds ook die pendel- en/of verblyfsituasie sal beïnvloed. Gevolglik is besluit om te stratifiseer volgens die tien subdistrikte wat in figuur 1.2 aangedui is.

Gebrekkige inligting omtrent die universum van boere het in die praktyk genoodsaak dat die steekproef beperk is tot werkers in diens van boere wat by die steekproef van Blanke boere betrek is. Soos gedoen is in die geval van die steekproef van Blanke boere, is alle boere met 500 en meer werkers betrek vir doeleindes van die trek van die steekproef van plaaswerkers, terwyl werkers by 'n steekproef van 22 boere met minder as 500 werkers betrek is. Hierdie 22 boere is ewekansig getrek binne elk van die tien subdistrikte.

Aangesien die insameling van inligting by plaaswerkers plaasgevind het nadat die veldwerk by boere afgehandel is, was inligting beskikbaar omtrent die arbeidsmag van die boere wat by die ondersoek betrek is. 'n Geweegde steekproef kon gevolglik baie noukeurig getrek word. By die trek van die steekproef is toegesien dat die verhouding van die getal werkers wat betrek is volgens die tien subdistrikte in figuur 1.2 in lyn was met die totale indiensneming by die boere wat betrek is by die steekproef van boere. Hiervolgens is bereken hoeveel werkers van elke soort by elk van die 30 boere betrek moet word. In hierdie berekening is die verhouding van die indiensneming van boere met meer as 500 werkers tot dié van boere met minder as 500 werkers in aanmerking geneem, sowel as die feit dat almal in die eersgenoemde en helfte van die boere in die laasgenoemde kategorie betrek is by die steekproef van boere. In die praktyk het dit daarop neergekom dat 2,5 % van die werkers van die ondernemings met meer as 500 werkers en 8,0 % van die werkers van kleiner boere betrek is. Die getal werkers wat ingesluit is by elk van die 30 boere wat vir die doel getrek is, is ewekansig getrek volgens soort werk uit die werkers wat tydens die veldwerk beskikbaar was.

(c) Steekproef van inwoners van Gazankulu en Lebowa

Die beste beskikbare inligting omtrent die geografiese verspreiding van die bevolking van Gazankulu en Lebowa is onderskeidelik verkry van die Instituut vir Ontwikkelingstudies van die Randse Afrikaanse Universiteit

en die Buro vir Ekonomiese en Politieke Analise van die Universiteit van Pretoria. Vir Gazankulu is die inligting verkry vir alle nedersettings terwyl vir Lebowa slegs inligting verkry is ten opsigte van nedersettings met 'n bevolking van 2 000 en meer. Die inligting vir al twee die nasionale state is gedurende 1980 ingesamel. Kaarte wat die geografiese ligging van elke nedersetting toon, is ook van die genoemde instansies verkry en hierdie inligting is gebruik om te bepaal watter nedersettings binne die ondersoekgebied geleë is. Om praktiese redes is besluit om alle nedersettings van 'n bepaalde kapteinsgebied in- of uit te sluit. Wanneer meer as 50 % van die bevolking binne die ondersoekgebied woon, is die nedersettings wat buite die gebied geleë is ook ingesluit. Indien meer as 50 % van die bevolking van 'n kapteinsgebied buite die gebied woon, is nedersettings wat binne die gebied geleë is, uitgesluit. Die nedersettings wat ingesluit is, word in figuur 1.3 aangedui. Uit die nedersettings wat in figuur 1.3 aangedui is, is 'n steekproef van 150 inwoners van elk van Gazankulu en Lebowa ingesluit. Die getal inwoners wat in elke nedersetting ingesluit is, is bereken sodat alle nedersettings in dieselfde mate verteenwoordig is. Binne elke nedersetting is op 'n ewekansige wyse te werk gegaan om die benodigde aantal respondente te trek.


Slegs persone van 16- tot 65-jarige leeftyd, wat voorheen gewerk het of belangstel om te werk, is in die steekproef ingesluit. Tabel 1.2 toon inligting omtrent die bevolking en steekproef vir die nedersettings wat ingesluit is.







(d) Steekproef van Swart werksoekers

Drie arbeidburo's binne Gazankulu (Giyani, Nkowakowa en Lillekani) val binne die ondersoekgebied terwyl drie arbeidburo's van Lebowa (Lenyenye, Ga-Kgapane en Namakgale) binne die gebied geleë is. 'n Steekproef is by elk van hierdie arbeidburo's getrek, sodanig dat die getal wat by elke arbeidburo betrek is, in verhouding is met die relatiewe getal indiensplasing van die verskillende arbeidburo's tot mekaar. Daar is besluit om 200 werksoekers by die arbeidburo's in elk van Gazankulu en Lebowa te betrek.

Die respondente wat ingesluit is by al drie die steekproewe wat in paragraaf 1.2.3 (b) tot (d) hierbo bespreek is, is gebruik as informante om inligting te bekom oor die werkpatroon van gesinslede van 16 jaar en ouer.

FIGUUR 1.3  
**NEDERSETTINGS<sup>1)</sup> WAARUIT DIE STEEKPROEF VAN INWONERS  
 VAN LEBOWA EN GAZANKULU GETREK IS**



-  LETABA-DISTRIK
-  GAZANKULU
-  LEBOWA
-  ANDER BLANKE GEBIED
-  GRONDGEBIED IN KONSOLIDASIE BY GAZANKULU
-  GRONDGEBIED IN KONSOLIDASIE BY LEBOWA

<sup>1)</sup>Kyk tabel 1.2 vir name van nedersettings

TABEL 1.2

BEVOLKING VAN GAZANKULU<sup>1)</sup> EN LEBOWA<sup>2)</sup> IN DIE ONDERSOEKGEBIED VOLGENS NEDERSETTING<sup>3)</sup> EN GETAL WAT IN DIE STEEKPROEF INGESLUIT IS

## (a) Gazankulu

Distrik	Nedersetting		Bevolking		StEEKPROEF	
	Nr.	N a a m	N	%	N	%
Ritavi 1	G1	Radoo	2 473	2,4	4	2,4
	G2	Xihoko	2 494	2,4	3	2,3
	G3	Meadowbank	2 080	2,0	3	2,0
	G4	Nkambako	2 054	2,0	3	2,0
	G5	Namitwa Hoofkraal	4 723	4,5	7	4,5
	G6	Ka-Mandlakazi	2 649	2,5	4	2,5
		Subtotaal	16 473	15,8	24	15,7
Ritavi 2	G7	Mariveni	1 865	1,8	2	1,8
	G8	Nkowakowa	6 720	6,4	10	6,4
	G9	Dar	10 343	9,9	15	10,0
	G10	Risenga	3 420	3,3	5	3,3
	G11	Muhlaba Hoofkraal	1 861	1,8	3	1,7
	G12	Khujwana	3 941	3,8	6	3,8
	G13	Muhlaba Cross	2 737	2,6	4	2,6
	G14	Sedan	2 840	2,7	4	2,7
	G15	Bonn	2 485	2,4	4	2,4
	G16	Gavaza	2 189	2,1	3	2,1
	G17	Burgersdorp	3 828	3,7	5	3,7
	G18	Rhulani	2 649	2,5	4	2,5
		Subtotaal	44 878	42,9	64	43,0
Giyani	G19	Mapayeni	2 321	2,2	3	2,2
	G20	Siyandani	2 034	1,9	3	1,9
	G21	Giyani	4 494	4,3	6	4,3
	G22	Ngove	2 676	2,6	4	2,6
	G23	Nkomo	2 160	2,1	3	2,1
	G24	Shawela	1 870	1,8	3	1,8
	G25	Mbaula	1 990	1,9	3	1,9
	G26	Makhuva	2 443	2,3	3	2,3
	G27	Dzumeri	2 496	2,4	4	2,3
	G28	Zava	2 307	2,2	3	2,2
	G29	Hlaneki II	1 859	1,8	3	1,8
	G30	Hlaneki I	2 601	2,5	4	2,5
	G31	Blinkwater	2 706	2,6	4	2,6
	G32	Rotterdam	6 301	6,0	9	6,0
	G33	Olifantshoek	5 065	4,8	7	4,7
		Subtotaal	43 325	41,4	62	41,3
		T O T A A L	104 676	100	150	100

## (b) Lebowa

Bolobedu	L1	Modjadji	28 332	27,9	42	27,9
	L2	Senobela	15 559	15,3	23	15,4
	L3	Bellevue	4 033	4,0	6	4,0
		Subtotaal	47 924	47,3	71	47,3
Sekgosese	L4	Hartebeesfontein	6 137	6,1	9	6,1
	L5	Middelwater	5 944	5,9	9	5,9
	L6	Lemondokop	2 042	2,0	3	2,0
		Subtotaal	14 123	13,9	21	14,0
Naphuno 1	L7	Lenyenye	4 960	4,9	7	4,9
		Subtotaal	4 960	4,9	7	4,9
Naphuno 2	L8	Sekororo	6 965	6,9	10	6,9
	L9	Lekane	2 467	2,4	4	2,4
	L10	Makgaung	2 049	2,0	3	2,0
	L11	Bismark	2 884	2,8	4	2,8
		Subtotaal	14 365	14,2	21	14,1
Namakgale	L12	Namakgale	20 020	19,7	30	19,7
		Subtotaal	20 020	19,7	30	19,7
		T O T A A L	101 392	100	150	100

1) Bron: Ongepubliseerde inligting verkry van die Instituut vir Ontwikkelingstudies (RAU)

2) Bron: Ongepubliseerde inligting verkry van BEPA (UP)

3) Raadpleeg figuur 1.3 vir geografiese ligging van nedersettings

#### 1.2.4 Veldwerk

Al die inligting is ingesamel deur gebruikmaking van gestruktureerde onderhoude, wat gevoer is in die huistaal van die respondent. Vir die doel is die vraelys aan boere ook in Engels vertaal en die vraelyste wat gebruik is by die steekproewe van Swartes in Tsonga en Noord-Sotho. Die veldwerkers is vooraf van 'n handleiding met volledige instruksies voorsien en opgelei om te verseker dat al die inligting vergelykbaar is. Deeglike kontrole is oor die volle verloop van die veldwerk uitgevoer.

Positiewe samewerking is met enkele uitsondering verkry. Wat die boere betref, het slegs een weiering en wel om praktiese redes voorgekom, terwyl 'n aantal Swart respondente 'n mate van agterdog te kenne gegee het. Omdat die response van laasgenoemde persone moontlik subjektief kan wees, is die inligting nie in die ontledings gebruik nie.

Verskeie praktiese probleme het egter die veldwerk bemoeilik. Heelwat boere was byvoorbeeld vroegoggend en laatmiddag beskikbaar vir 'n onderhoud en het verkies om nie gedurende die dag in hul werkprogram onderbreek te word nie. Onvoorsiene probleme op die plaas het verder tot gevolg gehad dat heelparty afsprake nie nagekom kon word nie en dat 'n tweede afspraak gemaak moes word. Hierdie aspek, tesame met gebrekkige paaanwysings het veroorsaak dat daar aansienlik meer gereis is as waarvoor beplan is. By beplanning van die veldwerk vir al vier steekproewe moes verder deeglik rekening gehou word met die beperkte akkommodasiemoontlikhede in die gebied en sommige veldwerkers moes as gevolg hiervan dikwels ver buite hul werkgebied oornag.

Wat die steekproewe van Swartes betref moes noodgedwonge in veelvoude van nege gewerk word, aangesien nege veldwerkers met een voertuig vervoer is. Die groot afstande tussen opnamepunte het verder tot gevolg gehad dat al nege veldwerkers by dieselfde plaas, arbeidsburo of nedersetting gebruik moes word. Soos verwag kan word het verder geblyk dat sommige veldwerkers probleme ondervind het wanneer daar oorgeskakel word vanaf die toepassing van die vraelys vir een steekproef na dié vir 'n ander steekproef. Dit het tot gevolg gehad dat die veldwerk vir die drie steekproewe van Swartes afsonderlik afgehandel moes word en dat dikwels by 'n opnamepunt in een van die steekproewe verby gereis moes word om 'n opnamepunt in 'n ander steekproef te bereik.

Goedkeuring om die onderhoude op Blanke plase te voer, moes telkens verkry word en was tydrowend. Baie boere wou tereg byvoorbeeld eers die vraelys deurgaans alvorens toestemming verleen is om die onderhoude te voer. Werkers was dikwels ook versprei op die plaas en sommige selfs werksaam op ander plase.

### 1.3 REALISASIE VAN DIE STEEKPROEWE

In hierdie paragraaf word aandag gegee aan die mate waarin die gerealiseerde steekproewe ooreenstem met die steekproewe soos getrek is en in paragraaf 1.2.3 beskryf is.

#### 1.3.1 Steekproef van Blanke boere

Die getal boere wat in die steekproef ingesluit is, word in tabel 1.3 gegee volgens subdistrik. Die subdistrik Gazankulu/Lebowa verteenwoordig aktiwiteite van die Gazankulu- en Lebowa-landboumaatskappye en Gazankulu Departement van Landbou. Vergelyking van hierdie inligting met die inligting van tabel 1.1 toon om die volgende redes sekere afwykings:

- (a) Persone wat naby kleiner dorpe woon soos Letsitelé, Gravelotte en Trichardsdal is geneig om eerder 'n posbus in Tzaneen te huur as in die betrokke dorp. Volgens tabel 1.1 (stratum 2) kom dit voor of die oorgrote meerderheid boere in die stratum naby Tzaneen woon, wat nie deurgaans die geval is nie.
- (b) Heelwat van die geregistreerde plase waarvoor nie vooraf inligting bekom kon word nie (stratum 3) behoort aan van die boere wat ingesluit is in stratum 1.
- (c) In sekere gebiede, veral in die Trichardsdal-omgewing (subdistrik J), het gedurende die afgelope jare aansienlike wisseling van boere plaasgevind. Heelwat van die groter eenhede is verder onderverdeel in 'n aantal kleiner eenhede. Tydens die veldwerk het geblyk dat daar in die Trichardsdal-gebied, wat net 'n gedeelte van subdistrik J uitmaak, nagenoeg 70 boere bedrywig is terwyl die jongste beskikbare kaart slegs 45 plase aandui.
- (d) Omdat die steekproef uit drie strata getrek is, wat nie noodwendig die een die ander uitsluit nie, het heelparty duplikate in die steekproef voorgekom. Hierdie duplikate is gedurende die veldwerk uitgeskakel en was die belangrikste rede hoekom net 192 van die getrekte 265 boere in die finale steekproef gerealiseer het.

TABEL 1.3

REALISASIE VAN STEEKPROEF VAN BLANKE BOERE EN BOERDERY-ONDERNEMINGS  
VOLGENS SUBDISTRIK<sup>1)</sup>

Subdistrik	Steekproef	
	N	%
A	16	8,3
B	32	16,7
C	27	14,1
D	18	9,4
E	16	8,3
F	18	9,4
G	5	2,6
H	5	2,6
I	9	4,7
J	42	21,9
Gazankulu/Lebowa	4	2,1
T O T A A L	192	100

<sup>1)</sup>Kyk figuur 1.2 vir ligging van subdistrikte

Vanweë gebrekkige inligting omtrent die universum van boere, soos blyk uit die voorafgaande inligting, is dit nie moontlik om te bepaal of die steekproef voldoen aan die vereistes van 'n verteenwoordigende steekproef nie. Vergelyking van sekere inligting met dié van die jongste landbousensus toon egter dat produseerders van alle gewasse wat in die distrik verbou word in die steekproef verteenwoordig is en dat die produseerders van die belangrikste gewasse ook in die steekproef in groter mate verteenwoordig is as die wat minder belangrike gewasse verbou. Die totale indiensneming van Swart werkers by die steekproef van boere verteenwoordig ongeveer 54 % van die geraamde arbeidsmag van die distrik. As in aanmerking geneem word dat die mikpunt 'n 50 %-steekproef was, waarby die paar groot boere en boerdery-ondernemings almal ingesluit is, is baie na aan hierdie doelwit gekom. Die steekproef word gevolglik aanvaar as verteenwoordigend van alle boere in die distrik.

### 1.3.2 Steekproef van Swart plaaswerkers

Tabel 1.4 toon die getal plaaswerkers wat ingesluit is volgens subdistrik. Die afwykings in die struktuur is daaraan te wyte dat daar met spanne van nege veldwerkers gewerk is. Die steekproef is egter aansienlik groter as 500, soos aanvanklik beplan is en die afwykings in die struktuur is binne aanvaarbare perke. Die steekproef word aanvaar as 'n verteenwoordigende steekproef van plaaswerkers in die distrik.

TABEL 1.4

## REALISASIE VAN DIE STEEKPROEF VAN PLAASWERKERS VOLGENS SUBDISTRIK

Subdistrik	Totale arbeidsmag		Steekproef	
	N	%	N	%
A	3 464	18,1	129	21,8
B	3 689	19,3	82	13,9
C	2 757	14,4	81	13,7
D	996	5,2	25	4,2
E	1 608	8,4	35	5,9
F	1 733	9,1	53	9,0
G	208	1,1	6	1,0
H	61	0,3		
I	147	0,8		
J	2 613	13,7	93	15,7
Gazankulu/Lebowa	1 816	9,5	88	14,9
T O T A A L	19 092	100	592	100

Subdistrik onbekend

3

1.3.3 Steekproef van inwoners van Gazankulu/Lebowa

Tabel 1.5 toon die realisasie van die steekproef volgens nedersetting waarin woonagtig. Soos genoem in paragraaf 1.2.4, is die inligting ingesamel met spanne van nege veldwerkers en om die tyd van hierdie persone so effektief moontlik te benut is noodwendig in elke nedersetting nege of 'n veelvoud van nege onderhoude gevoer. Die getal respondente wat in elke nedersetting ingesluit is, is dieselfde of meer as die aantal wat getrek is en gevolglik is die gerealiseerde steekproef groter as die getrekte steekproef. Die projekteleiers was deurentyd gedurende die veldwerk beskikbaar en elke vraelys is gekontroleer direk nadat die onderhoud afgehandel is. Aantekeninge is gemaak van die response wat van nedersetting tot nedersetting verskil. Die verskille was egter nie van so 'n aard dat dit die resultate sal beïnvloed nie. Alhoewel daar byvoorbeeld wisseling was in werkvoorkeure en afkere was die grondliggende oorsake dieselfde. Die steekproef kan dus aanvaar word as verteenwoordigend.

1.3.4 Steekproef van werksoekers

Aangesien geen inligting gevind kon word waarteen die mate van verteenwoordigheid van hierdie steekproef geëvalueer kan word nie, word nie aandag aan dié aspek gegee nie. Daar word beseft dat hierdie steekproef moontlik as gevolg van vervoer-fasiliteite van Maandag tot Vrydag kan verskil. Dit kan moontlik ook verskil na gelang van watter tyd van die maand of jaar dit getrek word. Dit was egter nie prakties moontlik om die kwota te



TABEL 1.5

REALISASIE VAN STEEKPROEF VAN INWONERS VOLGENS NEDERSETTING<sup>1)</sup>

## (a) Gazankulu

Distrik	Nedersetting		Getrek		Gerealiseer	
	Nr.	Naam	N	%	N	%
Ritavi 1	G1	Radoo	4	2,4	7	2,5
	G2	Xihoko	3	2,3	12	4,3
	G3	Meadowbank	3	2,0	9	3,2
	G4	Nkambako	3	2,0	9	3,2
	G5	Namitwa Hoofkraal	7	4,5	6	2,8
	G6	Ka-Mandlakazi	4	2,5	10	3,6
		Subtotaal	24	15,7	55	19,6
Ritavi 2	G7	Mariveni	2	1,8	2	0,7
	G8	Nkowakowa	10	6,4	14	5,0
	G9	Dan	15	9,9	17	6,1
	G10	Risenga	5	3,3	5	1,8
	G11	Muhlaba Hoofkraal	3	1,7	3	1,1
	G12	Khujwana	6	3,8	5	1,8
	G13	Muhlaba Cross	4	2,6	4	1,4
	G14	Sedan	4	2,7	7	2,5
	G15	Bonn	4	2,4	9	3,2
	G16	Gavaza	3	2,1	8	2,9
	G17	Burgersdorp	5	3,7	8	2,9
	G18	Rhulani	4	2,5	9	3,2
	Subtotaal	64	43,0	91	32,6	
Giyani	G19	Mapayeni	3	2,2	5	1,8
	G20	Siyandani	3	1,9	9	3,2
	G21	Giyani	6	4,3	13	4,6
	G22	Ngove	4	2,6	9	3,2
	G23	Nkomo	3	2,1	10	3,6
	G24	Shawela	3	1,8	10	3,6
	G25	Mbaula	3	1,9	8	2,9
	G26	Makhuva	3	2,3	9	3,2
	G27	Dzumeri	4	2,3	9	3,2
	G28	Zava	3	2,2	9	3,2
	G29	Hlaneki II	3	1,8	9	3,2
	G30	Hlaneki I	4	2,5	9	3,2
	G31	Blinkwater	4	2,6	6	2,1
	G32	Rotterdam	9	6,0	10	3,6
	G33	Olifantshoek	7	4,7	9	3,2
	Subtotaal	62	41,3	134	47,8	
	T O T A A L	150	100	280	100	

## (b) Lebowa

Bolobedu	L1	Modjadji	42	27,9	43	24,5
	L2	Senobela	23	15,4	26	14,8
	L3	Bellevue	6	4,0	7	4,0
		Subtotaal	71	47,3	76	43,3
Sekgosese	L4	Hartebeesfontein	9	6,1	12	7,1
	L5	Middelwater	9	5,9	7	4,0
	L6	Lemondokop	3	2,0	8	4,6
		Subtotaal	21	14,0	27	15,7
Naphuno 1	L7	Lenyenyene	7	4,9	8	4,6
		Subtotaal	7	4,9	8	4,6
Naphuno 2	L8	Sekororo	10	6,9	15	8,5
	L9	Lekane	4	2,4	5	2,8
	L10	Makgaung	3	2,0	7	4,0
	L11	Bismark	4	2,8	9	5,1
		Subtotaal	21	14,1	36	20,4
Namakgale	L12	Namakgale	30	19,7	28	16,0
		Subtotaal	30	19,7	28	16,0
		T O T A A L	150	100	175	100

<sup>1)</sup> Kyk figuur 1.3 vir geografiese ligging van die nedersettings.

versprei sodat by 'n bepaalde arbeidsburo die hele spektrum gedek word nie. Hierdie moontlike leemtes sal egter by interpretasie van die inligting wat van dié steekproef verkry is, in aanmerking geneem word.

#### 1.4 BEGRIPSOMSKRYWING

Gerieflikheidshalwe word in die teks soos volg verwys na die verskillende steekproewe:

- (a) Steekproef van Blanke boere en boerdery-ondernemings
  - Daar word slegs verwys na Blanke boere.
- (b) Steekproef van Swart plaaswerkers
  - In die teks word slegs verwys na plaaswerkers.
- (c) Steekproef van Swart werksoekers
  - Die groep word werksoekers genoem.
- (d) Steekproef van inwoners van Gazankulu en Lebowa
  - Daar word verwys na inwoners.
- (e) Totale steekproef van Swart plaaswerkers, werksoekers en inwoners gesamentlik
  - In die ontledings wat gedoen is vir die drie groepe gesamentlik word verwys na die ondersoekgroep.

#### 1.5 OPSET VAN VERSLAG

Die verskillende ondersoekgroepe word in hoofstuk 2 beskryf terwyl die werksituasie van Swart plaaswerkers in hoofstuk 3 behandel word. Die belangrikste faktore wat 'n rol speel in arbeidsvoorsiening en -stabiliteit word in hoofstuk 4 bespreek. 'n Samevatting van die bevindinge is onder dieselfde titel, maar onder aparte omslag gedruk.

Die totale in meeste van die tabelle is effens minder as die totale getal persone in die betrokke steekproef as gevolg van vrae wat nie beantwoord is nie. Die omvang hiervan is egter klein.

## HOOFSTUK 2

### BESKRYWING VAN DIE ONDERSOEKGROEPE

#### 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word verskillende aspekte beskryf wat verband hou met die arbeidsopset in die ondersoekgebied. Inligting van al die steekproewe sowel as ander relevante inligting word gebruik. Die doel met hierdie hoofstuk is om die nodige agtergrond daar te stel waarteen die bevindinge in die res van die verslag geëvalueer kan word. Wat die steekproef van Blanke boere betref, word aandag gegee aan verskillende biografiese aspekte en aspekte in verband met die boerdery, byvoorbeeld soort boerdery, grootte van eenhede, indiensneming en eienaarskap. Die verskillende steekproewe van Swartes word gebruik om 'n aanduiding te gee van die werkpatroon, enkele biografiese eienskappe en aspekte in verband met opleiding van die ter saaklike groep.

#### 2.2 WERKPATROON VAN DIE SWART BEVOLKING

Volgens die 5 %-steekproef van die 1980-bevolkingsensus is 17,5 % van alle ekonomies bedrywige Swartes in die RSA in die landbou betrokke. Hierdie persentasie vir die ander bevolkingsgroepe is aansienlik laer. Die landbousektor is dus nie alleen 'n groot werkverskaffer vir Swart werkers nie, maar ook 'n belangriker werkgewer as vir die ander bevolkingsgroepe. Alhoewel die totale oppervlakte van die plase in die Letaba-distrik slegs 0,4 % van die landbougrond in die RSA verteenwoordig, is ongeveer 3 % van die totale getal Swartes wat by landbou betrokke is in die Letaba-distrik werksaam. Landbouaktiwiteite in dié distrik is dus arbeidsintensiewer as wat oor die algemeen die geval is. Uit 'n mannekragoogpunt is hierdie distrik dus van besondere belang vir navorsing oor landbou-arbeid.

In hierdie paragraaf word kortliks aandag gegee aan 'n aantal aspekte in verband met die werkpatroon van die Swart bevolking van die ondersoekgebied. Die inligting wat respondente verstrek het oor gesinslede word vir die doel gebruik. Die doel is om 'n aanduiding te verkry van verskille wat byvoorbeeld ouderdom en geslag betref tussen plaaswerkers en werkers in stede en dorpe. Omdat die gesamentlike invloed van al die veranderlikes wat bespreek word aandag kry aan

die einde van die paragraaf, is die tabelle wat die inligting vir elke afsonderlike veranderlike toon nie in die teks opgeneem nie. Die volledige tabellasies verskyn in die bylae. Wanneer na 'n spesifieke tabel verwys word, word die nommer van die tabel in hakies verstrekk.

Die inligting toon dat ten tyde van die ondersoek 19,1 % van die bevolking van 16 jaar en ouer werkloos was (tabel 1). Hierdie syfer is aansienlik hoër as die totale werkloosheidsyfer vir Swartes in 1980 (12,4 %), soos weerspieël word deur die 1980-bevolkingsensus. Die droogte, tesame met die laagtepunt in die vraag na seisoenarbeid gedurende Februarie en Maart, toe die inligting ingesamel is, het waarskynlik tot gevolg dat groter werkloosheid voorgekom het as wat andersins die geval sou wees. Bykans driekwart van die werkloos was dan ook minder as ses maande werkloos (tabel 10). Dit is verder opvallend dat meer persone met skoolopleiding werkloos is as wat die geval is vir onopgeleide persone (tabel 5). Dit is waarskynlik die gevolg van die ekonomiese insinking wat die RSA sedert die derde kwartaal van 1981 ervaar. Hierdie afleiding word ondersteun deur die feit dat werkloosheid hoër is by mans as vroue en dat mans meer geneig is as vroue om in ander sektore as die landbou te werk (tabel 2). Vroue is egter gemiddeld langer werkloos as mans (tabel 8) terwyl persone jonger as 35 jaar in 'n meerdere mate as ouer persone deur werkloosheid geraak word (tabel 4). Bykans 60 % van die werkloos wend hulle tot arbeidsburo's in hul soeke na werk terwyl die res self werk soek (tabel 13). Daar is min verskil tussen die werkloosheidsituasie in Gazankulu en Lebowa (tabel 1).

Meer as die helfte van die werkende bevolking en relatief meer van die vroue as mans werk in die landbou (tabel 5). Ouer persone is verder meer geneig om in die landbou te werk as jonger persone (tabel 7).

Ongeveer twee derdes van die werkendes is in Blanke gebied werksaam (tabel 5). Mans kom minder as vroue huis toe, waarskynlik omdat hulle verder van hul woning werk as vroue. Werkers wat gedurende die week by hul werkplek slaap, maak ongeveer twee derdes van die groep uit (tabel 8).

Die inligting wat in hierdie paragraaf bespreek is, toon dat daar variasie bestaan in 'n hele reeks veranderlikes in verband met die werkpatroon van die bevolking. Die vraag ontstaan in welke mate hierdie verskille gebruik kan word om 'n beeld te kry van verskille tussen plaaswerkers en werkers in stede en dorpe. 'n Meer-voudige ontleding met behulp van die rekenaarprogram CHAID is gedoen om 'n aan-

duiding te kry in die verband. Die rol wat die volgende veranderlikes (voorspellers) speel in werkplek (plaas/dorp of stad) is nagegaan:

1. Ouderdom (in vyf-jaarintervalle)
2. Geslag
3. Status in huishouding
4. Vlak van opleiding
5. Aantal kere per maand wat werker huis toe kom.
- 6 Etniese groep (Shangaan-Tsonga, Noord-Sotho en ander).


Die CHAID-program gaan deur 'n hele aantal stappe, wat soos volg opgesom kan word:

- (a) Die kategorieë van elke voorspeller word nagegaan en sodanig gehergroepeer dat elke nuutgevormde kategorie min of meer homogeen is ten opsigte van die waardes van die afhanklike veranderlike, in die geval werkplek (plaas/stad of dorp), terwyl die nuutgevormde kategorieë wel betekenisvol verskil van mekaar. In die praktyk kom dit daarop neer dat wat ouderdom byvoorbeeld betref, daar gekontroleer word of die persentasie wat plaaswerkers uitmaak van elk van die vyf-jaargroepe betekenisvol van mekaar verskil. Indien daar byvoorbeeld nie betekenisvolle verskil bestaan tussen die persentasie van die 20 tot 24- en 25 tot 29-jarige groepe wat op plase werk nie, word die twee groepe as een groep (20 tot 29-jariges) beskou. Die eindresultaat is gevolglik minder kategorieë, wat wel betekenisvol van mekaar verskil ten opsigte van die verhouding plaaswerkers tot stedelike werkers.
- (b) Elkeen van die voorspellers word vervolgens op bogenoemde wyse ontleed en dan word daardie voorspeller wat die meeste variasie in die afhanklike veranderlike verklaar, gebruik om die data in substelle te verdeel.

Dendrogram 2.1 (afgelei van die Griekse woord dendro = boom) toon dat die vlak van opleiding die belangrikste rol speel. Ongeveer driekwart van die ongeskooldes werk op plase, in teenstelling met net meer as 40 % van die groep wat kan lees en skryf of wat laerskoolopleiding het en ongeveer 16 % van die persone wat oor hoërskoolopleiding beskik. Die groot persentasie vroue (tabel 5) wat by landbou betrokke is, is grootliks te wyte aan die relatief groot getal ongeskoolde vroue, want die persentasie wat in landbou betrokke is vir persone wat kan lees en skryf of skoolopleiding ontvang het, verskil nie beduidend vir mans en vroue nie. Die afleiding word gemaak omdat geslag slegs in die dendrogram opgeneem is vir

DENDROGRAM 2.1

WERKPLEK VAN DIE BEVOLKING  
N = 1391



a = N te klein om verder te verdeel  
b = Geen beduidende verdeling moontlik

ongeskooldes. Naas vlak van opleiding en geslag in geval van ongeskooldes verklaar die aantal kere wat persone huis toe kom 'n verdere deel van die verskil in werkplek. Dit is te wagte aangesien die afstand tussen woning en werkplek hierin 'n rol sal speel. Etniese groepe speel wel vir sekere subgroepe 'n rol, wat waarskynlik ook saamhang met die afstand tussen bepaalde nedersettings en die naaste plaas of dorp. Dit is belangrik om verder daarop te let dat alhoewel ouderdom en status in huishoudings ook as veranderlike gebruik is, dit nie in die dendrogram opgeneem is nie. Hieruit kan afgelei word dat daar nie volgens hierdie veranderlikes beduidende verskille bestaan in die persentasies wat as plaaswerkers werk nie.

Opsommend kan gesê word dat vlak van opleiding 'n belangrike rol speel in die keuse van plaaswerk teenoor werk in dorpe en stede. Ouderdom en status in huishouding speel nie hierin 'n rol nie. Alvorens daar oorgegaan word tot 'n meer gedetailleerde beskrywing van Swart plaaswerkers, werksoekers en inwoners, word in die volgende paragraaf aandag gegee aan enkele biografiese eienskappe van Blanke boere en besonderhede verstrekkend omtrent boerdery-aktiwiteite.

### 2.3 BESKRYWING VAN DIE ONDERSOEGGROEP: BLANKE BOERE

Die inligting wat in hierdie paragraaf aangebied word, is verkry uit die vraelys aan boere en boerdery-ondernemings. Die bespreking handel dus oordie steekproef van 192 Blanke boere, soos beskryf is in hoofstuk 1 (paragraaf 1.2.3(a)).

#### 2.3.1 Biografiese eienskappe van boere

Die meerderheid Blanke boere in die Letaba-distrik is Afrikaanssprekend (76 %). Wat die Boere se vaardigheid met Swart tale betref, blyk dat 'n groter groep Noord-Sotho kan praat of verstaan as wat die geval is met Tsonga. Volgens tabel 2.1 kan 41,4 % Noord-Sotho redelik of goed praat terwyl 'n verdere 31,1 % dit redelik of goed kan verstaan. Die ooreenstemmende persentasies ten opsigte van Tsonga is 17,7 en 26,4 %.

TABEL 2.1

#### VAARDIGHEID VAN BOERE IN SWART TALE

	Goed %	Redelik %	Swak %	Glad nie %	Ongespes. N
Praat : Tsonga	7,5	10,2	9,7	72,6	6
N.Sotho	25,8	15,6	8,6	50,0	6
Verstaan: Tsonga	4,9	21,5	18,8	54,9	15
N.Sotho	5,9	25,2	28,6	40,3	0

Tabel 2.2 toon besonderhede omtrent die ouderdom van die steekproef van boere in Letaba in vergelyking met die boere van die RSA asook die universum van Blanke mans. Die tabel toon dat boere in die Letaba-distrik effens ouer is as die universum van boere en gemiddeld 10 jaar ouer is as Blanke mans in alle beroepe. Dit dien egter vermeld te word dat in gevalle waar pa en seun gesamentlik boer, die onderhoud gewoonlik gevoer is met die pa, wat waarskynlik 'n bykomende rede is hoekom geen boer jonger as 25 jaar in die steekproef ingesluit is nie. Gevolglik kan aanvaar word dat die ouderdom van boere in die Letaba-distrik ooreenstem met dié van boere in die RSA in geheel. Die belangrikste rede hoekom boere gemiddeld ouer is as persone in meeste ander beroepe is waarskynlik geleë daarin dat boerderymoontlikhede feitlik beperk is tot seuns van boere. Seuns van ouers in ander sektore wat graag tot boerdery wil toetree, beskik gewoonlik nie oor die kapitaal of sekuriteit om 'n plaas en die nodige implemente en ander benodighede aan te koop nie. Dit hang waarskynlik ook saam met die moderne neiging na groter en intensiewer boerderymetodes. Verdere ontledings toon egter dat 119 boere (62,0 %) 'n ander beroep beoefen het voordat hulle tot boerdery toetree het. 'n Uiteenlopende lys van beroepe is genoem, waarvan die meeste nie met landbou verband gehou het nie. Indien bestuurders en huurders (32 gesamentlik) buite rekening gelaat word, blyk dat 44 van die oorblywende 87 op eenhede kleiner as 271 hektaar boer.

TABEL 2.2

OUERDOM VAN BLANKE BOERE

Ouderdom (j.)	Steekproef		RSA (Blanke mans)	
			Boere	Alle beroepe
	N	%	%	%
- 19			0,9	4,6
20 - 24			7,3	13,0
25 - 29	10	5,3	10,2	14,1
30 - 34	18	9,6	10,1	14,4
35 - 39	36	19,3	10,5	13,1
40 - 44	23	12,3	10,6	10,8
45 - 49	21	11,2	10,2	8,8
50 - 54	24	12,9	10,1	7,7
55 - 59	22	11,8	9,9	6,3
60 - 64	15	8,0	8,5	3,8
65+	18	9,6	11,6	3,3
<b>T O T A A L</b>	<b>187</b>	<b>100</b>	<b>100</b>	<b>100</b>
<b>Mediaan</b>	<b>46,0</b>		<b>44,6</b>	<b>36,0</b>



TABEL 2.3

## WERKERVARING VAN BOERE

Jare werk- ervaring	Boerdery				Ander beroep	
	Letaba		Ander		N	%
	N	%	N	%		
Geen			135	70,3	73	41,5
0 - 5	48	25,9	12	6,3	18	10,2
6 - 9	21	11,4	14	7,3	26	14,8
10 - 14	25	13,5	10	5,2	27	15,3
15 - 19	17	9,2	4	2,1	16	9,1
20 - 24	26	14,1	3	1,6	9	5,1
25 - 29	15	8,1	6	3,1	2	1,1
30 - 34	17	9,2	6	3,1	4	2,3
35 - 39	7	3,8	1	0,5	1	0,6
40+	9	4,9	1	0,5		
T O T A A L	185	100	192	100	176	100
Mediaan	14,2					

In tabel 2.3 word inligting gegee omtrent die werkervaring van boere as boer, binne sowel as buite die Letaba-distrik asook ervaring in ander beroepe. Die mediaanervaring is slegs uitgewerk ten opsigte van boerdery binne die Letaba-distrik, omdat alle persone nie ervaring buite die Letaba-distrik of van 'n ander beroep het nie en die mediaan vir laasgenoemde groepe dus nie vergelykbaar is met dié vir die Letaba-distrik nie. Die helfte van die boere in die Letaba-distrik het minder as 15 jaar werkervaring in die boerdery. Dit is die gevolg daarvan dat meer as die helfte van die groep voorheen in 'n ander beroep werksaam was (58,5 %). Die groot persentasie boere met minder as vyf jaar ervaring as boer binne die Letaba-distrik is verder opvallend, veral as in aanmerking geneem word dat geen boer in die steekproef jonger as 25 jaar is nie.

Tabel 2.4 verstrek besonderhede oor die opleiding van boere. Uit die tabel blyk dat net meer as twee derdes van die groep (67,2 %) oor minstens standerd tien of 'n gelykwaardige kwalifikasie beskik. Van die 70 (36,5 %) wat naskoolse opleiding ondergaan het, het vier 'n landbougraad en 15 'n landboudiploma behaal. Die meerderheid van die groep met naskoolse opleiding het dus waarskynlik die betrokke opleiding met 'n ander doel deurloop en 'n groot gedeelte van hulle het waarskynlik voorheen 'n ander beroep beoefen.

TABEL 2.4

## OPLEIDING VAN BOERE

(a) Hoogste skoolstanderd geslaag

Kwalifikasie	N	%
- st. 6	15	7,8
St. 7 - 9/NTS I - II	48	25,0
St. 10/NTS III	129	67,2
T O T A A L	192	100

(b) Soort skool bygewoon

Skool	N	%
Landbou	33	17,2
Ander	154	80,2
Geen	5	2,6
T O T A A L	192	100

(c) Naskoolse opleiding

Soort opleiding	N	%
Geen	122	63,5
Landbougraad	4	2,1
Landboudiploma	15	7,8
Ander graad	22	11,5
Ander diploma	18	9,4
Onvoltooide graad/diploma	11	5,7
T O T A A L	192	100

TABEL 2.5

## EIENAARSKAP VAN BOERE

Eienaarskap	N	%
Alleen-eenaar	115	61,2
Mede-eenaar	23	12,2
Bestuurder vir maatskappy	34	18,1
Bestuurder vir privaatpersoon	6	3,2
Huurder	10	5,3
T O T A A L	188	100

2.3.2 Boerdery-aktiwiteite

Uit tabel 2.5 waarin besonderhede oor eienaarskap verstrekkend word, blyk dat bykans driekwart van die boere wel alleen- of mede-eenaars van die plaas is (73,4 % gesamentlik). 'n Verdere groep van 18,1 % is bestuurders vir maatskappyboerderye terwyl die res (8,5 %) bestaan uit bestuurders vir privaatpersone en huurders.

Die grootte van die boerdery-eenhede van die steekproef van boere word in tabel 2.6 aangedui. By die trek van die steekproef is slegs bona fide-boere in aanmerking geneem en tabel 2.6 toon dat bykans 'n kwart van die steekproef op eenhede kleiner as 150 hektaar boer, wat dui op die hoë potensiaal van die landbougrond in sekere dele van die distrik.

TABEL 2.6

GROOTTE VAN BOERDERY-EENHEDE

Grootte (ha)	N	%
- 49	14	7,4
50 - 99	18	9,4
100 - 149	15	7,9
150 - 199	20	10,6
200 - 249	12	6,3
250 - 299	8	4,2
300 - 399	10	5,3
400 - 499	14	7,3
500 - 799	15	7,9
800 - 1 099	12	6,3
1 100 - 2 999	27	14,2
3 000 - 9 999	18	9,5
10 000 +	7	3,7
<b>T O T A A L</b>	<b>190</b>	<b>100</b>

Mediaan 380

TABEL 2.7

BOERDERY-AKTIWITEITE

A k t i w i t e i t	Belangrikste aktiwiteit		Totaal	
	N	%	N	%
Bees	31	16,6	56	6,0
Bosbou	14	7,5	27	2,9
Katoen	9	4,8	31	3,3
Sitrus	24	12,8	36	3,9
Mango 's	10	5,3	45	4,8
Piesangs	16	8,6	25	2,7
Avokado's	20	10,7	47	5,0
Tamaties	31	16,6	45	4,8
Ander groente	10	5,3	69	7,4
Ander vrugte	10	5,3	54	5,8
Ander (bv. lusern, tabak, pluimvee, koffie, tee, ens.)	12	6,4	58	6,2
Subtotaal	187	100	493	52,8
N.v.t.			442	47,2
<b>T O T A A L</b>	<b>187</b>	<b>100</b>	<b>935</b>	<b>100</b>

Gemiddelde getal aktiwiteite

2,6

TABEL 2.8

## BELANGRIKSTE AKTIWITEIT VOLGENS GROOTTE VAN BOERDERY-EENHEDE

A k t i w i t e i t	Grootte van eenheid (ha)										T o t a a l			
	-99		100-199		200-399		400-799		800-2999				3000+	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Bees	N 2	6,3	1	2,9			2	6,9	15	40,5	11	47,8	31	16,5
	% 6,5		3,2			6,5		48,4		35,5		100		
Bosbou			4	11,4	2	6,3	3	10,3			5	21,7	14	7,4
			28,6		14,3		21,4			35,7		100		
Katoen					2	6,3	3	10,3	1	2,7	2	8,7	8	4,3
					25,0		37,5		12,5	25,0		100		
Sitrus			3	8,6	8	25,0	4	13,8	7	18,9	2	8,7	24	12,8
			12,5		33,3		16,7		29,1	8,3		100		
Mango's	N 6	18,8			4	3,3	1	3,4	1	2,7	1	4,3	13	6,9
	% 46,2				30,8		7,7		7,7	7,7		100		
Piesangs	N 4	12,5	4	11,4	3	12,5	4	13,8					15	8,0
	% 26,7		26,7		20,0		26,7						100	
Advokado's	N 8	25,0	7	20,0			2	6,9	2	5,4	1	4,3	20	10,6
	% 40,0		35,0				10,0		10,0	5,0		100		
Tamaties	N 7	21,9	8	22,9	3	9,4	4	13,8	8	21,6	1	4,3	31	16,5
	% 22,6		25,8		9,7		12,9		25,8	3,2		100		
Ander groente	N 1	2,9	5	15,6	4	13,8							10	5,3
	% 10,0		50,0		40,0								100	
Ander vrugte	N 3	9,4	3	8,6	2	6,3			2	5,4			10	5,3
	% 30,0		30,0		20,0				20,0				100	
Ander (weidinggewasse, tabak, tee, ens.)	N 2	6,3	4	11,4	3	9,4	2	6,9	1	2,7			12	6,4
	% 16,7		33,3		25,0		16,7		8,3				100	
T O T A A L	N 32	100	35	100	32	100	29	100	37	100	23	100	188	100
	% 17,0		18,6		17,0		15,4		19,7		12,2		100	

TABEL 2.9

## BELANGRIJKSTE AKTIWITEIT VOLGENS SUBDISTRIK

A k t i w i t e i t	Subdistrik									Totaal								
	A		B		C		D		E/F		G/I		J		Gaz./Leb.		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Bees	N %	2 12,5 6,5	1 3,1 3,2					1 3,0 3,2		16 88,9 51,6	11 26,8 35,5						31 16,5 100	
Bosbou	N %		8 25,0 57,1	4 14,8 28,6	2 11,8 14,3												14 7,4 100	
Katoen	N %							1 3,0 11,1			6 14,6 66,7	2 50,0 22,2					9 4,8 100	
Sitrus	N %							22 66,7 91,7		1 5,6 4,2		1 25,0 4,2					24 12,8 100	
Mango's	N %		1 3,1 10,0			6 35,3 60,0					3 7,3 30,0						10 5,3 100	
Piesangs	N %		2 6,3 12,5	11 40,7 68,8	2 11,8 12,5	1 3,0 6,3											16 8,5 100	
Avokado's	N %	3 18,8 15,0	7 21,9 35,0	7 25,9 35,0	2 11,8 10,0						1 2,4 5,0						20 10,6 100	
Tamaties	N %	7 43,8 22,6	5 15,6 16,1					4 12,1 12,9			15 36,6 48,4						31 16,5 100	
Ander groente	N %	1 6,3 10,0	1 3,1 10,0			1 5,9 10,0		4 12,1 40,0			3 7,3 30,0						10 5,3 100	
Ander vrugte	N %	1 6,3 10,0	4 12,5 40,0	2 7,4 20,0	1 5,9 10,0						2 4,9 20,0						10 5,3 100	
Ander (weidingge- wasse, tabak, tee, ens.)	N %	2 12,5 15,4	3 9,4 23,1	3 11,1 23,1	3 17,6 23,1					1 5,6 7,7		1 25,0 7,7					13 6,9 100	
T O T A A L	N %	16 100 8,5	32 100 17,0	27 100 14,4	17 100 9	33 100 17,6	18 100 9,6	41 100 21,8	4 2,1								188 100	

Tabel 2.7 gee n samevatting van die belangrikste boerdery-aktiwiteite, soos by die 192 boere aangetref is. Uit die inligting waaruit die tabel saamgestel is, blyk dat die grootste enkele persentasie boere (33,2 %), twee produkte produseer. n Verdere 17,6 % boer net met n enkele produk, terwyl die boerdery van die oorblywende groep uit drie tot vyf komponente bestaan. Indien die totale getal boere wat met n bepaalde produk bedrywig is as maatstaf geneem word, blyk dat groente- en vrugteboere die grootste groepe is. Beesboerdery saam met groente- en vrugteboerdery is die belangrikste eerste aktiwiteit. Die wye verskeidenheid van tipes boerderye wat in die distrik aangetref word, is egter opvallend, veral as in aanmerking geneem word dat die kategorieë ander groente, ander vrugte en ander gesamentlik 34 aktiwiteite verteenwoordig, wat gemiddeld elk deur vyf boere bedryf word.

In tabel 2.8 en 2.9 is die belangrikste aktiwiteit, met ander woorde die aktiwiteit wat in die eerste kolom van tabel 2.7 verskyn, ontleed volgens grootte van boerdery-eenheid en subdistrik onderskeidelik. Die tabelle is in n groot mate selfverduidelikend en word daarom nie verder bespreek nie. Volgens subdistrik blyk dat meeste van die produkte hoofsaaklik in een of twee van die subdistrikte verbou word.

### 2.3.3 Indiensneming van Swart werkers

Besonderhede oor die getal Swart werkers in diens van die 192 boere wat betrek is, verskyn in tabelle 2.10 en 2.11. Die getal werkers volgens subdistrik en aard van indiensneming is in figuur 2.1 grafies voorgestel.

Wat aard van indiensneming betref, is daar soos volg onderskei tussen vier groepe:

a) Werkers wat op die plaas woon: Hierdie groep is gedurende die veldwerk omskryf as persone wat permanent (een jaar of langer) met hulle gesinne of as lid van n gesin op die plaas woon. Vroue wat nie permanent werk nie maar byvoorbeeld net help met sekere seisoensarbeid is nie hierby ingesluit nie. So ook vroue wat net sekere dae van die week werk en skoolgaande kinders wat gedurende skoolvakansies werk.

b) Kontrakwerkers is werkers waarmee die boer n kontrak aangegaan het (gewoonlik mondelings) vir minstens een maand. Hierdie groep is onderverdeel in twee subgroepe, naamlik


- i) persone vir wie die boer slaapplek voorsien. Die groep sluit werkers in wat by werkers wat op die plaas woon, slaap asook werkers vir wie die boer slaapplek op 'n ander plaas verskaf en daaglik na die betrokke plaas vervoer.
- ii) pendelaars, wat werkers insluit wat op 'n daaglikse basis deur die toedoen van die boer of op eie stoom tussen 'n ander woonplek en die betrokke plaas beweeg. Die groep waarna by b)i) verwys is, is egter uitgesluit.
- c) Seisoen- of loswerkers is persone wat daaglik of weeklik hul dienste aanmeld.

Die bostaande indeling is gemaak om die veelheid variasies wat daar bestaan sover dit aard van indiensneming, verblyf en vervoerpatrone betref, op so 'n wyse in te deel dat dit sinvol ontleed kan word.

Tabel 2.10 toon dat meer as 90 % van die werkgeleenthede op plase gewone arbeids-werk behels (huisbediende ingesluit). Die oorblywende ongeveer 10 % kan in vyf hoofgroepe ingedeel word, naamlik klerke, voormanne en toesighouers, vragmotorbestuurders, trekkerbestuurders en operateurs en ander halfgeskoolde werkers. Meer as die helfte van alle werkers is lid van 'n gesin wat op die plaas woon (53,3 %). Die res van die werkerkorps bestaan gemiddeld uit nagenoeg twee kontrakwerkers vir elke seisoenwerker. Dit is verder opvallend dat beroepe anders as gewone arbeiderswerk, grootliks beoefen word deur persone wat permanent op die plaas woon. Persone in dié beroepe speel 'n belangrike rol in die boerdery en het meer verantwoordelikhede as arbeiders, wat waarskynlik tot gevolg het dat boere graag hierdie persone permanent op die plaas wil huisves.

Die relatiewe groot rol wat vroue speel, is verder opvallend en ongeveer 60 % van die totale arbeidsmag is vroue. Daar is egter 'n duidelike verskil volgens aard van indiensneming en meer as die helfte van die werkers wat op die plaas woon, is mans teenoor die minder as 10 % van die seisoenwerkers. Daar is dus 'n neiging om mans op 'n permanenter grondslag in diens te neem as vroue.

FIGUUR 2.1  
 INDIENSNEMING VAN SWART WERKERS OP PLASE VOLGENS SUBDISTRIK EN AARD VAN INDIENSNEMING<sup>1)</sup>



<sup>1)</sup> Kyk paragraaf 2.3.3 vir definisies van die verskillende groepe



TABEL 2.10

INDIENSNEMING VAN SWART WERKERS OP PLASE VOLGENS BEROEP EN AARD VAN INDIENSNEMING<sup>1)</sup>

B e r o e p	Aard van indiensneming																	Totaal <sup>2)</sup>		
	Woon op plaas		Kontrak		Seisoerwerkers													Gem./Maand N %	N	%
	N	%	N	%	Jan.	Feb.	Mrt.	Apr.	Mei	Jun.	Jul.	Aug.	Sept.	Okt.	Nov.	Des.				
Klerke, (ingesluit stoorman, blok indeler, blokskrywer, en verpleegster)	153	1,4	21	0,3															174	0,9
Voorman/Toesighouer	452	4,3	94	1,5	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5	5	551	2,8
Vragmotorbestuurder (alle tipes)	156	1,5	58	0,9	6	6	6	6	6	6	6	6	6	6	6	6	6	6	220	1,1
Trekkerbestuurder (ingesluit kombinasies met o.a. toesighouer en vragmotorbestuurder)	449	4,3	108	1,8	20	20	20	20	20	20	20	20	20	20	20	20	20	20	577	2,9
Operateur/halfgeskoold (ingesluit handlanger, besproeiing, pyplêer, konstruksie, kok)	300	2,8	115	1,9															415	2,1
Huisbediende e.a. huishoudelike en persoonlike dienswerkers	356	3,4	14	0,2	2	2	2	2	2	2	2	2	2	2	2	2	2	2	372	1,9
Arbeiders: algemeen en spesifieke werker	8 697	82,3	5713	92,7	2138	2303	2560	4108	4816	4422	3406	3249	2781	2468	2290	2395	3078	98,9	17 488	88,3
<b>T O T A A L</b>	<b>10 563</b>	<b>100</b>	<b>6123</b>		<b>2171</b>	<b>2336</b>	<b>2593</b>	<b>4141</b>	<b>4849</b>	<b>4455</b>	<b>3439</b>	<b>3282</b>	<b>2814</b>	<b>2510</b>	<b>2323</b>	<b>2428</b>	<b>3111</b>		<b>19 797</b>	
Persentasie mans		55,2		29,7															39,8	100

1) Kyk par. 2.3.3 vir definisies van die verskillende groepe.

2) Die gemiddelde maandelikse indiensneming van seisoerwerkers is by die totaal ingereken.

TABEL 2.11

INDIENSNEMING VAN SWART WERKERS OP PLASE VOLGENS SUBDISTRIK EN AARD VAN INDIENSNEMING<sup>1)</sup>

Aard van indiensneming	S u b d i s t r i k											Gaz/Leb	Totaal
	A	B	C	D	E	F	G	H	I	J			
Woon op plaas: M	664	1 896	1 017	143	550	654	93	34	20	317	462	5 850	
V	280	1 061	1 272	204	500	420	3	2	9	250	745	4 746	
Subtotaal	944 27,3	2 957 79,6	2 289 82,2	347 30,5	1 050 59,7	1 074 56,9	96 46,2	36 59,0	29 21,2	567 19,3	1 207 66,5	10 596 53,2	
Kontrak (slaap) Maande													
0-3	37	36	108							4		185	
4-6	15		2	2	40							59	
7-9			50							25		75	
10+	373	120	57	4	87	163			58	87	550	1 499	
Subtotaal	425 12,3	156 4,2	217 7,8	6 0,5	127 7,2	163 8,6			58 42,3	116 4,0	550 30,3	1 818 9,1	
Kontrak (pendel) Maande													
0-3	193	16	78	3	24	55				150		519	
4-6		20			200	3	90			70		383	
7-9	650					50						700	
10+	1 182	366	108	485	83	358	22	1		71	59	2 735	
Subtotaal	2 025 66,1	402 10,8	186 6,7	488 42,8	307 17,4	466 24,7	112 53,8	1 1,6		291 9,9	59 3,2	4 337 21,8	
Seisoenwerkers													
Maksimum/maand	70	Des. 222	Des. 150	Mei/Jun. 630	Jun 483	Aug. 335		Jan./Feb. Mei/Jun. 29	Jan.-Okt. 60	Mei 3 245		Mei 4 849	
Minimum /maand	70	Feb. 174	Feb. 65	Okt. 135	Jan. 117	Jan./Feb. 30		Mrt./Apr. 5	Nov./Des. Nov	Nov 1 294		Jan. 2 171	
Gemiddeld/maand	70 2,0	197 5,3	94 3,4	298 26,2	276 15,7	184 9,8		24 39,3	50 36,5	1 959 66,8		3 152 15,8	
T O T A A L <sup>2)</sup> N	3 464 100	3 712 100	2 786 100	1 139 100	1 760 100	1 887 100	208 100	61 100	137 100	2 933 100	1 816 100	19 903 100	
%	17,4	18,7	14,0	5,7	8,8	9,5	1,0	0,3	0,7	14,7	9,1		

<sup>1)</sup> Kyk par. 2.3.3 vir definisies van die verskillende groepe<sup>2)</sup> Die gemiddelde maandelikse indienseeming van seisoenwerkers is by die totaal ingereken

Tabel 2.11 en figuur 2.1 toon verder dat daar groot variasie bestaan in die indiensnemingspatroon volgens subdistrik. In subdistrikte A-C en J is meer werkgeleenthede as in die ander subdistrikte en subdistrikte G-I het relatief min Swart werkers in diens. Laasgenoemde subdistrikte bestaan hoofsaaklik uit beesplase. Dit is verder duidelik dat in subdistrikte B en C werkers wat permanent op die plaas woon die belangrikste komponent van die arbeidsmag vorm en in beide gevalle vorm die genoemde groep ongeveer 80 % van die totale arbeidsmag van dié gebied. Die sterk komponent pendelarbeid en die geringe rol van seisoenwerkers in subdistrik A (Mooketsi) is opvallend. Die grootte van die komponent wat bestaan uit seisoenwerkers sowel as die omvang van seisoenwisseling blyk duidelik uit figuur 2.1. Boere in Gazankulu en Lebowa maak byvoorbeeld nie juis van seisoenwerkers gebruik nie terwyl in subdistrik J (Trichardsdal/Harmonie) gemiddeld twee derdes van die arbeidsmag uit seisoenwerkers bestaan. Die wisseling in laasgenoemde gebied tussen die maande Mei en November, wanneer die seisoenvraag onderskeidelik sy maksimum en minimumwaarde bereik, is baie groter as in enige van die ander subdistrikte. 'n Groot gedeelte van hierdie subdistrik staan in die proses van konsolidasie by Lebowa en word tans aan boere op korttermyngrondslag verhuur. Hierdie toedrag van sake speel waarskynlik 'n rol in die basis waarop produkte verbou en werkers gehuur word. Volgens tabel 2.9 stem die soort boerdery-aktiwiteit in subdistrik J goed ooreen met dié van subdistrik A, waarin min seisoenwerkers aangetref word en geen seisoenfluktuasie is nie. Die aard van boerderybedrywig-hede in subdistrik J is dus nie die rede vir die groot indiensneming van seisoenwerkers nie.

Samevattend kan gesê word dat ten opsigte van verskillende aspekte in verband met boerdery in die Letaba-distrik en die boerekorps, daar groot variasies aangetref word. In die res van die hoofstuk word die aandag bepaal by eienskappe van Swart werkers en potensiële werkers.

#### 2.4 BESKRYWING VAN DIE ONDERSOEGGROEP : PLAASWERKERS, INWONERS VAN GAZANKULU EN LEBOWA EN WERKSOEKERS

Inligting soos verkry van die steekproewe van plaaswerkers, werksoekers en inwoners van Gazankulu en Lebowa word in die paragraaf bespreek. Die betrokke steekproewe is volledig beskryf in hoofstuk 1 (par. 1.2.3 (b)-(d)).

Tabel 2.12 toon die mediaanouderdom van die verskillende subgroepe (steekproewe) volgens geslag. Volgens die 1980-bevolkingsensus is die mediaanouderdom van Swart mans in landbou betrokke 33,9 jaar teenoor die 32,7 jaar vir die Swart manlike arbeidsmag van die RSA in geheel. Vroue in landbou betrokke, is egter oor die algemeen jonger en die mediaanouderdom kom te staan op 28,0 jaar teenoor die 32,1 vir die totale Swart vroulike arbeidsmag. Hierdie situasie is waarskynlik daaraan te wyte dat vroue in 'n mindere mate as mans kontrakarbeid in stedelike gebiede verrig en dat jonger vroue dus in groter mate as hul manlike eweknieë naby hul woonplek by landbou betrokke raak. Teen hierdie agtergrond blyk uit tabel 2.12 dat plaaswerkers in die Letaba-distrik (mans sowel as vroue) oor die algemeen ouer is as plaaswekers in ander gebiede. Die ouderdomsverskil by vroue is veral baie duidelik (Me-verskil van 10 j.). Dit is in lyn met die bevinding wat in paragraaf 2.2 gemaak is, naamlik dat relatief baie van die vroue ongeskoold is (dendrogram 1) en dus ook in groter mate uit die ouer as jonger garde afkomstig sal wees. Die mediaanouderdom van inwoners (31,8 j.) toon dat die hoër ouderdom van plaaswerkers in die Letabadistrik nie te wyte is aan 'n ouer bevolking nie, maar wel die gevolg van een of ander vorm van seleksie is. Dit is verder uit tabel 2.12 duidelik dat werkloosheid in 'n groter mate voorkom by jonger persone. Daar is min vroue in die steekproef van werksoekers aangetref, wat wys dat daar verskille tussen die soekpatroon vir mans en vroue bestaan. Vroue wend hul in groter mate as mans tot seisoenplaaswerk en maak nie in dieselfde mate as mans gebruik van die arbeidsburo's vir indiensplasing nie. Die persentasie wat mans in die steekproef van plaaswerkers uitmaak, is hoër as die persentasie van die totale arbeidsmag by die steekproef van Blanke boere (52,3 % teenoor 39,8 %). Die groter betrokkenheid van vroue as mans by seisoenwerk en die laagtepunt in seisoenarbeid toe die inligting ingewin is, is waarskynlik die vernaamste rede hiervoor. Die groot persentasie mans wat deel vorm van die steekproef van inwoners is opvallend, veral as in aanmerking geneem word dat die inligting gedurende die dag tussen 08h00 en 17h00 ingewin is.

Tabel 2.13 toon die getal afhanklikes per huishouding. In die verband moet genoem word dat baie huishoudings uit meer as twee generasies bestaan en dit het gedurende die veldwerk duidelik geword dat alle lede as afhanklikes gesien word. Die Instituut vir Sosiologiese en Demografiese navorsing (ISODEM) van die RGN raam dat die gemiddelde gesinsgrootte van Swartes in die RSA, by voltooiing van die gesin, te staan kom op 5,2 persone (Mostert en Van Tonder, 1982). Die mediaanwaarde van 4,8 afhanklikes vir al drie steekproewe gee dus 'n goeie beeld van die werklike situasie.

TABEL 2.12

MEDIANOUDERDOM VAN DIE ONDERSOEGROEP VOLGENS SUBGROEP EN GESLAG

Geslag	Ouderdom (j.) volgens subgroep								
	Plaaswerkers			Inwoners (Gaz/Leb)			Werksoekers		
	N	%	Me	N	%	Me	N	%	Me
Manlik	310	52,3	37,0	170	37,6	33,0	357	98,3	24,5
Vroulik	283	47,7	38,0	282	62,4	31,0	6	1,7	22,0
T O T A A L	593	100	37,0	452	100	31,8	363	100	24,3

TABEL 2.13

GETAL AFHANKLIKES VAN SWART RESPONDENTE VOLGENS SUBGROEP

Afhanklikes	O n d e r s o e k g r o e p						Totaal	
	Plaaswerkers		Inwoners Gazankulu/Lebowa		Werksoekers			
	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen	3	0,5	13	2,9	18	5,5	34	2,5
1	27	4,6	19	4,3	8	2,4	54	4,0
2	44	7,6	47	10,6	28	8,6	119	8,8
3	81	13,9	47	10,6	41	12,5	169	12,5
4	106	18,2	77	17,4	55	16,8	238	17,6
5	105	18,0	74	16,7	45	13,8	224	16,6
6- 8	165	28,3	119	26,9	102	31,2	386	28,5
9-11	30	5,2	37	8,3	23	7,0	90	6,6
12-14	16	2,8	7	1,6	5	1,5	28	2,1
15+	5	0,9	3	0,7	2	0,6	10	0,8
T O T A A L	582	100	443	100	327	100	1352	100
Me	4,8		4,8		4,8		Me	

Die etniese groep waaraan die respondente van die verskillende subgroepe behoort, word in tabel 2.14 weergegee. By interpretasie van die inligting moet onthou word dat die steekproewe van inwoners en werksoekers vir Gazankulu en Lebowa afsonderlik getrek is. Die persentasie wat onderskeidelik deur Shangaan-Tsongas en Noord-Sotho's verteenwoordig word, moet dus nie gesien word as 'n aanduiding van die relatiewe groottes van die betrokke groepe tot mekaar in die ondersoekgebied nie.

TABEL 2.14

ETNIESE GROEP VAN SWART RESPONDENTE VOLGENS SUBGROEP

Etniese groepe	O n d e r s o e k g r o e p						Totaal	
	Plaaswerkers		Inwoners Gazankulu/Lebowa		Werksoekers			
	N	%	N	%	N	%	N	%
Shangaan-Tsonga	242	40,6	266	58,6	206	56,6	714	50,5
Noord-Sotho	321	53,9	182	40,0	156	42,8	659	46,6
Tswana	1	0,2	2	0,4			3	0,2
Suid-Sotho	4	0,7	2	0,4	1	0,3	7	0,5
Zulu			2	0,4			2	0,2
Swazi	1	0,2					1	0,1
Xhosa	1	0,2					1	0,1
Venda	21	3,5	1	0,2	1	0,3	23	1,6
Ander	4	0,7					4	0,3
<b>T O T A A L</b>	<b>595</b>	<b>100</b>	<b>455</b>	<b>100</b>	<b>364</b>	<b>100</b>	<b>1414</b>	<b>100</b>

Die getalsverhouding van Shangaan-Tsonga tot Noord-Sotho vir die steekproef van plaaswerkers, wat nie vir die twee groepe afsonderlik verkry is nie, stem egter goed ooreen met die verhouding soos aangetref by boere. Vir die steekproef van plaaswerkers blyk dat die belangrikste ander etniese groep in die Letaba-distrik Vendas is, maar die getalle is klein in verhouding tot dié vir Shangaan-Tsongas en Noord-Sotho's.

Die vaardigheid van Swart respondente om die tale wat ter sake is vir hierdie ondersoek te kan praat, word in tabel 2.15 aangedui. Die persentasies van al drie steekproewe vir beide Tsonga en Noord-Sotho is aansienlik groter as die persentasie wat volgens tabel 2.14 aan elk van die betrokke etniese groepe

behoort. Naastenby driekwart van elk van die subgroepe kan beide Swart tale praat. Min of meer een derde van die plaaswerkers en inwoners kan ook Afrikaans praat, terwyl meer as die helfte van die werksoekers aangedui het dat hulle Afrikaans kan praat. Die persentasie wat Engels magtig is, is deurgaans kleiner as vir Afrikaans en die grootste verskil kom voor by plaaswerkers. Die meerdere mate van kontak met Afrikaans as met Engels by 'n oorwegend Afrikaanse boeregemeenskap is die waarskynlike rede hiervoor. Dit is verder opvallend dat relatief meer werksoekers as van die ander groepe een van die Blanke tale kan praat. Daar is nie bepaal hoe goed die verskillende groepe 'n taal kan praat nie.

TABEL 2.15

TAALVAARDIGHEID (PRAAT) VAN SWART RESPONDENTE VOLGENS SUBGROEP

Taalvaardigheid	O n d e r s o e k g r o e p						Totaal	
	Plaaswerkers		Inwoners Gazankulu/Lebowa		Werksoekers			
	N	Ja %	N	Ja %	N	Ja %	N	Ja %
Tsonga	461	77,7	349	76,9	305	83,8	1115	79,5
Afrikaans	188	31,9	154	34,0	208	57,1	550	41,0
Engels	78	13,2	145	32,0	157	43,1	380	29,4
Noord-Sotho	491	82,9	319	70,2	278	76,4	1088	76,5
Ander	77	13,0	75	17,0	105	28,9	257	19,6

Volgens tabel 2.16 waarin hoogste skoolstanderd geslaag, aangedui word, is bykans twee derdes van alle plaaswerkers ongeskoold teenoor onderskeidelik net meer as een derde en een agtste van die inwoners en werksoekers. In paragraaf 2.3 is aangedui dat ongeveer 90 % van die werkgeleenthede op plase gewone arbeidswerk behels, waarvoor min of geen opleiding vereis word nie en die onderwyspeil van plaaswerkers soos aangetoon, behoort dus voldoende te wees vir die werk wat hulle moet doen. Wat werksoekers betref, is in paragraaf 2.2 aangedui dat werkloosheid in 'n groter mate voorkom by persone met formele skoolopleiding as by onopgeleides en die inligting van tabel 2.16 is in lyn met hierdie bevinding. Daar moet egter onthou word dat baie persone met geen onderwyskwalifikasie wat belangstel in plaaswerk, nie van die arbeidsburo gebruik maak in hul soeke na werk nie, maar op eie stoom van plaas tot plaas soek. Die werklike getal onopgeleide werksoekers sal dus hoër wees as wat deur tabel 2.16 weerspieël word.

Wat ander opleiding as skoolopleiding betref, soos blyk uit tabel 2.17, staan plaaswerkers nie ver terug vir die ander groepe nie. In die orde van 10 % van al drie steekproewe beskik oor ander opleiding as skoolopleiding, waarvan motor- of vragmotorlisensies by verre die belangrikste is. Die persentasie plaaswerkers wat oor 'n lisensie beskik, stem goed ooreen met die persentasie werkgeleenthede vir trekker en vragmotorbestuurders, soos blyk uit tabel 2.10.

Uit inligting wat van boere verkry is, blyk egter dat daar oor die algemeen 'n behoefte bestaan aan formele opleiding buite skoolverband vir sekere beroepe. Meer as die helfte van die boere het aangedui dat hulle 'n behoefte het aan opleidingskursusse vir trekkerbestuur en -onderhoud. Net meer as een derde van die boere het ook 'n behoefte aan opleiding in vragmotorbestuur en -onderhoud en bespuiting- en besproeiingstegnieke. Daar is in 'n mindere mate behoefte aan opleiding in snoeitegniek en instandhouding van geboue.

In die lig van die knellende droogte wat in die ondersoekgebied ondervind word en die ekonomiese resessie, is besonderhede van respondente verkry oor lewende hawe wat hulle besit en graanproduksie in 'n normale jaar. Die doel met hierdie vrae was om eensyds 'n aanduiding te kry van hoe selfonderhoudend die Swart bevolking is sover dit voedselproduksie betref en andersyds om te bepaal hoedanig die droogte hierdie produksie beïnvloed het. Indien die droogte groot verliese veroorsaak het, kan verwag word dat daar 'n hoër aanbod van arbeid as normaalweg sal wees.

TABEL 2.16

SKOOLSTANDERD VAN SWART RESPONDENTE VOLGENS SUBGROEP

Skoolopleiding	O n d e r s o e k g r o e p						Totaal	
	Plaaswerkers		Inwoners Gazankulu/Lebowa		Werksoekers			
	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen	367	61,8	167	36,8	45	12,4	579	41,0
Laerskool	185	31,1	192	42,3	223	61,3	600	42,5
Vorm I tot III	38	6,4	72	15,8	82	22,5	192	13,6
Vorm IV, V en hoër	4	0,7	23	5,1	14	3,8	41	2,9
<b>T O T A A L</b>	<b>594</b>	<b>100</b>	<b>454</b>	<b>100</b>	<b>364</b>	<b>100</b>	<b>1412</b>	<b>100</b>



TABEL 2.17

## OPLEIDING VAN SWART RESPONDENTE VOLGENS SUBGROEP

Opleiding	O n d e r s o e k g r o e p						Totaal	
	Plaaswerkers		Inwoners Gazankulu/Lebowa		Werkzoekers			
	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen	515	89,9	387	86,5	296	84,6	1198	87,2
Masjienoperateur			1	0,2	1	0,3	2	0,1
Bestuurderslisensie	50	8,6	32	7,2	41	11,7	123	8,8
Mynwerkersertifikaat	1	0,2	3	0,7	1	0,3	5	0,4
Onderwysdiploma			7	1,6			7	0,5
Diploma in Verpleeg- kunde			2	0,4			2	0,2
Professionele (Graad)			2	0,4			2	0,2
Kelner			2	0,4			2	0,2
Ambag	3	0,5	7	1,6	8	2,3	18	1,3
Operateur (algemeen)			2	0,4			2	0,2
Tik			1	0,2			1	0,2
Polisieman			2	0,4	3	0,8	5	0,4
Diploma in Besigheid- administrasie	1	0,2					1	0,1
Werkswinkelvoorman (sert.)	1	0,2					1	0,1
Landboudiploma	1	0,2					1	0,1
Drukker	1	0,2					1	0,1
<b>T O T A A L</b>	<b>573</b>	<b>100</b>	<b>448</b>	<b>100</b>	<b>350</b>	<b>100</b>	<b>1371</b>	<b>100</b>

TABEL 2.18

LEWENDE HAWE VAN SWART RESPONDENTE VOOR EN NA DROOGTE VOLGENS SUBGROEP

Lewende hawe	O N D E R S O E K G R O E P									Totaal		
	Plaaswerkers			Inwoners Gazankulu/Lebowa			Werksoekers			N <sup>1)</sup>	Voor droogte (gem.)	Tydens opname (gem.)
	N <sup>1)</sup>	Voor droogte (gem.)	Tydens opname (gem.)	N <sup>1)</sup>	Voor droogte (gem.)	Tydens opname (gem.)	N <sup>1)</sup>	Voor droogte (gem.)	Tydens opname (gem.)			
Beeste	134	21,3	10,2	128	25,6	8,7	107	25,9	9,0	369	24,3	9,3
Bokke	169	11,4	8,5	134	8,6	5,3	121	10,1	7,4	424	10,0	7,0
Skape	19	8,7	5,8	13	8,6	5,7	21	6,4	4,2	53	7,9	5,2
Donkies/Perde/Muile	25	6,7	4,6	19	4,9	3,9	20	4,3	3,6	64	5,3	4,0
Varke	81	3,5	3,0	65	2,6	2,2	43	3,2	2,9	189	3,1	2,7
Pluimvee	213	13,2	11,2	182	9,9	7,2	155	13,4	11,5	550	12,1	9,9
Ander	6	4,8	4,8	11	7,8	7,7	6	4,1	3,1	23	5,5	5,2
N <sup>2)</sup>	594			455			365			1415		

N<sup>1)</sup> = die getal persone wat die betrokke diersoort aanhou.N<sup>2)</sup> = die totale getal persone in die betrokke steekproef.

Volgens tabel 2.18 het die droogte baie duidelik sy merk gelaat op die veestapel van die dele van Gazankulu en Lebowa wat binne die ondersoekgebied ressorteer. Alhoewel relatief min persone uit die ondersoekgroep diere aanhou, het dié wat wel aanhou, groot verliese gely. (Diesyfers sluit verkope in). Pluimvee, bokke en beeste in genoemde volgorde is die populêrste diere wat aangehou word, maar gemiddeld word meer beeste as van die ander diersoorte aangehou. Die beeskudde is ook in 'n groter mate deur die droogte uitgedun as wat die geval is vir enige van die ander diersoorte. Gemiddeld het die getal beeste met meer as die helfte verminder, terwyl die getalle van die ander diersoorte nie so drasties verminder het nie. Dit is verder opvallend dat plaaswerkers wat beeste aanhou nie in dieselfde mate verliese gely het as inwoners en werksoekers nie.

Uit tabel 2.19 blyk dat net minder as die helfte van die ondersoekgroep in 'n normale jaar mielies produseer. Meer as die helfte van die groep wat wel normaalweg mielies plant, oes egter minder as vyf sakke per seisoen.

Uit die inligting van tabelle 2.18 en 2.19 is dit duidelik dat die meerderheid van die gesinne nie selfonderhoudend is sover dit voedselproduksie betref nie en dat hulle dus afhanklik is van voedsel wat aangekoop moet word.

TABEL 2.19

AANTAL SAKKE MIELIES WAT GEPRODUSEER WORD DEUR SWART RESPONDENT SE GESIN IN 'N GOEIE JAAR VOLGENS SUBGROEP

Aantal sakke mielies in goeie jaar	O n d e r s o e k g r o e p						Totaal	
	Plaaswerkers		Inwoners Gazankulu/Lebowa		Werksoekers			
	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen	303	50,9	256	56,6	164	45,9	723	51,4
1- 5	174	29,2	127	28,0	96	26,9	397	28,2
6-10	66	11,2	39	8,6	51	14,3	156	11,1
11-15	28	4,7	17	3,7	21	5,9	66	4,7
16-30	18	3,0	11	2,4	19	5,3	48	3,4
31-150	6	1,0	3	0,7	6	1,7	15	1,2
T O T A A L	595	100	453	100	357	100	1405	100

## HOOFSTUK 3

### WERKSITUASIE VAN SWART PLAASWERKERS IN DIE LETABA-DISTRIK

#### 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word verskillende fasette van die werksituasie van Swart plaaswerkers toegelig, van die kant van die werkers sowel as van die boer. Die beroepe wat beoefen word, voorkeure en afkêre ten opsigte van beroëpe, lone, in natura-voordele en aspekte in verband met besoldiging word onder andere ondersoek. Aandag word ook gegee aan die stand van en behoefte aan fasiliteite in verband met sosiale infrastruktuur. Verder word aspekte soos lengte van die werksdag, werksweek en etenstye, wat in verband staan met die organisasie van die werk, ondersoek. Laastens word aandag gegee aan indiensneming, registrasie en werkloosheid. Inligting wat verkry is van boere, plaaswerkers, inwoners en werksoekers word in die bespreking gebruik (kyk par. 1.2.3 vir besonderhede oor die steekproewe).

#### 3.2 SOORT WERK

Die beroepstruktuur op plase en variasies ten opsigte van die samestelling van die arbeidsmag volgens subdistrik en aard van indiensneming is reeds in hoofstuk 2 bespreek. Daar is aangedui dat die oorgrote meerderheid werkgeleenthede gewone arbeidswerk behels. Tabel 3.1 gee 'n aanduiding van watter soort werk dit behels, soos aangetref by die steekproef van plaaswerkers. Vir vergelykingsdoel-eindes word die beroepe wat die steekproef van inwoners beoefen en die vorige beroep van werksoekers ook aangedui in tabel 3.1.

TABEL 3.1

## BEROEPSTRUKTUUR

(a) Plaaswerkers

Beroep	N	%
Waterleier	76	12,9
Skoffelwerker (onkruid)	74	12,6
Plukker (groente, vrugte, tee)	70	11,9
Pakker (groente, vrugte)	64	10,9
Voorman/Toesighouer	39	6,6
Planter	26	4,4
Trekkerbestuurder	26	4,4
Bestuurder van voertuie (bakkies, motors)	22	3,7
Kwekery-assistent	18	3,1
Arbeider (algemeen)	17	2,9
Klerk	16	2,7
Huishulp	12	2,0
Vragmotorbestuurder	12	2,0
Werkswinkelassistent	10	1,7
Tuinier	10	1,7
Versender (kontroleer hoeveelheid)	8	1,4
Ontbosser	7	1,2
Skrynwerker (kassies maak)	7	1,2
Plantasiewerker	6	1,0
Plaagbestryder (boorde en plante)	6	1,0
Draadspanner	5	0,9
Grassnyer (dekwerk)	5	0,9
Kok	5	0,9
Ploeër	5	0,9
Skoonmaker	5	0,9
Werktuigkundige	5	0,9
Ander (minder as 5/beroep)	33	5,5
T O T A A L	589	100

(b) Inwoners

Huidige/vorige beroep	N	%
Huishulp	54	15,8
Vrugte/Groente-werker (seisoen)	43	12,6
Plaaswerker	43	12,6
Bestuurder van voertuie	25	7,3
Messelaar	21	6,2
Verkoopsman/vrou - smous	16	4,7
Onderwyser	11	3,3
Mynwerker	10	2,9
Klerk	10	2,9
Algemene arbeider	8	2,3
Tuinier	7	2,0
Operateur	7	2,0
Skoonmaker	6	1,8
Kelner	6	1,8
Fabriekswerker	6	1,8
Ander (minder as 5/beroep)	68	20,0
T O T A A L	341	100

(Vervolg)

TABEL 3.1 (VERVOLG)

(c) Werksoekers

Vorige beroep	N	%
Algemene arbeider	31	12,2
Bestuurder van voertuie	25	9,8
Nog nooit gewerk nie	23	9,0
Messelaar	19	7,4
Plaaswerker	17	6,7
Sweiser	14	5,5
Skrynwerker	12	4,7
Verwer	9	3,5
Loodgieter	9	3,5
Elektrisiën	8	3,2
Vrugte/Groente werker	7	2,8
Tuinier	7	2,8
Operateur	7	2,8
Verkoopsman/ vrou - smous	6	2,4
Mynwerker	6	2,4
Ander (minder as 5/beroep)	54	21,3
T O T A A L	254	100

Alhoewel 'n groot persentasie van die plaaswerkers arbeiderswerk verrig, blyk uit tabel 3.1.a dat daar nogtans 'n groot mate van differensiasie is. Die meeste plaaswerkers het dus hoofsaaklik een spesifieke taak, waarvoor 'n sekere vaardigheid vereis word. Die beroepe van waterleier, skoffelwerker, plukker en pakker is dié wat die meeste werkgeleentheid aan plaaswerkers bied en gesamentlik verteenwoordig hierdie vier beroepe ongeveer 45 % van die totale arbeidsmag op plase. Die beroepe van inwoners toon dat huisbediendes, seisoenplaaswerkers en ander plaaswerkers die belangrikste beroepe is. Soos reeds genoem is, is die onderhoude met inwoners gedurende die week en in normale werkure gevoer en die groot persentasie seisoenplaaswerkers en ander plaaswerkers wat tuis aangetref is (25,2 % gesamentlik), is deels die gevolg van die laagtepunt in die seisoenvraagtoe die inligting ingewin is en waarskynlik ook deels toe te skryf aan die droogte. Die vorige beroepe van werksoekers onderskryf hierdie afleiding aangesien heelparty van die werksoekers voorheen seisoen- of ander plaaswerk gedoen het (9,5 % gesamentlik) terwyl 'n gedeelte van die groep

wat aangedui het dat hul arbeiderswerk verrig het (12,2 %) waarskynlik ook plaasarbeiders was. Die inligting van werksoekers toon egter dat werkloosheid waarskynlik in 'n groter mate die gevolg is van die ekonomiese resessie as die afname in boerdery-aktiwiteit na aanleiding van die droogte. Bykans 30 % van die werksoekers was voorheen betrokke by ambagswerk (27,8 %), waarskynlik grootliks in die bou- en konstruksiesektor. Hierdie sektor is bekend daarvoor dat dit baie gevoelig is vir ekonomiese fluktuasies.

Volgens tabel 3.2, waarin voorkeure vir sekere beroepe aangedui is, is plaasarbeider die belangrikste groep vir plaaswerkers en 23,3 % van dié groep het aangedui dat hulle van plaaswerk hou. Voorkeur vir huishoudelike werk en ambagswerk is die beroepe wat die meeste genoem is deur inwoners en werksoekers onderskeidelik.

Tabel 3.3 gee 'n aanduiding wat die redes van die verskillende groepe vir hul voorkeur is. Bekendheid met werk blyk die vernaamste rede vir al drie steekproewe te wees en net minder as die helfte (46,4 %) van die totale ondersoekgroep het hierdie rede genoem hoekom hulle die bepaalde beroep as voorkeurwerk aangetoon het. Vir al drie groepe, maar veral vir plaaswerkers, is fisiese vermoëns / beperkinge 'n verdere belangrike oorweging. Belangstelling in die werk verteenwoordig verder 'n groep van in die orde van 10 %.

Tabel 3.4 waarin die werkafkeere van die ondersoekgroep aangedui is, toon dat bykans 'n kwart van die plaaswerkers (22,7 %) geen spesifieke afkeer het nie of bereid is om enige werk te doen. 'n Verdere ongeveer 20 % het aangedui dat hulle 'n afkeer in plaaswerk het terwyl 'n aansienlike groep (14,6 %) aangedui het dat hulle nie arbeiderswerk verkies nie, ongeag daarvan of dit op 'n plaas is of nie. Wat afkeer in ander werk as plaaswerk betref, is mynwerk die belangrikste en 81 (13,9 %) van die plaaswerkers het mynwerk genoem.

Volgens tabel 3.5 is veeleisendheid van die werk (32,8 %) die belangrikste rede vir afkeer, gevolg deur onbevredigende werksomstandighede (20,3 %) en gevare verbonde aan die werk (16,2 %). Laasgenoemde sluit indirekte gevare soos uitputting en benadeling van gesondheid in.

Uit die inligting wat in die voorafgaande gedeelte bespreek is met betrekking tot voorkeure vir en afkeere van sekere werktipes kan die vraag gevra word of die werkgewer enigsins 'n rol hierin sal speel. Om die rede is aan die ondersoekgroep gevra of daar sekere werkgewers is vir wie hulle graag wil werk en om

welke rede, en inligting is ook verkry omtrent werkgewers vir wie hulle nie wil werk nie, en die redes hiervoor. Die antwoorde op dié vrae word vervolgens bespreek.

TABEL 3.2

VOORKEUR VIR WERKTIPE VOLGENS SUBGROEP

B e r o e p	Plaaswerkers		Inwoners		Werksoekers	
	N	%	N	%	N	%
Onderwyser/verpleegster			26	5,8		
Polisieman/soldaat/sekuriteitswag					21	5,8
Klerk	20	3,4	22	4,9	32	8,9
Handelaar/Verkoopsman			28	6,2	9	2,5
Voertuigbestuurder	80	13,5	34	7,5	45	12,5
Ambagsman	30	5,1	20	4,4	95	26,3
Voorman	38	6,4				
Plaasarbeider	138	23,3	36	8,0		
Algemene arbeider	15	2,5	37	8,2	20	5,5
Vrugte- groentewerker (seisoen)	84	14,2	10	2,2		
Bosbouwerker						
Huishulp	40	6,8	81	18,0		
Tuinarbeider	29	4,9				
Mynwerker					14	3,9
Padwerker						
Kleremaakster/maker			14	3,1		
Ander	63	10,6	100	22,1	62	17,2
Geen voorkeur/enige werk	55	9,3	44	9,7	63	17,5
T O T A A L	592	100	452	100	361	100



TABEL 3.3

REDE VIR VOORKEUR VIR WERKTIPE VOLGENS SUBGROEP

Rede vir voorkeur vir werktipe	Ondersoekgroep							
	Plaaswerkers		Inwoners Gazankulu/Lebowa		Werksoekers		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Salaris en byvoordele bevredigend	44	7,4	27	6,0	24	6,8	95	6,8
Beste werk binne fisiese vermoë	127	21,5	65	14,6	29	8,2	221	15,9
Bekendheid met werk	274	46,4	192	43,0	180	50,8	646	46,4
Naby tuiste	2	0,3	4	0,9			6	0,4
Belangstellingsrigting	56	9,5	63	14,1	44	12,4	163	11,7
Simpatieke werkgewer en verstaan werker	19	3,2	30	6,7	12	3,4	61	4,4
Word deur eggenoot onderhou			3	0,6			3	0,2
As gevolg van ouderdom/ swak gesondheid	2	0,3	7	1,5			9	0,6
N.v.t., bereid om enige werk te doen	67	11,3	55	12,3	65	18,4	187	13,4
<b>T O T A A L</b>	<b>591</b>	<b>100</b>	<b>446</b>	<b>100</b>	<b>354</b>	<b>100</b>	<b>1391</b>	<b>100</b>

TABEL 3.4

## AFKEER VAN WERKTIPE VOLGENS SUBGROEP

Tipe werk	Plaaswerkers		Inwoners		Werksoekers	
	N	%	N	%	N	%
Onderwyser/verpleegster	9	1,5	38	8,5	4	1,1
Polisieman/soldaat/sekuriteitswag	7	1,2	8	1,8	33	9,2
Handelaar			7	1,6		
Voertuigbestuurder	6	1,0				
Ambagsman	23	4,0	27	6,1	29	8,1
Plaasarbeider	111	19,1	112	25,2	30	8,4
Algemene arbeider	85	14,6	32	7,2	45	12,5
Vrugte-/groentewerker (seisoen)	28	4,8	6	1,3		
Bosbouwerker	8	1,4				
Huishulp	29	5,0	17	3,8	4	1,1
Tuinarbeider			6	1,3	6	1,7
Werker in buitelug	5	0,9	12	2,7		
Mynwerker	81	13,9	61	13,7	108	30,0
Padwerker	19	3,3	14	3,1	15	4,2
Ander	39	6,7	51	11,5	22	6,1
Geen/enige werk	132	22,7	54	12,1	63	17,5
<b>T O T A A L</b>	<b>582</b>	<b>100</b>	<b>445</b>	<b>100</b>	<b>359</b>	<b>100</b>

TABEL 3.5

## REDE VIR AFKEER VAN WERKTIPE VOLGENS SUBGROEP

Rede vir afkeer van werktipe	O n d e r s o e k g r o e p							
	Plaaswerkers		Inwoners Gazankulu/Lebowa		Werksoekers		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Salaris onbevredigend	13	2,3	28	6,4	17	4,8	58	4,3
Gevaarlikewerk (myne, polisie, elektrisiteit)	62	10,9	61	14,0	95	27,1	218	16,2
Werkomstandighede onbevredigend (son, struwelinge)	103	18,2	101	23,2	70	20,0	274	20,3
Geen kennis van werk	54	9,5	48	11,0	19	5,4	121	8,9
Werk te ver van huis	3	0,5	5	1,1	2	0,6	10	0,7
Te veeleisende werk	209	36,7	146	33,5	89	25,4	444	32,8
Geen vryheid	3	0,5	2	0,5			5	0,4
Geen werksekuriteit			1	0,2			1	0,1
N.v.t., bereid om enige werk te doen	120	21,2	43	9,9	58	16,6	221	16,3
T O T A A L	567	100	435	100	350	100	352	100

TABEL 3.6

## REDE VIR VOORKEUR VIR WERKGEWER VOLGENS SUBGROEP

Rede vir voorkeur vir werkgewer	O n d e r s o e k g r o e p							
	Plaaswerkers		Inwoners Gazankulu/Lebowa		Werksoekers		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Salaris	209	57,3	164	51,4	136	59,9	509	55,9
Simpatieke werkgewer	59	16,2	33	10,3	17	7,4	109	12,0
Kennis van werk	10	2,7	20	6,3	5	2,2	35	3,8
Werkomstandighede gunstig	31	8,5	23	7,2	12	5,3	66	7,2
Slaap/woongeriewe	4	1,1			2	0,9	6	0,7
Fabriek (masjiene)					1	0,4	1	0,1
Naby huis	11	3,0	29	9,1	6	2,6	46	5,0
Swart werkgewer — geen taalprobleem	5	1,4	2	0,6	2	0,9	9	1,0
N.v.t., bereid om by enige werkgewer te werk	36	9,9	48	15,0	46	20,3	130	14,3
<b>T O T A A L</b>	<b>365</b>	<b>100</b>	<b>319</b>	<b>100</b>	<b>227</b>	<b>100</b>	<b>911</b>	<b>100</b>

TABEL 3.7

## REDE VIR AFKEER VAN WERKGEWER VOLGENS SUBGROEP

Rede vir afkeer	O n d e r s o e k g r o e p							
	Plaaswerkers		Inwoners Gazankulu/Lebowa		Werksoekers		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Swak besoldiging	35	5,9	27	5,9	39	10,7	101	7,1
Onaangename werksomstandighede	23	3,9	26	5,7	4	1,1	53	3,7
Werk ver van huis/Vervoerdienste swak	13	2,2	17	3,7	6	1,6	36	2,5
Boere op plase			2	0,4	1	0,3	3	0,2
Geen akkommodasie	1	0,2					1	0,1
Moet onder toesig werk Moet in groepe werk	1	0,2	4	0,9			5	0,4
Gevaarlike implemente en werksomstandighede			2	0,4	1	0,3	3	0,2
Onregverdige/onsimpatieke behandeling deur werkgewer	24	4,0	29	6,4	15	4,1	68	4,8
N.v.t., geen afkeer genoem	498	83,7	348	76,5	298	81,9	144	80,9
<b>T O T A A L</b>	<b>595</b>	<b>100</b>	<b>455</b>	<b>100</b>	<b>364</b>	<b>100</b>	<b>414</b>	<b>100</b>

Uit tabel 3.6 blyk dat in geval van al drie groepe naamlik plaaswerkers, inwoners en werksoekers, salaris die belangrikste rede is hoekom werkers n voorkeur vir sekere werkgewers het. Arbeidsverhoudinge kom egter naas salaris op die voorgrond en simpatieke optrede van die werkgewer beklee vir al drie groepe die tweede posisie. Die redes wat volgens tabel 3.7 aangegee is vir afkeer van sekere werkgewers onderskryf die afleidings hierbo. Swak besoldiging beklee weer eens die eerste plek, terwyl onregverdig en onsimpatieke behandeling die tweede plek beklee. Werksomstandighede neem die derde posisie in.

In die bespreking sover is aandag gegee aan voorkeure vir en afkere van werk en werkgewer in die algemeen. Vervolgens word die aandag gevestig op enkele aspekte wat meer spesifiek betrekking het op plaaswerk. Tabel 3.8, waarin redes gegee word hoekom respondente plaaswerk verkies, toon dat arbeidsverhoudinge die belangrikste rol speel vir plaaswerkers sowel as inwoners. Afstand vanaf woonplek, bekendheid met werke fisiese vermoëns is verdere belangrike redes. Aspekte in verband met arbeidsbetrekkinge en fisiese werksomstandighede is volgens tabel 3.9 ook die belangrikste rede vir afkeer van plaaswerk by die betrokke groep. Gevare aan die werk verbonde is die enigste ander rede wat deur heelparty respondente genoem is.

TABEL 3.8

REDE WAAROM PLAASWERKERS EN INWONERS VAN GAZANKULU EN LEBOWA  
PLAASWERK WIL DOEN

Rede waarom respondente plaaswerk wil doen	Plaaswerkers		Inwoners Gazankulu/Lebowa		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Salaris en byvoordele bevredigend	1	0,7			1	0,6
Beste werk binne fisiese vermoë	16	11,6	4	11,1	20	11,5
Bekendheid van werk	15	10,9	4	11,1	19	10,9
Naby tuiste	16	11,6	5	13,9	21	12,1
Belangstelling			1	2,8	1	0,6
Simpatieke werkgewer en verstaan werker	55	39,9	14	38,9	69	39,7
Word deur eggenoot onderhou	1	0,7			1	0,6
Bereid om enige werk te doen	29	21,0	8	22,2	37	21,3
Ongespesifiseerd	5	3,6			5	2,9
<b>T O T A A L</b>	<b>138</b>	<b>100</b>	<b>36</b>	<b>100</b>	<b>174</b>	<b>100</b>

TABEL 3.9

REDE WAAROM PLAASWERKERS EN INWONERS VAN GAZANKULU EN LEBOWA  
NIE PLAASWERK WIL DOEN NIE

Rede waarom respondente nie plaaswerk wil doen nie	Plaaswerkers		Inwoners Gazankulu/Lebowa		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Salaris onbevredigend	5	3,8			5	3,0
Gevaarlike werk (bv. elektrisiteit)	44	33,1	11	34,4	55	33,3
Werkomstandighede onbevredigend (son, struwelinge)	69	51,9	15	46,9	84	50,9
Geen kennis van werk	1	0,8	2	6,3	3	1,8
Werk te ver van huis	8	6,0	2	6,3	10	6,0
Te veeleisende werk	5	3,8	2	6,3	7	4,2
Geen werksekuriteit	1	0,8			1	0,6
<b>T O T A A L</b>	<b>133</b>	<b>100</b>	<b>32</b>	<b>100</b>	<b>165</b>	<b>100</b>



### 3.3 LONE

Die mediaaninkomste (50 % van die groep kry meer en 50 % minder as die aangeduide syfer) van die verskillende steekproewe Swartes word in tabel 3.10 gegee terwyl tabel 3.11 die minimum, maksimum en gemiddelde lone toon wat boere betaal, soos verkry van die steekproef van boere. Volgens tabel 3.10 is daar aansienlike verskille tussen die lone van die verskillende beroepsgroepe. Vragmotorbestuurders en klerke op plase verdien oor die algemeen aansienlik meer as die ander beroepe. Dit is verder duidelik dat goedere en bonusse 'n aansienlike deel van die maandelikse inkomste verteenwoordig. Net minder as die helfte van die plaaswerkers ontvang 'n Kersfeesbonus en die grootte van dié bonus wissel van ongeveer die helfte van 'n maand se inkomste tot meer as 'n volle maand se kontantloon vir die verskillende beroepsgroepe. Die mediaanwaarde van die Kersfeesbonus vir inwoners en werksoekers is nie alleen hoër as vir plaaswerkers nie, maar relatief meer van eersgenoemde groepe ontvang 'n bonus as wat die geval is met plaaswerkers. Vergelyking van die maandelikse inkomste van inwoners met dié van plaaswerkers toon dat arbeiders in beide groepe ongeveer dieselfde verdien terwyl trekkerbestuurders van die inwonersgroep effens meer en die ander beroepe heelwat meer verdien as plaaswerkers. Die ooreenstemming in die lone van arbeiders is daaraan te wyte dat 'n groot groep van die arbeiders in die inwonersgroep, plaaswerkers is. Dit geld waarskynlik ook vir trekkerbestuurders. Die lone wat werksoekers in hul vorige beroep ontvang het, is met uitsondering van vragmotorbestuurders, aansienlik hoër vir al die beroepe as wat die loon van inwoners en plaaswerkers is. In geval van vragmotorbestuurders verdien inwoners meer as wat werksoekers voorheen verdien het.

Die mediaanwaarde van die gemiddelde kontantlone wat boere betaal, soos blyk uit tabel 3.11, vergelyk goed met die lone wat die steekproef van plaaswerkers verstrek het, wat toon dat hierdie stelling inligting 'n hoë mate van geldigheid het. Dit is verder uit tabel 3.11 duidelik dat daar groot variasie bestaan in die lone wat die verskillende boere betaal. Hierdie afleiding word gemaak op grond van die verskille tussen die Q1-, Me- en Q3-waardes van die minimum, gemiddelde, sowel as die maksimum lone. Volgens tabel 3.11 is die minimum loon van 'n arbeider byvoorbeeld in geval van 25 % van die boere R32 of minder per maand terwyl 25 % minstens 'n bedrag van R100 per maand betaal. Die verskille is nie vir die ander beroepe so groot as wat dit vir arbeiders is nie. Stukwerk is 'n belangrike rede hoekom daar sulke groot verskille voorkom by die lone van arbeiders.

TABEL 3.10

MEDIANINKOMSTE <sup>1)</sup> VAN DIE ONDERSOEGROEP VOLGENS BEROEP SOOS DEUR SWART RESPONDENTE AANGEDUI

## (a) Plaaswerkers

B e r o e p	Inkomste (mediaan) in Rand					
	N	Kontant maandeliks	Waarde van goedere maandeliks	Bonus maandeliks	Totale maandelikse inkomste	Kersfeesbonus N Me
Klerk	17	115,00	38,00	7,50	160,50	10 142,50
Voorman	39	70,00	22,50	4,00	96,50	23 30,00
Vragmotorbestuurder	34	122,50	50,00	20,00	192,50	20 70,00
Trekkerbestuurder	31	65,00	12,50	25,00	102,50	14 113,89
Operateur (Halfgeskool)	53	60,00	31,00	7,00	98,00	25 60,00
Huisbediende/Tuinier	25	36,00	15,00	2,00	53,00	9 30,00
Arbeider	386	37,00	20,00	5,00	62,00	160 22,50
						44,6 % kry bonus

## (b) Inwoners

B e r o e p	Inkomste (mediaan) in Rand					
	N	Kontant maandeliks	Waarde van goedere maandeliks	Bonus maandeliks	Totale maandelikse inkomste	Kersfeesbonus N Me
Klerk	40	165,00	70,00	5,00	240,00	35 200,00
Voorman	5					
Vragmotorbestuurder	25	250,00	32,50	27,50	310,00	21 200,00
Trekkerbestuurder	16	70,00	15,00	27,50	112,50	12 55,00
Operateur (Halfgeskool)	73	154,00	50,00	10,00	214,00	37 160,00
Huisbediende/Tuinier	59	50,00	20,00	10,00	80,00	30 50,00
Arbeider	129	40,00	17,00	10,00	67,00	66 40,00
						57,9 % kry bonus

## (c) Werksoekers

B e r o e p	Vorige inkomste (mediaan) in Rand					
	N	Kontant maandeliks	Waarde van goedere maandeliks	Bonus maandeliks	Totale maandelikse inkomste	Kersfeesbonus N Me
Klerk	9					
Voorman	2					
Vragmotorbestuurder	25	190,00	60,00	15,00	265,00	15 230,00
Trekkerbestuurder	85	160,00	30,00	20,00	210,00	61 150,00
Operateur (Halfgeskool)	103	182,00	50,00	50,00	282,00	61 160,00
Huisbediende/Tuinier	13	79,00	40,00	10,00	129,00	10 140,00
Arbeider	77	120,00	40,00	10,00	170,00	44 130,00
						62,7 % het bonus gekry

1) Die mediaanwaardes is nie bereken vir groepe kleiner as 10 nie.

TABEL 3.11

MINIMUM, MAKSIMUM EN GEMIDDELDE KONTANTLONE WAT BOERE BETAAL VOLGENS BEROEP

B e r o e p		Rand/maand					
		1983				1982	1981
		N <sup>1)</sup>	Q1	Me	Q3	Me <sup>2)</sup>	Me <sup>3)</sup>
Klerk	Min.	32	80	127	176		
	Gem.	32	89	178	240	103	88
	Maks.	31	110	238	276	( 72,8 %)	( 17,0 %)
Voorman	Min.	104	50	64	90		
	Gem.	121	55	75	110	60	52
	Maks.	112	60	100	150	( 25,0 %)	( 15,4 %)
Vragmotorbestuurder	Min.	54	100	125	160		
	Gem.	70	100	150	200	115	100
	Maks.	55	120	160	300	(30,4 %)	(15,0 %)
Trekkerbestuurder	Min.	106	45	60	75		
	Gem.	121	50	65	90	59	50
	Maks.	112	60	75	115	(10,2 %)	(18,0 %)
Operateur (halfgeskool);	Min.	58	50	75	113		
	Gem.	64	61	80	119	64	60
	Maks.	54	65	82	142	(25,0 %)	( 6,7 %)
Huisbediende/Tuinwerker	Min.	70	35	40	50		
	Gem.	74	40	45	50	40	30
	Maks.	74	40	50	60	(12,5 %)	(33,3 %)
Arbeider	Min.	340	32	40	100		
	Gem.	370	35	45	89	40	35
	Maks.	344	40	55	120	(12,5 %)	(14,3 %)

N<sup>1)</sup> = Die getal boere van wie die inligting verkry is. Die syfer vir arbeiders is groter as wat die totale steekproef is omdat n boer meer as een tipe arbeider kan hê, waarvoor die inligting afsonderlik verkry is.

Me<sup>2)</sup> = Die persentasie tussen hakies toon die loonstyging 1982-1983.

Me<sup>3)</sup> = Die persentasie tussen hakies toon die loonstyging 1981-1982.

Die verskil tussen die minimum en maksimum mediaan- en kwartielwaardes vir die verskillende beroepe toon dat daar wel geleentheid vir plaaswerkers is om te vorder sover dit salaris betref. Tabel 3.12 toon die maatstawwe wat boere gebruik vir loonverhogings. Dit is duidelik dat daar verskillende maatstawwe

TABEL 3.12  
MAATSTAWWE VIR LOONVERHOGINGS

M a a t s t a f	N	% van N <sup>1)</sup>
Produktiwiteit	87	45,3
Lewenskoste/inflasie	57	29,7
Dienstermyn	46	24,0
Lojaliteit/verantwoordelikheid	30	15,6
Vaardighede/opleiding	9	4,7
Wingsrens	7	3,6
Ander byvoorbeeld vraag/aanbod druk van werkers	24	12,5

N<sup>1)</sup> Die % is uitgedruk as persentasie van al die boere (192) omdat baie boere meer as een maatstaf gebruik.

bestaan, waarvan produktiwiteit, die stygende lewenskoste en lengte van diens in die genoemde volgorde, die belangrikste is. Tabel 3.11 toon dat daar vir die meeste beroepe wel aansienlike loonstygings plaasgevind het oor die voorafgaande twee jaar. Die lone van klerke, vragmotorbestuurders en voormanne het vinniger as die inflasiekoers gestyg terwyl die lone van die ander beroepe min of meer tred gehou het met die lewenskostestygung van die afgelope twee jaar.

TABEL 3.13  
ARBEIDSKOSTE AS PERSENTASIE VAN TOTALE PRODUKSIEKOSTE

	Persentasie			
	N	Q1	Me	Q3
Bereken	84	18	25	33
Geskat	89	18	27	36

Tabel 3.13 toon die persentasie wat arbeidskoste van die totale produksiekoste verteenwoordig. Die tabel toon dat net 84 (48,8 %) van die boere hierdie berekening maak, maar dat die geskatte waardes van die groep wat nie die waarde uitwerk nie, goed vergelyk met die berekende waardes maar die geskatte persentasie neig om hoër te wees. Die verskil tussen die Q1-, Me- en Q3-waardes toon dat daar groot variasie bestaan in arbeidskoste, wat waarskynlik die gevolg is van

verskille in die arbeidsintensiteit van die verskillende tipes boerderye. Vir één kwart van die boere verteenwoordig uitgawes verbonde aan arbeid byvoorbeeld een derde en meer van alle uitgawes, terwyl vir n ander kwart die verhouding op minder as 20 % van die totale uitgawes te staan kom.

Om n aanduiding te kry van hoedanig die lone voldoen aan die verwagtinge van werkers, is respondente gevra wat die kleinste kontantbedrag is waarvoor hulle bereid is om te werk. In tabel 3.14 word die antwoorde wat verkry is, vergelyk met die werklike kontantloon. Met die uitsondering van vragmotorbestuurders van die inwonersgroep is die bedrag wat genoem is gemiddeld hoër as die werklike kontantloon. Dit is opvallend dat vir al die beroepe die persentasieverskil vir plaaswerkers groter is as vir die ander twee groepe. Vir al drie subgroepe is die gaping tussen werklike en verwagte loon die grootste vir huisbediendes. Huisbediendes op plase verwag meer as dubbel die huidige loon. Alhoewel die verskille tussen werklike en verwagte loon in die meeste gevalle groter as 25 % is, toon tabel 3.15 dat slegs n klein groepie uit al drie subgroepe voorheen n werk van die hand gewys het as gevolg van n te lae loon.

TABEL 3.14

HUIDIGE KONTANTLOON VAN SWART RESPONDENTE TEENoor VERWAGTE MINIMUMLOON (PER MAAND) MET VERSKIL IN PERSENTASIE UITGEDRUK VOLGENS SUBGROEP EN BERÖEP

Beroep		O n d e r s o e k g r o e p								
		Plaaswerkers			Inwoners			Werksoekers		
		N	Me <sup>1)</sup>	Verskil %	N	Me <sup>1)</sup>	Verskil %	N	Me <sup>1)</sup>	Verskil %
Klerke	Huidig	17			40	165,00				
	Verwag	17			39	200,00	+21,2			
Voormanne	Huidig	39	70,00							
	Verwag	38	100,00	+42,9						
Vragmotorbestuurders	Huidig	34	122,50		25	250,00		25	190,00	
	Verwag	34	190,00	+55,1	23	200,00	-20,0	24	200,00	+ 5,3
Trekkerbestuurders	Huidig	31	65,00		16	70,00		85	160,00	
	Verwag	31	100,00	+53,8	16	90,00	+28,6	85	180,00	+12,5
Operateurs (Halfgeskooldes)	Huidig	53	60,00		73	154,00		103	182,00	
	Verwag	52	103,00	+71,7	71	180,00	+16,9	102	200,00	+ 9,9
Huisbediendes/Tuiniers	Huidig	25	36,00		59	50,00		13	79,00	
	Verwag	25	80,00	+122,2	59	80,00	+60,0	13	120,00	+51,9
Arbeiders	Huidig	386	37,00		129	40,00		77	120,00	
	Verwag	386	65,00	+75,7	129	80,00	+50,0	77	150,00	+25,0

Me<sup>1)</sup> Die mediaan is nie bereken vir groepe kleiner as 10 nie.

TABEL 3.15

WERK VAN DIE HAND GEWYS AS GEVOLG VAN TE MIN GELD VOLGENS SUBGROEP

Werk van die hand gewys?	O n d e r s o e k g r o e p						Totaal	
	Plaaswerkers		Inwoners Gazankulu/Lebowa		Werksoekers			
	N	%	N	%	N	%	N	%
Ja	89	15,1	80	18,0	84	23,2	253	18,1
Nee	499	84,9	364	82,0	278	76,8	1141	81,9
T O T A A L	588	100	444	100	362	100	1394	100

Op 'n vraag of respondente al om 'n ander rede as geld, werk van die hand gewys het, het 47 (7,9 %) plaaswerkers, 57 (12,5 %) van die inwoners en 29 (8,0 %) van die werksoekers positief gereageer. Die redes wat genoem is, sentreer hoofsaaklik om werksomstandighede en aard van die werk.

Daar is reeds genoem dat persone wat stukwerk doen gemiddeld hoër kontantinkomstes verdien as persone wat vir 'n vaste loon werk. Daar kan gevolglik verwag word dat Swartes eerder op 'n stukwerkgrondslag as op 'n loonbasis sal wil werk. Tabel 3.16 toon egter dat dit nie die geval is nie en slegs 6,0 % van die totale ondersoekgroep verkies stukwerk bo 'n vaste loon. Relatief minder van die plaaswerkers as van die ander groepe verkies stukwerk. In die verband moet genoem word dat sommige boere die term "Kontrakwerk" gebruik met verwysing na stukwerk. Die moontlikheid van 'n kommunikasiegaping is dus nie uitgesluit nie.

TABEL 3.16

WYSE VAN BESOLDIGING DEUR SWART RESPONDENTE VERKIES VOLGENS SUBGROEP

Wyse van besoldiging	O n d e r s o e k g r o e p							
	Plaaswerkers		Inwoners		Werkloses		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Stukwerkbasis	24	4,0	38	8,4	22	6,1	84	6,0
Loonbasis	571	96,0	414	91,6	341	93,9	1326	94,0
TOTAAL	595	100	452	100	363	100	1410	100

TABEL 3.17

DAG VAN DIE WEEK WAAROP RESPONDENTE BETALING VERKIES VOLGENS SUBGROEP

Betaaldag	O n d e r s o e k g r o e p						Totaal	
	Plaaswerkers		Inwoners Gazankulu/Lebowa		Werksoekers			
	N	%	N	%	N	%	N	%
Maandag	7	1,2	10	2,3	13	3,6	30	2,1
Dinsdag	1	0,2	2	0,4	1	0,3	4	0,3
Woensdag	2	0,3	1	0,2	5	1,4	8	0,6
Donderdag	4	0,7	4	0,9	2	0,6	10	0,7
Vrydag	511	86,8	414	91,4	331	91,3	1256	89,4
Saterdag	64	10,8	22	4,8	10	2,8	96	6,9
T O T A A L	589	100	453	100	362	100	1404	100

Om beter perspektief oor lone te kry, is inligting van die verskillende steekproewe verkry oor ander aspekte in verband met lone. Die dag van die week waarop uitbetaling geskied, en of dit daaglik, weeklik, tweeweeklik of maandeliks geskied word vervolgens bespreek. Dit is algemene praktyk by werkgewers om lone aan die einde van 'n week te betaal. Tabel 3.17 toon die dag waarop Swartes verkies om betaal te word. Dit is duidelik dat die werkgewers se keuse korrek is en 96,3 % van die ondersoekgroep het Vrydag of Saterdag verkies. Die persentasies verskil nie veel vir plaaswerkers, inwoners en werksoekers nie. Geleentheid vir inkopies en om geld huis toe te neem is die belangrikste redes hoekom die einde van die week verkies word. Tabel 3.18 toon die periode waarvoor boere lone bereken en betaal terwyl tabel 3.19 die periode toon wat werkers verkies.

TABEL 3.18

PERIODE WAARVOLGENS BOERE LONE BEREKEN EN BETAAL VOLGENS SOORT WERKER

Periode	Woon op plaas		Kontrakwerkers		Loswerkers	
	Bereken %	Betaal %	Bereken %	Betaal %	Bereken %	Betaal %
Daaglik	49,7	1,2	58,1		73,4	1,3
Weeklik			4,7	5,8	12,7	30,4
Tweeweeklik		2,5		11,6		30,4
Maandeliks	46,6	91,4	25,6	74,4	8,9	27,8
Stukwerk			2,3		1,3	
Kombinasies	3,6	4,9	9,3	8,2	3,8	10,2
TOTAAL	100	100	100	100	100	100



TABEL 3.19

VOORKEUR VAN SWART RESPONDENTE WANNEER LONE UITBETAAL MOET WORD VOLGENS SUBGROEP

Wanneer uitbetaling moet geskied	O n d e r s o e k g r o e p						Totaal	
	Plaaswerkers		Inwoners Gazankulu/Lebowa		Werksoekers			
	N	%	N	%	N	%	N	%
Daaglik	2	0,3	7	1,5			9	0,6
Weeklik	69	11,6	86	19,0	106	29,1	261	18,5
Tweeweeklik	139	23,4	118	26,0	142	39,0	399	28,2
Maandelik	385	64,7	242	53,5	116	31,9	743	52,7
T O T A A L	595	100	453	100	364	100	1412	100

Alhoewel daar 'n verskeidenheid wyses bestaan waarop lone bereken en betaal word is daar tog 'n beperkte aantal algemene metodes. Berekening van lone op 'n daaglikse of maandelikse basis is die algemeenste terwyl betaling van werkers wat op die plaas woon en kontrakwerkers hoofsaaklik maandelik gedoen word. Ongeveer net soveel boere betaal hul loswerkers weeklik as wat tweeweeklik en maandelik betaal. Volgens tabel 3.19 verkies bykans twee derdes van die plaaswerkers egter om maandelik hul loon te ontvang terwyl ongeveer een kwart tweeweeklik en net meer as 10 % weeklik uitbetaling verkies.

### 3.4 DIENSVORDELE

In hierdie paragraaf word aspekte rakende rantsoene, behuising, vervoer, pensioene, verlof en mediese dienste van werkers ondersoek. Aandag word gegee aan die voordele wat boere bied sowel as moontlike probleme, soos gesien van die kant van die werkers.

#### 3.4.1 Rantsoene

Tabel 3.20 toon inligting omtrent rantsoene, soos verkry van boere. Die tabel toon dat die meerderheid boere 'n reeks van produkte aan sy werkers voorsien, waarvan mielie-meel en groente en vrugte die algemeenste is. Meer boere verskaf rantsoene aan werkers wat permanent op die plaas woon en kontrakwerkers in kampongs as wat die geval is vir kontrakpendelaars en seisoenwerkers. Indien die uitgawes verbonde aan rantsoene per werker, soos aangedui is in tabel 3.20, verreken word na 'n maandelikse syfer, stem die waarde wat verkry word goed

ooreen met die waarde van goedere wat werkers verstrek het (kyk tabel 3.10). Die bedrae wat werkers verstrek het, is oor die algemeen effens hoër, enersyds waarskynlik omdat dit 'n skatting is en andersyds dat die skatting gebaseer is op kleinhandelpryse. Boere het waarskynlik die kosprys in hul berekeninge gebruik.

Tabel 3.20 toon verder verskille in die periode waarvoor rantsoene uitgereik word en dit wissel van produk tot produk en verskil vir die verskillende groepe werkers. Mielie-meel word oorwegend daaglik of maandeliks uitgereik, terwyl vleis in 'n groter mate weekliks as daaglik of maandeliks verskaf word. Vleis, sowel as groente en vrugte word verder in 'n groter mate as enige ander produk slegs verskaf wanneer dit beskikbaar is en nie op 'n gereelde grondslag nie.

Die rantsoene wat permanente werkers, kontrakwerkers en seisoenwerkers ontvang, toon ook verskille. Permanente werkers en kontrakwerkers wat op die plaas slaap, word byvoorbeeld deur 'n groter persentasie boere voorsien van 'n proteïen-substituut as wat die geval is met kontrakpendelaars en seisoenwerkers. Melk word deur relatief meer boere voorsien aan werkers wat op die plaas woon/slaap as wat die geval is vir die ander groepe.

TABEL 3.20

RANTSOENE WAT BOERE VERSKAF VOLGENS PERIODE WAAROP DIT UITGEREIK WORD EN AARD VAN INDIENSNEMING

(a) Werkers wat permanent op plaas woon

R a n t s o e n	N	Ver- skaf nie %	Verskaf				Totaal %
			Daaglik %	Weeklik %	Maandeliks %	Wanneer beskikbaar %	
Mielie-meel	147	7,5	22,4	8,2	60,5	1,4	100
Vleis	128	20,3	14,1	35,2	7,0	23,4	100
Proteïensubstituut	113	55,8	18,6	12,4	3,5	9,7	100
Melk	109	58,7	25,7	2,8	0,9	11,9	100
Groente/vrugte	142	9,2	28,2	5,6	1,4	55,6	100
Ander	55		81,8	10,9	7,3		100
Waarde:/kapita/dag	N	Me					
Bereken	78	76c					
Gesk	71	85c					

TABEL 3.20 (VERVOLG)

## (b) Kontrakwerkers wat op plaas slaap

R a n t s o e n	N	Ver- skaf nie  %	Verskaf				Totaal  %
			Daaglik	Weeklik	Maandelik	Wanneer beskikbaar	
			%	%	%	%	
Mielie-meel	32	6,3	34,4	12,5	46,9		100
Vleis	30	26,7	13,3	33,3	3,3	23,3	100
Proteïensubstituut	27	44,4	22,2	3,7	11,1	18,5	100
Melk	25	52,0	40,0			8,0	100
Groente/vrugte	30	10,0	26,7	6,7	6,7	50,0	100
Ander	17		88,2	11,8			100
<u>Waarde:/kapita/dag</u>	N	Me					
Bereken	13	88c					
Geskat	20	105c					

## (c) Kontrakwerkers wat pendel

R a n t s o e n	N	Ver- skaf nie  %	Verskaf				Totaal  %
			Daaglik	Weeklik	Maandelik	Wanneer beskikbaar	
			%	%	%	%	
Mielie-meel	42	28,6	31,0	11,9	28,6		100
Vleis	40	40,0	10,0	27,5	5,0	17,5	100
Proteïensubstituut	37	75,7	13,5	5,4		5,4	100
Melk	38	73,7	18,4			7,9	100
Groente/vrugte	43	11,6	34,9	4,7		48,8	100
Ander	26		84,6	11,5	3,8		100
<u>Waarde:/kapita/dag</u>	N	Me					
Bereken	17	71c					
Geskat	30	80c					

## (d) Seisoenwerkers

R a n t s o e n	N	Ver- skaf nie  %	Verskaf				Totaal  %
			Daaglik	Weeklik	Maandelik	Wanneer beskikbaar	
			%	%	%	%	
Mielie-meel	53	47,2	18,9	9,4	24,5		100
Vleis	50	46,0	14,0	22,0	8,0	10,0	100
Proteïensubstituut	44	72,7	11,4	9,1	2,3	4,5	100
Melk	41	80,5	17,1			2,4	100
Groente/vrugte	68	26,5	36,8	1,5		35,3	100
Ander	13		61,5	7,7	30,8		100
<u>Waarde:/kapita/dag</u>	N	Me					
Bereken	29	93c					
Geskat	25	77c					

Behalwe die produkte wat in die tabelle genoem is, voorsien 'n hele aantal boere ook ander produkte, oorwegend op 'n daaglikse basis. Werkers wat permanent op die plaas woon, word in 'n groter mate hierdeur bevoordeel as die ander groepe. Volle maaltye is die belangrikste ander vorm waarin rantsoen verskaf word, maar sommige boere verskaf ook aangekoopte voedsel of kontant vir die aankoop van voedsel.

TABEL 3.21

WERKERS WAT OP DIE PLAAS SLAAP/WOON VOLGENS TIPE BEHUISING

Tipe behuising	Getal boere		Getal werkers/gesinne	
	N	% van N <sup>1)</sup>	N	
Gesinne in baksteenhuise	133	69,3	2 220	gesinne
Gesinne in kleihutte	75	39,1	889	gesinne
Enkellopers in kampongs	103	53,6	5 188	enkellopers
Ander behuising	17	8,9	203	

N<sup>1)</sup> Persentasie is uitgedruk van die totale steekproef van boere (192)

### 3.4.2 Behuising en vervoer

In paragraaf 2.3.3 is aangedui dat meer as die helfte van die werkers in die Letabadistrik permanent op die plase woon, terwyl bykans 30 % op 'n kontrakbasis, langer as een jaar in diens is, waarvan 'n gedeelte in kampongs gehuisves word en die res, wat seisoenwerkers insluit op 'n daaglikse basis tussen hul woon- en werkplek pendel. Behuising- en vervoerfasiliteite sal dus 'n belangrike rol in arbeidsvoorsiening en stabiliteit speel. Die belangrikste fasette van vervoer en behuising word in die paragraaf onder oë geneem.

Tabel 3.21 toon dat meer as 3 000 gesinne en meer as 5 000 enkellopers op die plase van boere in die steekproef gehuisves word. Relatief meer gesinne woon in baksteenhuise as wat in kleihutte woon, terwyl enkellopers hoofsaaklik in kampongs gehuisves word. Die groepie boere (17) wat 'n ander vorm van behuising bied, bied hoofsaaklik huisvesting aan enkellopers in kleihutte, steenhutte wat werkers self bou en asbes- of wattelutte. Die getal werkers/gesinne wat hierdeur geraak word, is egter klein (2,4 %).

TABEL 3.22

## DIENSTE IN VERBAND MET BEHUISING OP PLASE

D i e n s	Soort behuising			
	Baksteenhuise %	Kleihutte %	Kampongs %	Ander %
"Veilige water" binne eenheid	45,3	27,0	46,3	47,5
"Veilige water" word aangery	6,9	8,5	7,5	12,5
Naby "veilige water" geleë	78,6	85,1	70,5	81,3
Toiletgeriewe	69,8	43,8	73,5	40,0
Bad-/stortgeriewe	55,5	25,7	52,0	18,2
Wasgeriewe vir klere, skottelgoed	65,1	39,7	66,3	47,6
Vullisverwydering	50,4	34,3	55,0	42,9
Getal boere wat behuising bied	133	75	103	17

Tabel 3.22 toon dat die kleihutte in 'n mindere mate as ander vorme van behuising voorsien word van "veilige water". Sover dit voorsiening van "veilige water" betref is boere egter meer geneig om behuising te voorsien naby "veilige water" en word water binne wooneenhede en aanrydienste in 'n mindere mate voorsien. Dit geld vir alle vorme van behuising. Baksteenhuise en kampongs word in 'n meerdere mate as die ander vorme van behuising voorsien van toilette, bad-, stort- en wasgeriewe en vullisverwyderingsdienste.

Slegs 'n geringe persentasie (3,8 %) van die boere wat baksteenhuise en/of kampongs opgerig het, het die lening wat die Departement van Landbou vir dié doel beskikbaar stel, gebruik. Die belangrikste redes wat deur boere aangevoer word hoekom daar nie van hierdie bestaande fasiliteit gebruik gemaak word nie, is die beskikbaarheid van eie fondse, te streng regulasies vir oprigting en die tyd wat dit duur om aansoeke af te handel in genoemde volgorde. Een van dié redes is deur bykans twee derdes van die betrokke groep boere aangevoer.

Tabel 3.23 toon die voorkeur ten opsigte van verblyf soos deur die steekproef van plaaswerkers verskaf is. Alhoewel volgens tabel 2.10 meer as die helfte van die plaaswerkers in die Letabadistrik permanent op 'n plaas woon, verkies volgens tabel 3.23 net 15,2 % van die steekproef plaaswerkers om op die plaas te woon. Om gedurende die week op die plaas te oornag en naweke huis toe te keer word deur bykans die helfte van die werkers verkies, terwyl ongeveer een kwart verkies om daaglik te pendel. Soos getoon in tabel 3.24 is daar 'n wye verskeidenheid redes. Die behoefte om saam met die gesin te wees, probleme in verband met vervoer en die begeerte om 'n eie woning te hê is grondliggend aan die keuse wat gemaak is.

TABEL 3.23

## VOORKEUR VIR BLYPLEK VAN PLAASWERKERS

Voorkeur	Plaaswerkers	
	N	%
Woon permanent op plaas	90	15,2
Slaap gedurende die week op plaas	257	43,3
Slaap in Swart woongebied in Blanke area	96	16,2
Slaap in Gazankulu of Lebowa	150	25,3
T O T A A L	593	100

TABEL 3.24

## REDE VIR VOORKEUR VIR BLYPLEK VAN PLAASWERKERS

(a) Verkies om permanent op plaas te woon

R e d e	N	%
Na belange tuis (plaas) om te sien	2	2,4
Daaglik by gesin	13	15,3
Geen vervoerinkostes	32	37,6
Besit nie eie huis in Swart woongebied	3	3,5
Besit eie huis op plaas	15	17,6
Kan spaar op plaas	6	7,1
Ongereelde werksure	4	4,7
Gebore op plaas	10	11,8
T O T A A L	85	100

(c) Verkies om in Swart woongebied by Blanke dorp te slaap

R e d e	N	%
Gesin elke dag versorg	72	75,0
Wil nie op plaas bly nie	7	7,3
Belange tuis om na om te sien	5	5,2
Geen behuising op plaas	2	2,1
Behoeft aan sosiale interaksie	1	1,0
Vry vervoer beskikbaar	3	3,1
Vervoer nie so moeilik	2	2,1
Wil permanente tuiste besit	4	4,2
T O T A A L	96	100

(b) Verkies om gedurende week op plaas te slaap

R e d e	N	%
Vervoerinkostes hoog na huis	85	33,7
Einde van maand huis toe gaan	39	15,5
Geen vervoerinkostes	28	11,1
Gesinsverplichtinge - permanente huis	31	12,3
Kan elke naweek huis toe gaan	36	14,3
Betyds vir werk	10	4,0
Ongetroud/Besit nie eie huis	4	1,5
Vervoergeriewe swak	19	7,5
T O T A A L	252	100

(d) Verkies om in Gazankulu/Lebowa te slaap

R e d e	N	%
Kan elke dag huis (gesin) toe gaan	140	93,3
Belange tuis om na om te sien	5	3,3
Wil nie in kampong slaap nie	2	1,3
Moet betaal vir huisvesting op plaas	1	0,7
Behoeft aan vryheid (beweeglikheid)	2	1,3
T O T A A L	150	100

TABEL 3.25

GETAL PENDELAARS VOLGENS WYSE VAN VERVOER SOOS VERKRY VAN BOERE

Tipe vervoer	Getal werkers	
	N	%
Eie vervoer (stap, fiets, ens.)	2 020	22,9
Openbare vervoer	445	5,0
Oop vragmotor, sleepwa	6 093	69,1
Toe vragmotor, sleepwa	264	3,0
<b>T O T A A L</b>	<b>8 822</b>	<b>100</b>

Uit inligting wat van die boere verkry is, blyk dat ongeveer een derde van alle boere van pendelarbeid gebruik maak en dat 44,5 % van alle plaaswerkers in die distrik pendel. Tabel 3.25 toon die wyse van vervoer wat deur pendelaars gebruik word. Vervoer op oop voertuie is by verre die belangrikste en meer as twee derdes van alle pendelaars word op oop vragmotors of met sleepwaens vervoer. Bykans n kwart maak van eie vervoer gebruik deur byvoorbeeld te stap of met n fiets te ry. Die oorblywende 8,0 % maak van openbare vervoergeriewe gebruik of word deur boere in toe voertuie vervoer. Slegs vier werkgewers het aangedui dat pendelaars betaal vir vervoer wat die boer verskaf terwyl 10 werkgewers pendelaars wat nie deur die boer vervoer word nie, vergoed vir uitgawes in verband met vervoer.

TABEL 3.26

WYSE VAN VERVOER VERKIES DEUR  
PLAASWERKERS WAT PENDEL

Wyse van vervoer	Plaaswerkers	
	N	%
Geen/wil werk toe loop	56	17,7
Bus	120	38,0
Oop vragmotor	87	27,5
Toe vragmotor	30	9,5
Trekker/sleepwa	7	2,2
Enige vervoermiddel	4	1,3
Fiets	5	1,6
Motorkar	7	2,2
<b>T O T A A L</b>	<b>316</b>	<b>100</b>

Tabel 3.26 toon die wyse van vervoer wat werkers verkies. Dit is duidelik dat baie meer werkers graag met busse vervoer wil word as wat tans die geval is. Meer as 'n kwart van die pendelaars het egter geen besware om wel met oop vragmotors vervoer te word nie. Tabel 3.27 toon egter dat die oorgrote meerderheid werkers minder as vyf kilometer vanaf hul werkplek woon. Die afstand waarvoor gependel word, is dus kort. Bykans een uit elke vyf pendelaars het egter aangedui dat hulle nie tevrede is met die vervoergeriewe nie. Ongerief, byvoorbeeld wind, stof, reën en ontoereikendheid van dienste is die algemeenste klagtes.

TABEL 3.27

AFSTAND VANAF PLAASWERKER SE WONING  
TOT BY SY WERKPLEK

Afstand vanaf woning tot by werkplek (km)	Plaaswerkers	
	N	%
- 2	301	54,1
3 - 4	166	29,9
5 - 6	32	5,8
7 - 8	19	3,4
9 - 10	9	1,6
11 - 14	6	1,1
15 +	23	4,1
T O T A A L	556	100

### 3.4.3 Verlof en ander voordele

Tabel 3.28 toon inligting oor verlofreëlings by die steekproef van boere, vir werkers wat permanent op die plaas woon en kontrakwerkers afsonderlik. Bykans alle boere verskaf vakansieverlof met betaling aan sommige permanente werkers terwyl ongeveer twee uit elke drie werkgewers hierdie fasiliteit ook aan sommige kontrakwerkers bied. Die mediaan- en kwartielwaardes toon egter dat die getal dae vakansieverlof met betaling wissel en dat permanente werkers langer verlof kry as kontrakwerkers. Vakansieverlof sonder betaling word deur minder werkgewers toegestaan. Siekteverlof met betaling word deur ongeveer 80 % van die werkgewers toegestaan en dit is redelik algemene praktyk om ongeveer drie weke vir die doel te reserveer. Siekteverlof sonder betaling word deur ongeveer een derde van die boere toegestaan en weer eens is ongeveer drie weke 'n algemene gebruik.



TABEL 3.28  
 VERLOFVOORDELE <sup>1)</sup> WAT BOERE VERSKAF

Tipe verlof	Werkers wat op plaas woon			Kontrakwerkers				
	Ja (% boere)	dae/jaar		Ja (% boere)	dae/jaar			
		Q1	Me	Q3	Q1	Me	Q3	
Vakansie met betaling	93,3	10	13	21	67,8	9	12	14
Vakansie sonder betaling	28,9	10	12	20	39,0			
Siekte met betaling	80,5	21	21	22	79,7	22	22	23
Siekte sonder betaling	28,2	21	22	22	39,0			
Getal boere		149				59		

1) Die Me- en Q-waardes is nie gerapporteer vir groepe kleiner as 10 wat n vaste aantal dae toestaan nie.

Van owerheidskant word in die afgelope jare klem gelê op die voorsiening van pensioenfasiliteite aan soveel moontlik werknemers. Slegs 27 boere (14,1 %) het wel n pensioenfonds en hierdie fonds is beperk tot klein groepies werkers. Permanente werkers en werkers met n sekere aantal jare diens word hierdeur geraak asook hoogbesoldigde werkers. Voorsieningsfondse van versekeringsmaatskappye, skemas van die nasionale state en privaatskemas word vir die doel aangewend.

Bykans alle boere ondersteun hul werkers op één of ander wyse sover dit mediese dienste betref. Vergoeding vir uitgawes en beskikbaarstelling van kliniekdienste is die algemeenste fasiliteite wat gebied word.

Ongeveer twee derdes van die boere ondersteun werkers ook finansieël sover dit begrafniskoste betref. Normaalweg betaal boere die kis en verskaf of finansier vervoerdienste in verband met die begrafnis.

Ongeveer die helfte van die boere voorsien grond aan werkers om voedsel vir hul gebruik te plant, terwyl ongeveer een kwart weiding onder sekere voorwaardes verskaf.

n Verdere gebruik wat by meer as driekwart van die boere bestaan, is die verskaffing van krediet aan werkers. Meeste boere gebruik meriete-aspekte as norm of krediet verskaf gaan word en indien wel, watter bedrag. Sommige boere leen kontant aan werkers terwyl ander goedere op krediet voorsien.

### 3.5 SOSIALE INFRASTRUKTUUR

#### 3.5.1 Fasiliteite op plase

Tabel 3.29 toon die fasiliteite wat op plase beskikbaar is en hoedanig die boere bydra tot die finansiering daarvan.

TABEL 3.29

#### BESONDERHEDE VAN BESKIKBARE GERIEWE OP PLASE

G e r i e f	Eie plaas		Buurplaas Ondersteun %	Geen steun %	Geen %	Totaal %
	Geslote %	Oop %				
Laerskool	1,0	12,5	17,7	10,9	57,8	100
Lokaal vir kerkdienste	4,7	14,1	8,9	3,1	69,3	100
Gesondheidskliniek	13,0	13,0	10,9	3,6	59,4	100
Sokker e.a. sport	10,4	8,3	2,1	1,0	78,1	100
Televisie e.a. ontspanning	4,7	0,5			94,8	100
Bewaarskool	0,5				99,5	100

Uit tabel 3.29 blyk dat elk van die geriewe skole, kerke, gesondheidsklinieke en sport- en ander ontspanningsgeriewe aan werkers op minder as die helfte van die plase beskikbaar is. Beskikbare geriewe op buurplase is hierby ingereken. Dit is verder uit die tabel duidelik dat, alhoewel die meerderheid boere wie se werkers geriewe op 'n buurplaas gebruik die oprigting en instandhouding daarvan finansieel ondersteun, daar tog 'n groepie boere is wat nie bure in die verband ondersteun nie en wie se werkers wel die dienste gebruik. Die geriewe wat bestaan, bestaan egter in 'n meerdere mate op plase waar groot getalle Swartes werksaam is as op plase met minder werkers.

Op 'n vraag of daar enigiets gedoen word in verband met sosiale verkeer van werkers het 77 (40,1 %) van die boere positief gereageer. Die Ja-response kan in 'n aantal kategorieë verdeel word, waarvan reëlins van gesellighede soos braaivleis, filmvertonings, stamdanse en 'n Kersfeesparty die belangrikste is.

Om 'n aanduiding te kry van wat die belangrikste behoeftes van werkers is sover dit sosiale infrastruktuurdienste betref, is van al drie steekproewe inligting verkry omtrent voorkeure vir sport, skool, mediese, musiek- en dans- en kerkgeriewe. Die respondente moes in 'n reeks vrae telkens 'n keuse uitoefen tussen twee geriewe. Elk van die geriewe is in die vraelyste vir die doel met elk van die ander gekombineer (kyk vraag 38 in die vraelyste in bylae A). Die getal kere wat elke gerief gekies is, is vir elke respondent bereken. Hierdie waardes kan wissel van nul tot vier en die gemiddeldes vir plaaswerkers, inwoners en werksoekers verskyn in tabel 3.30.

TABEL 3.30  
GEMIDDELDE VOORKEUR VIR SEKERE SOSIALE INFRASTRUKTUURDIENSTE  
VOLGENS SUBGROEP

D i e n s	O n d e r s o e k g r o e p							
	Plaaswerkers		Inwoners		Werksoekers		Totaal	
	$\bar{X}$	Rangorde	$\bar{X}$	Rangorde	$\bar{X}$	Rangorde	$\bar{X}$	Rangorde
Sport	1,7	5	1,6	5	1,9	5	1,7	5
Skool	2,2	3	2,2	3	2,0	4	2,1	3
Medies	2,8	2	2,7	2	2,7	2	2,7	2
Musiek en dans	1,9	4	1,9	4	2,1	3	2,0	4
Kerk	3,0	1	3,0	1	2,9	1	3,0	1

Alhoewel die verskil nie groot is nie, toon tabel 3.30 nogtans vir die drie groepe, met een uitsondering, deurgaans dieselfde rangorde. Die uitsondering kom voor by werksoekers, in welke geval musiek en dans 'n hoër gemiddelde telling behaal het as skoolgeriewe terwyl vir die ander twee groepe die omgekeerde volgorde geld. Die verskil tussen die betrokke twee gemiddeldes

vir werksoekers is egter klein. Daar kan dus aanvaar word dat wat hierdie vyf dienste betref, die grootste behoefte bestaan ten opsigte van godsdienstige byeenkomste, gevolg deur mediese dienste, skoolfasiliteite, sosiale byeenkomste (musiek en dans) en sportgeriewe in die genoemde volgorde.

### 3.6 ORGANISASIE VAN WERK

In hierdie paragraaf word die lengte van die werkweek, werkdag en etensure bespreek. Spesiale reëlins, byvoorbeeld wanneer dit reën of wanneer 'n begrafnis plaasvind en ander sake wat met arbeidsverhoudinge in verband staan, geniet ook aandag. Inligting van boere sowel as van plaaswerkers word in die bespreking gebruik.

Tabel 3.31 toon inligting oor die lengte van die werkweek soos verkry van plaaswerkers sowel as van boere. Die inligting wat die twee steekproewe verskaf het, stem goed ooreen en dit blyk dat bykans twee derdes van die plaaswerkers vyf-en-n-half of ses dae werk, terwyl ongeveer dieselfde persentasie boere hul werkprogram op 'n vyf-en-n-half of sesdagbasis organiseer. Ongeveer een kwart van die werkers werk vyf dae en die oorblywende groep (11,5 %) het 'n sewedagwerkweek. Laasgenoemde persone verteenwoordig noodsaaklike dienste soos melkery, vervoer van produkte en waterleiding, sowel as huishoudelike dienste. Die belangrikste twee kombinasies wat by boere aangetref is, is dat vroue vyf dae werk terwyl mans vyf-en-n-halfdag werk en pendelaars vyf dae terwyl werkers wat op die plaas woon vyf-en-n-halfdag werk.

TABEL 3.31

AANTAL WERKDAE WAARUIT WERKWEK VAN PLAASWERKERS BESTAAN

Aantal werkdade van werkweek	Boere		Plaaswerkers	
	N	%	N	%
5 dae	48	25,4	155	26,3
5½/6 dae	123	65,1	367	62,2
7 dae	1	0,5	68	11,5
Kombinasies	17	9,0		
T O T A A L	189	100	590	100

TABEL 3.32  
LENGTE VAN WERKDAG

Lengte (Uur)	N	%
8	21	10,9
9	26	13,5
9½	9	4,7
10	40	20,8
10½	11	5,7
11	22	11,5
12	8	4,2
Sonop/Sononder Kombinasies	20	10,4
Geen vaste ure (bv. stukwerk)	2	1,0
	33	17,2
<b>T O T A A L</b>	<b>192</b>	<b>100</b>

Mediaan ± 10½ uur

TABEL 3.33  
LENGTE VAN ETENSTYF

Lengte (minute)	Ontbyt		Middagete	
	N	%	N	%
15	9	4,7		
20-25	10	5,2		
30	119	62,0	8	4,2
45	5	2,6	7	3,6
60	14	7,3	160	83,3
75 +			12	6,3
Stukwerk/geen vaste	35	18,2	5	2,6
<b>T O T A A L</b>	<b>192</b>	<b>100</b>	<b>192</b>	<b>100</b>

Inligting oor die lengte van 'n normale werkdag verskyn in tabel 3.32 terwyl tabel 3.33 die lengte van etenstye toon. Wat die inligting van tabel 3.32 betref, moet genoem word dat daar nie in die vraelys of gedurende die veldwerk instruksie gegee is omtrent die in- of uitsluiting van etes by die lengte van die werkdag nie. Gevolglik kan nie aanvaar word dat dit konsekwent ingesluit of uitgesluit is in die data nie. Dit wil egter voorkom of persone aan die uiterstes van die skale (8 en 9 uur aan die eenkant en 11 en 12 uur aan die anderkant) nie in albei gevalle dieselfde gedoen het nie. In geval van persone

wat aangedui het dat die werkdag 8 of 9 uur lank is, word vermoed dat etes nie hierby ingereken is nie terwyl dit waarskynlik deur persone wat 11 of 12 uur aangedui het, wel ingereken is. Tabel 3.33 toon dat ontbyt-tyd van ongeveer 30 minute en 'n middagete van een uur redelik algemene praktyk is vir werkers wat nie op 'n stukwerkgrondslag werk nie. Indien hierdie 1½ uur afgetrek word van die mediaanlengte van die werkdag, wat nagenoeg op 10½ uur te staan kom, maar ook bygetel word by die mediaan, word tye van 9 en 12 uur verkry. Dit behoort 'n goeie aanduiding van die verspreiding ten opsigte van die werklike lengte van die werkdag te gee.

Op 'n vraag aan plaaswerkers of hulle verplig word om op reëndae te werk het net minder as twee derdes (63,8 %) ja geantwoord. Bykans driekwart van die werkers wat nie op reëndae werk nie (70,9 %) het aangedui dat hulle nogtans volle betaling ontvang vir reëndae waarop nie gewerk is nie. Inligting wat in die verband van boere verkry is, verskyn in tabel 3.34.

TABEL 3.34

REËLING VAN WERK OP REËNDAE VIR WERKERS WAT BUIE WERK

Reëling	N	%
Geen, werk gaan normaal voort	16	8,4
Werk onderdak	64	33,7
Staa werk indien hard reën	45	23,7
Voorsien beskermende klere	36	18,9
Soms beskermende klere, soms onderdak	16	8,4
Ander reëlins	13	6,8
T O T A A L	190	100

Tabel 3.34 toon dat meer as die helfte van die boere hul werkers onderdak laat werk of werk staa (57,4 % gesamentlik) terwyl 'n verdere gedeelte (18,9 %) beskermende klere voorsien. Sestien (8,4 %) boere verwag van werkers om voort te gaan sonder dat enige maatreëls getref word.

In tabel 3.35 is inligting gegee oor vergunnings wat boere doen om werkers tegemoet te kom sover dit bywoning van huwelike en begrafnisse betref. Bykans driekwart van die boere tref wel spesiale reëlings, waarvan spesiale verlof met volle vergoeding en hulp met vervoer die belangrikste is. 'n Groot groep boere het egter aangedui dat hulle vroegtydig ingelig moet word en dat dieselfde maatreëls nie geld wanneer daar sonder voorafreëlings weggebly word nie. Tabel 3.36 toon verdere inligting oor hantering van afwesighede sonder die nodige verlof. Dit is duidelik dat boere oor die algemeen sterk oor afwesigheid voel, soos deur hul optrede weerspieël word. Bykans twee derdes van die boere gebruik een of meer maatreëls wat neerkom op finansiële penalisering, terwyl 'n verdere een vyfde bereid is om elke geval op meriete te oorweeg voordat op 'n spesifieke optrede besluit word. 'n Verskeidenheid van optredes, wat deur enkele boere gedoen word, is saamgegroepeer in die kategorie "ander". Summiere ontslag en die gebruik van dwangmaatreëls soos om die werker te verplig om verder afwesig te wees of om teen dubbeltarief aftrekkings te doen, is die belangrikste ander wyses van optrede.

'n Verdere belangrike aspek in verband met die werk is wyse van toesighouding. Die rol van goeie kommunikasie hoef nie beklemtoon te word nie en die vaardigheid van boere in Swart tale is reeds in hoofstuk 2 bespreek.

TABEL 3.35

SPESIALE VERGUNNINGS DEUR BOERE WANNEER HUWELIKE/BEGRAFNISSE PLAASVIND  
WAARBY WERKERS BETROKKE IS

Vergunning	N	%
Geen, werk gaan normaal voort	53	29,8
Staan spesiale verlof toe	79	44,4
Voorsien vervoer/ander hulp	16	9,0
Ander (meriete, onbetaalde verlof, ens.)	30	16,9
<b>T O T A A L</b>	<b>178</b>	<b>100</b>

TABEL 3.36

## WYSE WAAROP BOERE AFWESIGHEDE HANTEER

Wyse	N	%
Verlof sonder betaling/ verloer bonus/rantsoen	121	65,4
Meriete	37	20,0
Ander (ontslag, dwang= maatreëls)	27	14,6
T O T A A L	185	100

Tabel 3.37 toon die kommunikasietaal tussen boer en werker soos verkry van die steekproef plaaswerkers.

TABEL 3.37

TAAI WAT BOER MEESTAL TEENOR SY WERKERS GEBRUIK  
SOOS DEUR PLAASWERKERS VERSTREK IS

T a a l	N	%
Swart taal	361	60,8
Fanagalo	23	3,9
Afrikaans	196	33,0
Engels	14	2,3
T O T A A L	594	100

Bykans twee derdes van die plaaswerkers het aangedui dat boere meestal deur medium van 'n Swart taal met hul werkers kommunikeer terwyl ongeveer een derde in Afrikaans met hul werkers praat. Daar moet egter gewaarsku word dat werkers van slegs 30 boere in die steekproef ingesluit is en veralgemening van die inligting is dus gevaarlik. Tabel 3.38 waarin die mate gegee is waarin werkers instruksies verstaan, toon dat relatief meer werkers altyd of meestal die instruksies verstaan (80,0 %) as wat volgens tabel 3.37 waarskynlik instruksies in 'n Swart taal kry (60,8 %).



TABEL 3.38

## MATE WAARIN PLAASWERKERS INSTRUKSIES VERSTAAN

Verstaan instruksies	Plaaswerkers	
	N	%
Meestal of altyd	475	80,0
Somtyds	34	5,7
Meestal nie	7	1,2
Voorman gee instruksies	78	13,1
T O T A A L	594	100

Tabel 3.38 toon egter dat 'n groepie plaaswerkers aangedui het dat voormanne die instruksies gee en nie die boer self nie. Tabel 3.39 toon wie die toesighouding doen, soos van die steekproef van X boere verkry. Hierdie inligting toon dat bykans die helfte van die boere self verantwoordelik is vir toesighouding (43,1 %). Hierdie groep verteenwoordig waarskynlik in 'n groter mate die kleinboer as die grootboer. Die oorblywende groep maak in 'n veel groter mate van Swart as Blanke toesighouers gebruik.

TABEL 3.39

## EERSTELYNTOESIGHOUDING

Wie is verantwoordelik?	N	%
Hou self toesig	81	43,1
Net Swart toesighouers	27	14,4
Net Blanke toesighouers	7	3,7
Meestal Swart toesighouers	62	33,0
Meestal Blanke toesighouers	11	5,9
T O T A A L	188	100

### 3.7 WERWING, REGISTRASIE EN VERWANTE SAKKE

Dit is volgens die bepaling van Wet 67 van 1964 verpligtend dat alle Swart werknemers deur hul werkgevers as sodanig geregistreer moet word by 'n arbeidsburo binne die jurisdiksiegebied van die administrasieraad van die betrokke streek. 'n Maandelikse registrasiefooi moet verder vir alle geregistreerde werkers betaal word. Hierdie fooi word aangewend om die arbeidsburo's, wat onder andere ten doel het om Swart arbeid te orden en 'n indiensplasingfunksie te vervul, te administreer (Buitengewone Staatskoerant, 3 Desember 1965).

Gedurende die voorondersoek het geblyk dat heelwat boere van mening is dat hul geen voordeel uit die dienste van die arbeidsburo's trek nie en dat praktiese probleme soos arbeidsomset en lang, afstande registrasie bemoeilik. In hierdie paragraaf word enkele sake in die verband toegelig.

Tabel 3.40 toon die algemeenste werwingsmetodes wat boere gebruik. Dit is duidelik dat die meeste boere glad nie werf nie omdat voldoende werksoekers op

TABEL 3.40

BELANGRIKSTE METODE WAAROP SWART WERKERS GEWERF WORD

Metode	Kontrakwerkers		Seisoenwerkers	
	N	%	N	%
Geen/voldoende werksoekers	121	63,0	135	70,3
Gebruik eie werkers	48	25,0	26	13,5
Vragmotor na woongebied	12	6,3		
Hoofman/Kaptein/Agent			13	6,8
Ander (bv. aansoeke, vroue van werkers)	11	5,7	18	9,4
T O T A A L	192	100	192	100

kontrak- sowel as seisoenbasis op eie stoom werksoek. Boere wat wel werwing doen maak in 'n meerdere mate van werkers gebruik om ander werkers te werf as van enige ander metode. Die enigste ander noemenswaardige metodes wat deur boere gebruik word, is om 'n vragmotor na 'n Swart woongebied te stuur in geval van werwing van kontrakwerkers en om met sekere kapteins, hoofmanne of werwings-agente kontak te maak vir werwing van seisoenwerkers. Dit is opvallend dat die

arbeidsburo's bykans glad nie vir die doel gebruik word nie. Op 'n vraag aan boere of hul probleme met die arbeidsburo's ondervind sover dit werwing betref, het 179 (93,2 %) laat blyk dat hul nie van die arbeidsburo's gebruik maak nie. Die oorblywende 13, wat wel van die arbeidsburo's gebruik maak of gebruik gemaak het, het almal probleme ondervind, wat hoofsaaklik om gebrekkige voorsiening van arbeid sentreer.

Wat die registrasie van werkers betref het 42 (21,9 %) van die boere aangedui dat hulle wel probleme ondervind. Die belangrikste probleem is 'n hoë arbeidsomset wat teweegbring dat 'n werker kort na registrasie nie meer daar werksaam is nie en 'n nuwe werker geregistreer moet word. Rompslomp, beweerde ondoentrefendheid van die arbeidsburo en onvolledige dokumentasie van werkers is ander algemene probleme wat registrasie bemoeilik. Die netto resultaat hiervan is dat min werkers wel geregistreer word en net 15,9 % van die plaaswerkers was wel bewus van registrasie by die arbeidsburo as werknemer. Alhoewel die oorblywende groep, met twee uitsonderinge, geantwoord het dat hulle nie geregistreer is nie, mag 'n gedeelte van die groep moontlik wel geregistreer wees maar nie bewus wees daarvan nie omdat registrasie die werkgewer se verantwoordelikheid is.

### 3.8 WERKLOOSHEID EN TEKORTE

Dit mag met die eerste oogopslag eienaardig voorkom om hierdie twee onderwerpe gesamentlik te behandel. In hoofstuk 2 is egter genoem dat 19,1 % van die Swart bevolking van die ondersoekgebied na raming werkloos is terwyl 41,3 % van die boere wat ondervra is aangedui het dat hul normaalweg tekorte ondervind. Hierdie teenstrydigheid bestaan egter en van die kant van die georganiseerde landbou sowel as die Gazankulu-regeringsdiens bestaan aanduidings dat daar ander faktore hiervoor verantwoordelik is as die huidige droogte en ekonomiese resessie. Alvorens daar in die volgende hoofstuk aandag gegee word aan die samehang van faktore wat 'n rol speel in arbeidsvoorsiening en -stabiliteit in die Letaba-distrik word die aandag in die paragraaf bepaal by besonderhede oor werkloosheid en tekorte, soos verkry van boere sowel as Swart respondente.

Tabel 3.41 toon watter tye van die jaar boere tekorte ondervind. Ongeveer een kwart van die boere wat tekorte ondervind, ondervind tekorte reg deur die jaar terwyl ongeveer een kwart in die winter en een kwart in die somer tekorte ondervind. Die oorblywende groep ondervind tekorte gedurende spitstye in die werkprogram of gedurende vakansietye. Uit hierdie struktuur kan afgelei word dat ongeveer driewart van die boere seisoentekorte en ongeveer een kwart

TABEL 3.41

MAANDE/TYDPERKE WAARIN NORMAALWEG TEKORTE ONDERVIND WORD

Maand/tydperk	N	%
N.v.t., ondervind nie tekorte	108	59,0
Reg deur jaar	18	9,8
Oes-/pakseisoen	5	2,7
Somer	18	9,8
Winter	20	10,9
Vakansietye (Paastyd/Kerstyd)	5	2,7
Ander	9	4,9
T O T A A L	183	100

nie seisoentekorte nie maar deurlopende tekorte ondervind. Die aktiwiteite wat aangedui is waarvoor normaalweg tekorte ondervind word, toon egter dat die persentasie nie-seisoentekorte groter as 25 % kan wees aangesien 38,9 % van die boere laat blyk het dat tekorte deur al die aktiwiteite op die plaas sny. Dit is dus duidelik dat tekorte 'n tweeledige probleem is. Enersyds veroorsaak seisoenfluktuasies in die vraag na arbeid seisoentekorte, maar andersyds speel ander faktore, wat realiseer in deurlopende tekorte ook 'n rol. Tabel 3.42 verskaf inligting oor die aard van indiensneming en tekorte. Dit is duidelik dat die omvang van die tekorte aan permanente werkers veel groter is as wat uit tabel 3.41 blyk. Werkers wat permanent op die plaas woon of slaap, is deur bykans driekwart van die werkgewers wat tekorte ondervind, aangedui as die belangrikste groepe waaraan tekorte ondervind word.

TABEL 3.42

TEKORTE VOLGENS AARD VAN INDIENSNEMING

Soort werk	N	%
Woon op plaas	30	39,5
Kontrak (slaap)	16	21,1
Kontrak (pendel)	7	9,2
Seisoenwerkers	13	17,1
Kombinasies	10	13,2
T O T A A L	76	100

TABEL 3.43

REDES<sup>1)</sup> VERSTREK DEUR BOERE VIR TEKORTE WAT HULLE ONDERVIND

R e d e	N	%
Werkskuheid	25	28,7
Weerstand teen arbeider-/plaaswerk	13	14,9
Lone kan nie kompeteer	12	13,8
Sosiale stelsel (bestaanseconomie)	10	11,5
Ander (bv. beter voordele by myne)	27	31,0
T O T A A L	87	100

1) Die getal redes is meer as die getal boere wat tekorte ondervind omdat sommige boere meer as een rede genoem het.

Tabel 3.43 toon die redes wat aangevoer word vir tekorte deur boere wat tekorte ondervind, terwyl tabel 3.44 die redes gee vir boere wat nie tekorte ondervind nie, vir dié toedrag van sake. Werkskuheid, weerstand teen arbeiders- en plaaswerk, die feit dat lone van boere nie kan kompeteer met dié van ander sektore nie en die sosiale stelsel van Swartes is die belangrikste redes aangevoer deur boere wat tekorte ondervind. Onder sosiale stelsel is aspekte soos dat Swartes nie belangstel om te werk indien daar genoeg voedsel is nie, dat aan die basiese behoeftes voldoen word as van die gesinslede werk en ander aspekte wat kenmerkend is van 'n bestaanseconomie, saamgegroepeer.

TABEL 3.44

REDES VERSTREK DEUR BOERE HOEKOM HULLE NIE TEKORTE ONDERVIND NIE

R e d e	N	%
Kon geen spesifieke rede noem nie	14	13,0
Goeie arbeidsverhoudinge/kommunikasie	33	30,6
Naby Swartgebied/goeie vervoer	13	12,0
Ander (bv. behuising, byvoordele, tipe boerdery, werksomstandighede)	48	44,4
T O T A A L	108	100

Die redes wat deur boere aangevoer word hoekom hulle nie tekorte het nie, verskil opvallend van die redes wat boere wat wel tekorte ondervind, hiervoor aangedui het. Arbeidsverhoudinge kom na vore by boere wat nie tekorte het nie as die belangrikste rede hoekom hulle nie tekorte het nie. Die afstand vanaf Swart gebied en goeie vervoerreëlins is ook belangrik. Die belangrikste aspekte wat onder "ander" saamgevoeg is, is byvoordele soos behuising en sportgeriewe, tipe boerdery en beter werksomstandighede, wat deur boere voorsien word wat nie tekorte het nie.

TABEL 3.45

PERSENTASIE WAARMEE PRODUKSIE VERHOOG KAN WORD INDIEN GEEN TEKORTE ONDERVIND SOU WORD NIE

%-verhoging	N	%
0 - 9	8	14,0
10 - 19	16	28,1
20 - 29	15	26,3
30 - 39	4	7,0
40 - 59	7	12,3
60 - 99	2	3,5
100 +	5	8,8
T O T A A L	57	100

Me 19,0

Dat produksie aangetas word deur tekorte blyk uit tabel 3.45. Boere wat aangedui het dat produksie deur tekorte geaffekteer word, is van mening dat in hul spesifieke geval produksie verhoog kan word met tussen nul en meer as honderd persent. Die mediaanwaarde kom op 19 % te staan. Dat tekorte aktueel is, kan dus nie weggeredeneer word nie. Die vraag ontstaan watter maatreëls getref word om tekorte die hoof te bied. Inligting in die verband verskyn in tabel 3.46.

In hoofstuk 1 is verwys na maatreëls wat verskillende regerings deur die loop van jare getref het om te verseker dat die landbousektor voldoende arbeid bekom. Daar is ook verwys na 'n verskeidenheid kommissies en komitees wat ondersoek in die verband ingestel het. Tabel 3.46 toon dat boere bewus is van die realiteite en 19,7 % van die boere wat tekorte ondervind, het aangedui dat hulle lone en ander diensvoordele verbeter in 'n poging om tekorte die hoof te bied. Alhoewel

TABEL 3.46

WYSE WAAROP TEKORTE DIE HOOF GEBIED WORD

W y s e	N	%
Meganiseer waar moontlik	13	17,1
Sny op produksie	10	13,2
Aanvaar tekorte/doen niks spesifiek	12	15,8
Verskerp werwing/ander bronne	13	17,1
Beter beplanning/verhoog produktiwiteit	8	10,5
Beter lone/diensvoordele	15	19,7
Ander (bv. werk self, werkerkomitee)	5	6,6
T O T A A L	76	100

genoemde metode die belangrikste wyse is wat genoem is (19,7 %), is dit in die lig van groot werkloosheid kommerwekkend dat 17,1 % van die boere wat tekorte ondervind, aangedui het dat hul sover moontlik meganiseer en sodoende probeer om die tekorte die hoof te bied. Ander belangrike maatreëls is verskerping van werwing, verlaging van produksie en beter beplanning of verhoging van produktiwiteit. 'n Gedeelte van die boere wat wel tekorte ondervind (15,8 %), aanvaar dit.

In die voorafgaande gedeelte van hierdie paragraaf is aandag gegee aan 'n verskeidenheid fasette in verband met tekorte, soos gesien van die kant van die boer. Vervolgens word die aandag bepaal by werkloos en verskillende aspekte wat hiermee verband hou, soos gesien van die kant van die werksoeker. Die redes wat werksoekers aanvoer vir hul werkloosheid word in tabel 3.47 aangedui.

Gebrek aan voldoende werkgeleentheid is na die mening van werksoekers die belangrikste rede vir werkloosheid en 53,0 % van die werksoekers het hierdie rede genoem. Die enigste ander rede wat deur meer as 10 % van die werksoekers genoem is, is die beëindiging van 'n kontrak (16,8 %). Die kontrakstelsel word algemeen gebruik deur nywerhede, wat tans nog hoofsaaklik in Blanke metropole gevestig is en reflekteer dus in 'n mate die invloed van die ekonomiese resessie op werkloosheid in die Letabadistrik.

TABEL 3.47

## REDE VIR WERKLOOSHEID VAN WERKSOEKERS

Rede vir werkloosheid	Werksoekers	
	N	%
Gebrek aan werkgeleenthede	177	53,0
Kontrak is voltooi/beëindig	56	16,8
Ontslaan	26	7,8
Salaris onbevredigend	18	5,4
Werkomstandighede onbevredigend	8	2,4
Gesinsverpligtinge	6	1,8
Siekte/ouderdom/swangerskap	21	6,3
Nog nooit voorheen gewerk	10	3,0
Te lank weggebly van werk - siekte, verlof	12	3,6
<b>T O T A A L</b>	<b>334</b>	<b>100</b>

TABEL 3.48

## REGISTRASIE VAN WERKSOEKERS

Huidige registrasie by arbeidsburo's	N	%
Geregistreer as werknemer	7	1,9
Geregistreer as werksoeker	105	28,9
Nie geregistreer nie	251	69,2
<b>T O T A A L</b>	<b>363</b>	<b>100</b>

Tabel 3.48 toon hoeveel van die werkloos as sodanig geregistreer is by 'n arbeidsburo. Die tabel toon dat meer as twee derdes aangedui het dat hulle nie geregistreer is nie. Hierdie persone was egter tydens die veldwerk almal fisies by die arbeidsburo teenwoordig en is as gevolg van hul teenwoordigheid in die steekproef ingesluit. Die korrektheid van die inligting is in etlike gevalle in die veld gekontroleer deur die veldwerker terug te stuur na die respondent. In die gevalle wat wel gekontroleer is, was die inligting korrek en is feitlik deurgaans as rede aangevoer dat daar gewag word vir 'n kontrak. Dit is blykbaar redelik algemene praktyk dat werkgewers of hul agente werwing doen by die



arbeidsburo, sonder bemiddeling van die buro. Dit kom ook voor of sekere werkgewers 'n vaste roetine het sover dit die dae en tye van werwing betref en dat hierdie inligting aan werksoekers bekend is. Meer as die helfte van die werksoekers besoek gevolglik die arbeidsburo drie of minder kere per maand (58,8 %).

Finansiële hulp van familie en vriende is deur bykans twee derdes van die werksoekers (63,0 %) aangedui as die belangrikste bron van inkomste. Die oorblywende groep leef met enkele uitsonderinge van spaargeld of geleende geld. Slegs agt (2,2 %) van die werksoekers ontvang werkloosheidsversekering. Om 'n aanduiding te kry van hoe Swartes voel oor finansiële afhanklikheid van werkloos is aan al drie steekproewe gevra of hulle meen dat familie en vriende werkloos behoort te onderhou. Die antwoorde verskyn in tabel 3.49. Alhoewel volgens die inligting hierbo bykans twee derdes van die werkloos wel deur familie en vriende onderhou word, is die respondente van al drie steekproewe nie so sterk ten gunste van dié toedrag van sake nie. Driekwart van die plaaswerkers (75,3 %), meer as die helfte van die inwoners (58,5 %) en ongeveer twee derdes van die werksoekers (67,6 %) het "nee" geantwoord op dié vraag. Werkloosheid veroorsaak dus 'n botsing by 'n groot groep Swartes tussen behoefte en realiteit, waarskynlik omdat lewenskwaliteit hierdeur verlaag word, ook vir persone wat wel werk.

TABEL 3.49

MOET WERKLOSES DEUR FAMILIE EN VRIENDE ONDERHOU WORD?

Antwoord	O n d e r s o e k g r o e p							
	Plaaswerkers		Inwoners		Werksoekers		Totaal	
	N	%	N	%	N	%	N	%
Ja	146	24,7	189	41,5	118	32,4	453	32,1
Nee	446	75,3	266	58,5	246	67,6	958	67,9
T O T A A L	592	100	455	100	364	100	1411	100

Meer as die helfte van al drie steekproewe het aangedui dat hulle van mening is dat Swartes neersien op werkloos. Werkskuheid, diefstal van geld en goedere en verwaarlosing van afhanklikes is aangegee as die belangrikste rede hoekom Swartes neersien op werkloos. Simpatie en die skaarste aan werk is die belangrikste redes hoekom sommige Swartes nie op werkloos neersien nie.

Die meerderheid respondente van al drie steekproewe (58,0 % in totaal) is van mening dat Blankes nie op werkloos neersien nie. Pogings van Blankes om werkgeleenthede te skep en 'n simpatieke houding is die twee belangrikste redes vir dié respons. Die groep wat wel van mening is dat Blankes neersien op werkloos voer dieselfde redes aan waarom Swartes op werkloos neersien. Diefstal en werkskuheid is die belangrikste redes.

Bykans driekwart van die respondente het aangedui dat hulle bereid is om enige werk te doen eerder as om werkloos te wees. Slegs vier (1,1 %) van die werksoekers kon reeds werk bekom waarvan twee dit nie aanvaar het nie omdat daar nie verblyf beskikbaar was nie. Die tipe werk en ontoereikende loon is onderskeidelik deur die ander twee aangevoer as redes vir weiering. Natuurlike faktore soos die droogte en die wil van God is volgens die respondente van al drie groepe die belangrikste rede vir werkloosheid. Die blaam word egter deur 'n groep (31,9 % in totaal) geplaas op die regeringsdiens van Gazankulu of Lebowa terwyl 'n ander groep (17,2 % in totaal) Blankes of die sentrale regering verantwoordelik hou.

In hoofstuk 4 word vervolgens aandag gegee aan die samehang van die faktore wat sover bespreek is in arbeidsvoorsiening en-stabiliteit in die Letabadistrik.

## HOOFSTUK 4

### BELANGRIKSTE FAKTORE WAT 'N ROL SPEEL IN DIE VOORSIENING EN STABILITEIT VAN PLAASARBEID

#### 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die belangrikste faktore wat statisties in verband gebring kan word met arbeidsvoorsiening en stabiliteit deur gebruik van meervoudige statistiese tegnieke geselekteer. Die inligting wat van Blanke boere verkry is, word ontleed om te bepaal watter faktore in verband met arbeidstekorte gebring kan word, terwyl faktore wat 'n rol speel in voorkeur vir plaaswerk of ander werk, ondersoek word uit die inligting wat van Swart respondente verkry is. Die CHAID-analise, wat in hoofstuk 2 bespreek is (par. 2.2), is 'n geskikte tegniek vir ontleding van die inligting van Swart respondente. Die steekproef van boere is egter te klein vir 'n CHAID-ontleding en logistiese regressie-ontleding blyk die beste tegniek te wees vir die doel. Volledige inligting oor laasgenoemde tegniek kan verkry word uit die publikasies van Miller en Erikson (1974) en Kleinbaum en Kupper (1978). Die belangrikste eienskappe van hierdie tegniek is dat die data gepas word aan 'n teoretiese model wat gebaseer is op die data. Die verklarende veranderlikes of voorspellers word gebruik om 'n formule te ontwikkel vir 'n regressielyn, wat die verskil in die afhanklike veranderlike (in die geval tekorte/nie tekorte) die beste verklaar. Die tegniek verskil van reglynige regressie daarin dat daar nie van die werklike kleinste kwadrate in die passing gebruik gemaak word nie maar wel van geweegde kleinste kwadrate. Die gewone metode van kleinste kwadrate (of reglynige regressie) kan slegs gebruik word wanneer die afhanklike veranderlike se kategorieë op 'n kontinuum lê met gelyke intervalle. Dit is nie die geval met die afhanklike veranderlike wat hier gebruik word nie, naamlik tekorte aan arbeid of nie tekorte nie. 'n Metode van geweegde kleinste kwadrate is dus die aangewese metode vir die ontledings.

Statistiese metodes wat gebruik word om die sterkte van verbande of assosiasies te bepaal, is almal meganies van aard. 'n Sterk statistiese verband dui dus nie noodwendig op 'n oorsaaklike verband nie. Die statistiese verband kan deur ander faktore veroorsaak word.

Statisties beduidende verbande in die geesteswetenskappe moet met sorg geïnterpreteer word. Wanneer die begrip "verklaar" dus in die teks gebruik word, word daarmee nie veronderstel dat daardie aspek die oorsaak is nie. Ten spyte van hierdie probleem leer 'n mens tog veel uit die verbande wat aangetoon kan word.

Soos wat die geval is met die meeste voorspellingstegnieke, het logistiese regressie ook die beperking dat daar nie te veel voorspellers gelyktydig gebruik moet word nie. Die maksimum aantal voorspellers word normaalweg bepaal deur die grootte van die steekproef. Dié beperking geld te meer wanneer veranderlikes gebruik word waarvan die kategorieë nie op 'n kontinuum lê nie, byvoorbeeld subdistrik waarin plaas geleë is. Gevolglik is die ontledings in stappe uitgevoer en in elke stap is 'n ander reeks voorspellers gebruik. In die finale stap is al die voorspellers wat wel 'n beduidende bydrae lewer tot die verklaring van tekorte in die verskillende stappe, gesamentlik gebruik om te bepaal watter van dié reeks die belangrikste rol speel.

#### 4.2 FAKTORE WAT VERBAND HOU MET ARBEIDSTEKORTE BY DIE STEEKPROEF VAN BOERE

Die volgende veranderlikes wat op logiese en teoretiese gronde gekies is, is gebruik.

##### Stap 1: Biografiese faktore

- (1) Ouderdom: Kontinu (25-83 jr.)
- (2) Huistaal: Afrikaans/Engels
- (3) Afstand vanaf Swart gebied:(kontinu in km.)
- (4) Opleiding: Laerskool/st. 6-9/st. 10/naskools
- (5) Swart taal (praat): Goed/redelik/swak/glad nie

##### Stap 2: Besonderhede van boerdery

- (1) Grootte van die boerderyeenheid binne Letabadistrik:  
(kontinu in ha.)
- (2) Belangrikste boerdery-aktiwiteit: Bees en wild/sitrus/avokado's/  
tamaties/ander.
- (3) Subdistrik: A/B+C/E+F/D+J/Ander.

### Stap 3: Rantsoene en lone

- (1) Minimumkontantloon wat boer aan arbeiders betaal. Indien 'n boer meer as een tipe arbeider gebruik, byvoorbeeld plukkers en pakkers, en hulle verskillende lone ontvang, is die laagste minimum gebruik: Kontinu (Rand/maand).
- (2) Rantsoen (meliemeel): daaglik/weeklik/maandelik/wanneer beskikbaar/glad nie.
- (3) Rantsoen (vleis): selfde kategorieë as vir meliemeel.
- (4) Rantsoen (Proteïensubstituut): selfde kategorieë as vir meliemeel.
- (5) Rantsoen (melk): selfde kategorieë as vir meliemeel.
- (6) Rantsoen (groente/vrugte): selfde kategorieë as vir meliemeel
- (7) Waarde van rantsoen in 2-6: kontinu (sent/kapita/dag)

### Stap 4: Sosiale infrastruktuur

Die getal boere aan wie se werkers skole, kliniekdienste, fasiliteite vir kerkdienste en sportgeriewe beskikbaar is, is laag. Verder is die dienste wat wel beskikbaar is soms op die buurplaas, wat aan 'n ander boer behoort, beskikbaar. Boere wat bogenoemde fasiliteite op hul eie plase beskikbaar stel het egter gewoonlik relatief groot getalle werkers in diens. Die totale getal werkers in diens is gevolglik as substituut gebruik om hierdie veranderlikes in 'n mate te ondervang.

- (1) Totale getal Swart werkers: kontinu
- (2) Getal gesinne wat op die plaas gehuisves word: kontinu
- (3) Getal enkellopers wat in kampongs gehuisves word: kontinu

### Stap 5: Organisasie van die werk

- (1) Lengte van werkweek: 5 dae/5½ dae/6 dae/ander
- (2) Vaste werkure: Ja/Nee
- (3) Toesighouding: Altyd of meestal Swart toesighouers/Ander
- (4) Hantering van afwesighede: finansiële penalisasie/neem meriete in ag/Ander
- (5) Betaling van lone aan permanente werkers: Tweeweeklik/maandelik/ander
- (6) Betaling van lone aan kontrakwerkers: Tweeweeklik/maandelik/ander

(7) Betaling van lone aan seisoenwerkers: Weekliks/tweeweekliks/maandeliks/ander.

#### Stap 6: Aspekte in verband met arbeidsverhoudinge

Die antwoorde op sekere vrae gee in 'n mate 'n aanduiding van die gesindheid van die boer teenoor sy werkers. Spesiale aanpassings in die werkprogram wanneer huwelike en begrafnisse plaasvind, asook finansiële hulpverlening in genoemde gevalle sal na verwagting byvoorbeeld in groter mate gedoen word deur boere wat streef na goeie verhoudinge met hul werkers as wat vir die omgekeerde gevalle sou geld. Uit vorige navorsing van die RGN (Smit, 1980), waarin werkgewers gevra is om Swart werkers te beoordeel ten opsigte van sekere kwaliteite soos eerlikheid en hardwerkendheid, het geblyk dat hierdie beoordeling in 'n sekere mate beïnvloed word deur die werkgewer se ingesteldheid teenoor sy werkers. Werkgewers wat positief teenoor hul werkers ingestel is, sien ook die werkers as eerliker, hardwerkender, ensovoorts as wat die geval is met werkgewers wat minder positief ingestel is. Die korrelasie tussen die tellings wat op verskillende eienskappe verkry is, toon dat die beoordelings beduidend korreleer en dat sommering van die tellings geregverdig is. Teen hierdie agtergrond is boere versoek om 'n algemene beoordeling van hul werkers te maak ten opsigte van beleefdheid, hardwerkendheid, intelligensie, vaardigheid, lojaliteit, eerlikheid, spoed en verantwoordelikheid. Die beoordeling is vir mans en vroue en vir Shangaan-Tsongas en Noord-Sotho's afsonderlik gemaak (kyk beoordelingskaal in bylae A).

Die volgende veranderlikes is in hierdie stap gebruik:

- (1) Verskaffing van krediet aan werkers: Ja/Nee
- (2) Finansiële hulp (mediese kostes): Ja/Nee
- (3) Finansiële hulp (huwelike/begravnisse): Ja/Nee
- (4) Spesiale reëlins (reëndae): Ja/Nee
- (5) Spesiale reëlins (huwelike/begravnisse): Ja/Nee
- (6) Ingesteldheid teenoor werkers (4 veranderlikes, naamlik mans en vroue en Shangaan-Tsonga en Noord-Sotho afsonderlik): kontinu (8-40).

## Stap 7: Werwing en verwante aspekte

- (1) Werwingsmetode (kontrakwerkers): Werkers soek self/gebruik eie werkers/stuur vragmotor/ander.
- (2) Werwingsmetode (seisoenwerkers): Werkers soek self/gebruik eie werkers/stuur vragmotor/ander.
- (3) Persentasie wat Shangaan-Tsongas van die arbeidsmag verteenwoordig: Kontinu (0-100 %).
- (4) Rede vir getalsverhouding Shangaan-Tsonga tot Noord-Sotho: Natuurlike faktore/ander.
- (5) Behoefte aan formele opleiding van plaaswerkers: Ja/Nee.

Die resultate van die sewe stappe word in tabel 4.1 opgesom.

Dit is opvallend dat geen biografiese veranderlike (stap 1), geen aspek in verband met die ligging en grootte van die boerdery (stap 2) en geen aspek in verband met infrastruktuur (stap 4) 'n betekenisvolle bydrae maak tot die verklaring van tekorte nie. Verskillende aspekte in verband met rantsoene en lone sowel as finansiële hulp met mediese uitgawes en wyse van toesighouding is wel betekenisvolle voorspellers van tekorte. Die model neem verder 'n aantal veranderlikes op wat nie betekenisvol bydra tot die voorspelling nie, byvoorbeeld die persentasie wat Shangaan-Tsongas van die totale arbeidsmag uitmaak. Vir hierdie veranderlikes kan gesê word dat alhoewel hul nie betekenisvol bydra nie daar tog 'n neiging of 'n tendens in 'n sekere rigting bestaan. Die bydrae van die individuele veranderlikes wat in tabel 4.1 opgeneem is, word vervolgens bespreek. Daar word na voorspellers wat betekenisvol verband toon op die 5 %-peil verwys as voorspellers wat verband toon met tekorte en na voorspellers waarvan die verband nie betekenisvol is nie as voorspellers wat 'n neiging van verband weerspieël.

### (a) Rantsoene (Stap 3)

Beduidend minder boere wat daaglik mieliemeel verskaf, het tekorte as wat die geval is vir boere wat glad nie mieliemeel verskaf nie. Daar is verder 'n neiging dat boere wat weeklik mieliemeel voorsien ook minder probleme het met tekorte as wat die geval is vir boere wat glad nie mieliemeel voorsien nie. Dit is eienaardig dat die omgekeerde neiging bestaan vir boere wat maandeliks

TABEL 4.1

## OPSOMMING VAN VOORSPELLING VAN TEKORTE (STAPPE 1-7)

Stap	Voorspeller	Koeffi- siënt ( $\beta$ )	Standaard- fout (SE)	$\frac{\beta}{SE}$
1	Geen			
2	Geen			
3	Mieliemeel: Nee → Maandeliks Nee → Weekliks Nee → Daagliks Melk: Nee → Wanneer beskikbaar Nee → Daagliks	-0,599 1,010 1,060 -0,544 1,930	0,346 0,667 0,390 1,100 0,000	-1,73 1,51 2,73* -4,95* 0,00
4	Geen			
5	Toesig: Swart → Ander Betaal lone (permanent): Stukwerk → loon Betaal lone (kontrak): Tweeweekliks → Stukwerk : Tweeweekliks → geen kontrakwerkers : Tweeweekliks → daagliks/weekliks	0,352 -0,661 -1,050 -0,138 1,330	0,175 0,192 0,344 0,374 0,557	2,01* -3,44 -3,05* -0,37 2,38*
6	Finansiële hulp (Medies) Ja → Nee Ingesteldheid (Shangaan-Tsongaman) neg. → pos.	-1,260 0,059	0,309 0,032	-4,07* 1,85
7	Persentasie Shangaan-Tsonga 0 → 100%	0,012	0,007	1,81

\*Betekenisvol op die 5 %-peil ( $\frac{\beta}{SE} > 1,96$ )



mieliemeel voorsien en dit kom voor of hierdie groep boere meer tekorte het as boere wat glad nie meliemeel verskaf nie. Uit hierdie inligting moet nie afgelei word dat boere liewers glad nie as eenmaal 'n maand meliemeel moet verskaf nie. Die aangeduide verband sal langs 'n ander weg verklaar moet word. Boere wat graag werkers in diens wil neem, wat permanent op die plaas woon is meer geneig om te verklaar dat arbeidstekorte ondervind word (tabel 3.42). Dit is ook hierdie boere wat in 'n groter mate waarskynlik maandeliks meliemeel verskaf. Wat belangrik is, is dat gereelde voorsiening van voedsel (veral meliemeel) 'n duidelike verband met die afwesigheid van tekorte het. Wat voorsiening van melk as deel van die rantsoen betref, het meer boere wat melk voorsien wanneer dit beskikbaar is tekorte as boere wat glad nie melk voorsien nie. Daar is egter 'n neiging dat minder boere wat daaglik melk voorsien tekorte ondervind as wat die geval is met boere wat glad nie melk voorsien nie.

(b) Toesighouding (Stap 5)

Minder boere wat meestal of altyd Swart toesighouers gebruik as boere wat self toesighou of Blanke toesighouers gebruik, ondervind tekorte.

(c) Betaling van lone (Stap 5)

Boere wat hul permanente werkers op 'n stukwerkgrondslag betaal ondervind meer probleme met tekorte as boere wat op 'n vaste loonbasis betaal. Boere wat egter kontrakwerk hoofsaaklik op 'n stukwerkbasis vergoed, het minder tekorte as boere wat op 'n loonbasis tweeweeklik uitbetaal. Boere wat glad nie van kontrakwerkers gebruik maak nie neig om minder tekorte te ondervind as boere wat kontrakwerkers het en hul tweeweeklik vergoed. Boere wat hul kontrakwerkers tweeweeklik vergoed, het egter duidelik minder tekorte as boere wat hierdie groep daaglik of weeklik uitbetaal.

(d) Finansiële hulp met mediese uitgawes (Stap 6)

Daar is 'n sterk verband tussen hierdie veranderlike en tekorte. Meer boere wat nie finansiële steun bied nie as boere wat dit wel doen, het probleme met tekorte.

(e) Ingesteldheid teenoor werkers (Stap 6)

Alhoewel die ingesteldheid teenoor Shangaan-Tsonga- en Noord-Sothomans en teenoor vroue van beide etniese groepe gebruik is, neig die beoordeling van slegs Shangaan-Tsongamans om 'n rol in tekorte te speel. Boere wat positief teenoor die Shangaan-Tsongamans is, het minder tekorte as boere wat negatief teenoor die groep werkers is. Dit dien egter vermeld te word dat hierdie vier veranderlikes in dieselfde stap ingevoer is en die beoordeling van die vier groepe korreleer hoog met mekaar. Die ander drie beoordelings kon dus as gevolg van hierdie verband met mekaar deur die telling van Shangaan-Tsongamans verplaas wees. Die verband tussen die telling van Shangaan-Tsongamans en tekorte is egter sterker as dié vir die ander groepe.

(f) Samestelling van arbeidsmag, Shangaan-Tsonga tot Noord-Sotho (Stap 7)

Daar is 'n neiging dat boere wat meer Shangaan-Tsongas as Noord-Sotho's in diens het ook meer probleme met tekorte het as boere vir wie hierdie verhouding andersom is.

Die voorspellers wat in stappe 1-7 geselekteer is en waarvan inligting in tabel 4.1 verskyn, is vervolgens gesamentlik gebruik en die resultate van hierdie ontleding is in tabel 4.2 opgesom. Hierdie ontleding toon dat slegs sekere verskille in die toeken van mieliemeel en in die persentasies wat Shangaan-Tsongas uitmaak van die totale arbeidsmag 'n beduidende verband met tekorte toon. Die ander voorspellers wat in tabel 4.1 opgeneem is, word dus uitgeskakel deur die verband wat hierdie twee het met tekorte. Dit is verder interessant dat die verband tussen die persentasie Shangaan-Tsongas en tekorte in die finale ontleding sterker na vore kom as wat die geval was in stap 7, waarin dit aanvanklik opgeneem is, terwyl die rol van toesighouding vervaag het.

Tabel 4.3 toon die mate waarin daar met die veranderlikes van die finale stap (tabel 4.2) geslaag word om aan te dui watter boere tekorte ondervind en watter nie. Die tabel toon dat daar in totaal met nagenoeg 75 % sekerheid korrek aangedui kan word watter boere wel tekorte ondervind en watter nie. Die persentasie korrekte voorspellings vir boere wat nie tekorte ondervind nie is egter aansienlik hoër as vir boere wat wel tekorte ondervind (78,5 % teenoor 69,4 %).

TABEL 4.2  
BELANGRIKSTE VOORSPELLERS VAN TEKORTE

Voorspeller	Koeffi- sient ( $\beta$ )	Standaard- fout (SE)	$\frac{\beta}{SE}$
Mieliemeel: Nee → Maandeliks	-0,882	0,358	-2,46*
Nee → Weekliks	0,101	0,560	0,180
Nee → Daagliks	1,05	0,402	2,61*
Persentasie Shangaan-Tsonga: 0 → 100 %	0,017	0,076	2,28*
Toesighouding: Swart → Ander	0,383	0,213	1,80

\*Betekenisvol op die 5 %-peil ( $\frac{\beta}{SE} > 1,96$ )

TABEL 4.3  
MATE WAARIN DIE MODEL TEKORTE VOORSPEL VIR DIE STEEKPROEF BOERE

	Tekorte		Nie-tekorte		Totaal	
	N	%	N	%	N	%
Korrek	34	69,4	51	78,5	85	74,6
Foutief	15	30,6	14	21,5	29	25,4
TOTAAL	49	100	65	100	114	100

#### 4.3 FAKTORE WAT 'N ROL SPEEL IN VOORKEUR VIR PLAASWERK BY SWART RESPONDENTE

In die vraelyste wat vir al drie steekproewe van Swartes gebruik is (kyk bylae A), is 'n vraag gevra oor die werk wat die respondent die graagste wil doen (vraag 16a). Die antwoorde wat op die vraag verkry is, is gebruik om twee groepe te selekteer, naamlik, een groep wat 'n beroep genoem het wat duidelik as plaaswerk geïdentifiseer kan word en 'n ander groep, wat 'n werk genoem het wat duidelik nie plaaswerk is nie byvoorbeeld mynwerker en onderwyser. In hierdie paragraaf word aandag gegee aan verskille tussen die twee groepe ten opsigte van 'n aantal biografiese faktore, lone en loonverwagtinge. Die inligting is ontleed deur gebruikmaking van die CHAID-program, wat in hoofstuk 2 (par. 2.2) bespreek is.

##### 4.3.1 Biografiese faktore

Die volgende veranderlikes is in die ontleding gebruik.

- (1) Ouderdom (kategorieë van 5 jr.)
- (2) Geslag
- (3) Status in huishouding (hoof/vrou van hoof/kind)
- (4) Getal afhanklikes
- (5) Etniese groep
- (6) Opleiding (geen/laerskool/vorm I-III/vorm IV-V).


Die resultate van hierdie ontleding verskyn in dendrogram 4.1.

Die ontleding onderskryf die bevindinge wat in hoofstuk 2 (par. 2.2) gemaak is omtrent die werkpatroon van die Swart bevolking van die ondersoekgebied. Opgeleide persone is in 'n mindere mate geneig as onopgeleide persone om voorkeur aan plaaswerk te gee terwyl relatief meer vroue as mans plaaswerk bo ander werk verkies. Daar bestaan verder 'n baie duidelike verskil by vroue wat oor laerskoolopleiding beskik tussen die persentasie van verskillende ouderdomsgroepe wat plaaswerk verkies. Ongeveer twee derdes van die heel jong groep (16-19 j.) en die groep ouer as 30 jaar verkies plaaswerk teenoor een-kwart van die 20-29 jarige vroue. Die voorkeur vir plaaswerk by eersgenoemde groep (16-19 en 30+ jariges) is verder ook groter by die Noord-Sotho- en Vendavroue as by Shangaan-Tsonga- en Zuluvroue.

DENDROGRAM 4.1

ROL VAN BIOGRAFIESE FAKTORE IN WERKVOORKEUR VAN SWART RESPONDENTE

N = 930



a = N te klein om verder te verdeel.

b = Geen verdere beduidende verdeling moontlik nie.

Alhoewel die getal afhanklikes en status in die huishouding ook gebruik is as verklarende veranderlikes, is die twee veranderlikes nie in die dendrogram opgeneem nie. Hierdie aspekte speel dus nie 'n rol in voorkeur vir plaaswerk nie.

#### 4.3.2 Lone

Die volgende veranderlikes is gebruik.

- (1) Wyse van besoldiging verkies: Loon/stukwerk
- (2) Hoe dikwels betaling verkies word: Daagliks/weekliks/tweeweekliks/maandeliks
- (3) Huidige/vorige kontantloon per maand: (-R40, R41-80, R81-120, R121-300, R301+)
- (4) Minimum verwagte loon: Kategorieë soos vir 3.

Die resultate van hierdie ontleding is in dendrogram 4.2 gegee.

Die verwagte minimum loon oefen die grootste invloed uit op die keuse van plaaswerk of ander werk. Namate die bedrag wat verwag word groter word, word die getal persone wat plaaswerk verkies kleiner. Relatief meer persone wat 'n lae loon ontvang as persone wat hoër lone ontvang verkies plaaswerk bo ander werk. Die wyse waarop besoldiging verkies word (stukwerk of loonbasis) en hoe dikwels uitbetaling moet geskied (daagliks, weekliks, ens.) speel nie 'n rol in voorkeur vir plaaswerk nie.


#### 4.3.3 Die gesamentlike rol van biografiese faktore en lone

In die vorige paragrafe is aangedui dat opleiding en geslag in genoemde volgorde, die belangrikste biografiese faktore is terwyl loonverwagting die belangrikste aspek in verband met lone is wat 'n rol speel in voorkeur vir plaaswerk. Hierdie drie veranderlikes is vervolgens gesamentlik in 'n CHAID-ontleding gebruik en dendrogram 4.3 toon die resultaat van hierdie stap. Die rol wat loonverwagting speel, is belangriker as dié van die ander faktore. Persone wat relatief lae loonverwagtinge het, is meer geneig tot plaaswerk as persone met hoër verwagtinge. In geval van al drie loonverwagtinggroepe waar-

DENDROGRAM 4.2

ROL VAN LONE IN DIE WERKVOORKEUR VAN SWART RESPONDENTE


N = 872



a = N te klein om verder te verdeel .  
 b = Geen verdere beduidende verdeling moontlik nie.

DENDROGRAM 4.3

BELANGRIKSTE FAKTORE WAT 'N ROL SPEEL IN WERKVOORKEUR VAN SWART RESPONDENTE



a = N te klein om verder te verdeel.  
 b = Geen verdere beduidende verdeling moontlik nie.



tussen in dendrogram 4.3 onderskei word, kom die rol van opleiding sterker na vore as die van geslag. Vir al drie groepe neem die persentasie wat plaaswerk verkies af namate opleiding toeneem. Ongeskoolde vroue is meer geneë tot plaaswerk as ongeskoolde mans.

#### 4.4 GEVOLGTREKKING

##### 4.4.1 Inleiding

Hierdie ondersoek handel oor arbeidsvoorsiening en -stabiliteit in die landbou- en -diens- sektor van die Letabadistrik. Geen sektor van die ekonomie funksioneer egter in 'n lugleegte nie en om die gevolgtrekkings en bevindings wat op die gebied van toepassing is in groter perspektief te plaas, is dit wenslik om baie kortliks op die veranderingstendense uit 'n makro-oogpunt te kyk. Omdat landbou-arbeid in die Letabadistrik grootliks uit die Swart bevolking getrek word, handel die kort oorsig dan ook hoofsaaklik oor dié bevolkingsgroep.

##### (a) Groei in die ekonomies- of beroeps bedrywige bevolking

Die voorsiening van arbeid is 'n funksie van bevolkingsgroei. Hoe vinniger die bevolking groei, hoe vinniger groei die getalle mense wat hul vir arbeid aanbied. Bevolkingsgroei is een van die probleme waarmee die Derdewêreld en ook Suid-Afrika worstel. Hierdie groei het katastrofiese afmetings begin aanneem en geen regering in die Derdewêreld kon dit nog effektief bekamp nie omdat die ekonomie eenvoudig nie die vermoë het om genoeg werk te genereer nie. Sedert die middel-sewentigerjare spook selfs die Westerse wêreld met 'n langdurige insinking. Hierdie insinking beperk ook die maatreëls wat Derdewêreld regerings kan neem om die negatiewe gevolg van oorbevolking, die hoof te bied.

Figuur 4.1 toon die groei in die ekonomies bedrywige bevolking van die RSA en ook die werkgeleenthede (plaaswerkers en huisbediendes uitgesluit) wat na alle waarskynlikheid geskep kan word, mits die ekonomie teen 'n koers van 4,5 % oor die aangewese tydperk (1978-1987) sou groei. Hierdie groeikoers is waarskynlik die maksimum waarna die RSA kan aspireer oor die lang termyn en toon baie duidelik dat die RSA die Derdewêreld situasie deel. Die ontstellendste aspek van die ontleding is die feit dat al sou die RSA al sy vaardigheidstekorte deur substitusie kon aanvul, sou dit baie min aan die werkloosheidsprobleem verander.

**FIGUUR 4.1**  
**VERWAGTE GROEI VAN DIE EKONOMIES AKTIEWE BEVOLKING EN WERKGELEENTHEDE VIR**  
**DIE TYDPERK 1978 - 1987**

		GROEI VAN GETALLE	JAARLIKSE GROEIKOERS	
BLANKES	EKONOMIES AKTIEWE BEVOLKING: MANS EN VROUE		1.7	100 000 PERSONE
	MANS		1.3	100 000 PERSONE
	VROUE		2.4	100 000 PERSONE
	WERKGELEENTHEDE: MANS EN VROUE		2.8	100 000 PERSONE
KLEURLINGE	EKONOMIES AKTIEWE BEVOLKING: MANS EN VROUE		3.2	
	MANS		3.2	
	VROUE		3.1	
	WERKGELEENTHEDE: MANS EN VROUE		3.6	
ASIËRS	EKONOMIES AKTIEWE BEVOLKING: MANS EN VROUE		2.9	
	MANS		2.4	
	VROUE		4.4	
	WERKGELEENTHEDE: MANS EN VROUE		4.0	
SWARTES	EKONOMIES AKTIEWE BEVOLKING: MANS EN VROUE		2.9	
	MANS		2.9	
	VROUE		3.0	
	WERKGELEENTHEDE: MANS EN VROUE		2.4	

(b) Strukturele veranderinge in die ekonomie

Die struktuur van die Suid-Afrikaanse ekonomie het van 1950 tot 1980 drasties verander. Figuur 4.2 toon die relatiewe bydrae van die verskillende sektore tot die Bruto Binnelandse Produk (waarde van goedere en dienste geproduseer) van die RSA.

Die bydrae van die landbou tot die BBP het aansienlik gedaal van ongeveer 16 % in 1950 tot 5 % in 1980. Ten spyte van die dalende bydrae is die landbousektor nog die tweede grootste werkverskaffer. 'n Gesonde landbousektor is uit die oogpunt dus ook uiters belangrik.

(c) Arbeidsmobiliteit

Arbeidsmobiliteit of die beweging van arbeid is 'n belangrike faktor in die funksionering van die arbeidsmark. Dit het twee breë aspekte, naamlik geografiese mobiliteit (die vryheid van beweging van 'n werker om sy arbeid op enige plek aan te bied) en vertikale beroepsmobiliteit, met ander woorde die beweging van werkers deur die beroepshiërargie.


Dit is 'n wêreldwye verskynsel dat werkers, ongeag die wetlike bepalings wat mag bestaan en groot risiko's wat geloop word, poog om te beweeg na daardie areas, selfs oor landsgrense heen, waar hulle vir hulself 'n beter heenkomsien, hoe realisties of onrealisties hierdie sienswyse nou ook mag wees. Die sterkte van die druk om te beweeg hang nou saam met die toestand in die gebied van herkoms. Die immigrasie-probleme wat Brittanje (uit Wes-Indië, Indië en Pakistan) die VSA (o.a. uit Mexiko) en Wes-Duitsland (uit Turkye) ondervind is sprekende voorbeelde van hoe sterk die druk kan word. Suid-Afrika kan behalwe sy eie groot werkloosheidsyfer na alle waarskynlikheid ook hierdie druk ervaar (veral vanuit Mosambiek).

Die Swart werker het sy posisie in die Suid-Afrikaanse ekonomie algaande verbeter en is tans 'n onontbeerlike komponent daarvan.

Van die ongeveer 1 625 000 operateurs (m.a.w. die groep wat hoofsaaklik die masjiene bedryf) in die RSA se ekonomie in 1981, was 1 218 000 (75 %) Swart. Dit gee 'n aanduiding van die belangrike rol wat Swart arbeid in die produksie van goedere speel.

FIGUUR 4.2

DIE RELATIEWE BYDRAE VAN DIE VERSKILLEDE SEKTORE TOT DIE BRUTO  
BINNELANDSE PRODUK 1950, 1980 EN 2010



Bron: Eenheid vir Toekomsnavorsing,  
Buro vir Ekonomiese Ondersoek  
Universiteit van Stellenbosch  
(September 1983)

TABEL 4.4  
VOLKSGROEFVERDELING VAN DIE MVM VOLGENS BEROEPSGROEF IN 1965-1981  
EN DIE GEPROJEKTEERDE VERDELING VIR 1987

Beroepsgroep	Volks- groep	Basisperiode										Doelwitjaar 1987	
		1965	1967	1969	1971	1973	1975	1977	1979	1981	%	N	
1 Klerklike werkers	Blank	83,1	82,2	80,7	78,8	75,5	72,3	67,8	68,8	65,5	62,5	502876	
	Kleurling	4,1	4,5	5,2	5,1	6,5	7,0	8,2	8,5	8,8	9,7	78460	
	Asiër	3,7	3,8	4,7	6,0	6,2	7,2	7,2	7,6	8,0	8,8	70466	
	Swart	9,1	9,5	9,4	10,2	11,7	13,4	16,8	15,1	17,8	19,0	152924	
	Totaal	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	804726	
2 Verkoopswerkers	Blank	72,7	69,2	70,9	67,0	62,4	65,3	59,7	56,0	59,6	54,4	198720	
	Kleurling	4,8	6,1	5,6	6,1	7,5	9,8	10,4	10,6	8,4	11,2	41027	
	Asiër	7,3	7,3	6,7	9,9	9,2	8,4	8,2	8,9	7,1	8,2	29809	
	Swart	15,2	17,4	16,7	17,0	20,9	16,5	21,7	24,5	25,0	26,2	95498	
	Totaal	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	365054	
3 Ambagsmanne en vakleerlinge	Blank	88,5	86,7	85,5	82,1	78,5	77,0	72,7	74,1	73,1	69,3	269969	
	Kleurling	10,0	10,7	12,4	12,6	14,9	16,3	16,9	17,1	17,0	18,8	73080	
	Asiër	1,2	1,5	1,4	2,3	2,3	2,6	2,6	3,7	4,0	4,3	16595	
	Swart	0,4	1,1	0,7	3,1	4,4	4,1	7,7	5,1	5,9	7,6	29731	
	Totaal	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	389375	
4 Voormanne en toesighouers	Blank	76,7	76,8	71,7	71,5	68,9	69,0	59,1	56,9	56,9	52,3	52842	
	Kleurling	7,0	8,4	8,1	8,1	8,6	7,8	9,7	11,4	12,3	12,5	12592	
	Asiër	2,8	2,4	3,3	4,2	4,2	4,8	3,3	3,5	4,3	4,0	4075	
	Swart	13,5	12,4	17,0	16,2	18,3	18,3	28,0	28,3	26,5	31,2	31537	
	Totaal	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	101046	
TOTALE MVM	Blank	82,2	80,7	79,8	76,9	73,2	71,9	66,8	66,7	65,5	61,7	1024407	
	Kleurling	6,0	6,8	7,4	7,4	9,1	10,0	10,9	11,1	10,9	12,4	205159	
	Asiër	3,7	3,7	4,1	5,7	5,7	6,2	6,1	6,7	6,6	7,3	120945	
	Swart	8,1	8,7	8,7	9,9	12,0	12,0	16,2	15,6	17,0	18,7	309690	
	Totaal	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	1660201	
TOTALE MANNEKRAG	Blank	32,5	31,5	30,4	30,7	30,0	29,7	28,8	30,0	29,0	28,0	1958408	
	Kleurling	9,8	9,8	10,2	9,9	10,3	10,6	10,4	11,4	11,7	11,7	822222	
	Asiër	3,2	3,1	3,2	3,6	3,6	3,6	3,5	3,9	3,8	3,9	270901	
	Swart	54,4	55,6	56,1	55,7	56,2	56,1	57,3	54,7	55,6	56,4	3953269	
	TOTAAL	100	100	100	100	100	100	100	100	100	100	7004800	

TABEL 4.5  
GETAL LEERLINGE IN ST. 8

Jaar	Blank	Kleurling	Asiër	Swart
1970	64481	9936	7986	26695
1971	66558	11184	8868	29800
1972	68240	12094	9043	32074
1973	69947	13853	9748	37175
1974	70692	15315	11032	42588
1975	75497	16885	13533	50772
1976	71761	17841	12511	50631
1977	72719	17813	12863	71699
1978	72573	21063	12865	97666
1979	73398	23725	14638	124678
1980	73663	24501	15241	129297
1981	72779	26648	15625	132023
1982	74925	29343	16131	121780
Jaarlikse groeikoers 1970-1980	1,3	9,3	9,1	18,6

TABEL 4.6  
GETAL PERSONE WAT ST. 10 BEHAAL

Jaar	Blank		Kleurling		Asiër		Swart	
	Met matriek	Sonder matriek	Met matriek	Sonder matriek	Met matriek	Sonder matriek	Met matriek	Sonder matriek
1970	14412	22132	454	952	410	1516	1104	1741
1971	14860	22940	503	1018	466	1894	1445	1931
1972	18778	23935	855	938	625	2395	1973	2523
1973	19106	23186	852	1132	602	2322	2003	2381
1974	20082	24412	1104	1252	662	2817	2237	2732
1975	20850	22135	1337	1711	1189	2731	3725	3030
1976	19867	26571	1120	2063	1310	2494	2101	6109
1977	21885	25264	1001	3588	1794	2674	2583	5466
1978	22288	24438	1163	4469	1805	2818	3818	8227
1979	24754	22779	2685	5319	1811	2980	4517	11016
1980	25523	22647	1622	5387	2055	2764	5188	20403
Jaarlikse groeikoers 1970-1980	5,3	0,4	14,5	20,6	21,2	5,3	13,9	18,8

Bron: Sentrale Statistiekdiens

Swart werkers word ook toenemend belangrik in die groep werkers waarna ook as middelvlakmannekrag (MVM) verwys word. Hierdie feit spreek duidelik uit tabel 4.4. In totaal het Swartes hul aandeel in hierdie groep van ongeveer 8 % in 1965 na 17 % in 1981 verhoog. Die beroepsmobiliteit van Swart werkers het dus aansienlik toegeneem.

Die styging in die onderwyspeil van die Swart bevolking van die RSA is deels die oorsaak van die mobiliteit want dit het substitusie-moontlikhede meegebring. Die styging in die onderwyspeil word goed geïllustreer in tabelle 4.5 en 4.6 waar die getal st. 8-leerlinge op skool en die getal wat st. 10 behaal, aangetoon word. Syfers vir die onafhanklike state is nie eens by die syfers ingereken nie. Verhoging in die onderwyspeil gaan gewoonlik hand aan hand met 'n verhoging van die bewussyn- en aspirasievlakke, wat die druk op sowel geografiese as vertikale beroepsmobiliteit sal laat toeneem.

(d) Lone

Een van die sterkste faktore wat geografiese mobiliteit veroorsaak, is die prys wat vir arbeid van 'n sekere aard betaal word.

Tabel 4.7 toon die gemiddelde jaarlikse loon wat per kop van die Swart werkerskorps in sommige sektore betaal is.

TABEL 4.7

GEMIDDELDE JAARLIKSE LOON VIR SWART ARBEID (RAND PER JAAR)

Sektor	1967	1981	% toename p.j.
Goudmyne	173	2482	95,3
Steengroewe	328	2509	47,3
Fabriekswese	487	3249	40,5

Bron: Setrale Statistiekdiens

Lone het dus besonder vinnig oor die 14 jaar toegeneem, maar daar moet in gedagte gehou word dat 'n gedeelte van die verhoging aan vertikale mobiliteit toegeskryf moet word. Die omvang daarvan kan egter nie met behulp van die beskikbare inligting bepaal word nie.

#### 4.4.2 Spesifieke gevolgtrekkings vir arbeidsvoorsiening en arbeidstabiliteit in die Letabadistrik

In hierdie paragraaf word gevolgtrekkings gemaak wat meer spesifiek op die situasie in die Letabadistrik betrekking het. Alhoewel die gevolgtrekkings onder die twee hoofde ingedeel word, is arbeidsvoorsiening en arbeidstabiliteit onderling ineengestrengeel en sal daar min gevolgtrekkings wees wat suiwer net op een aspek betrekking het.

##### (a) Arbeidsvoorsiening

Die totale vraag na arbeid in die landbousektor van die Letabadistrik, soos dit in die opname ingesluit was, het in 'n hoë mate gestabiliseer en sal na alle waarskynlikheid nie veel uitbrei nie. Die meeste van die arbeid wat benut word, word vanuit die aangrensende distrikte van Gazankulu en Lebowa getrek. Tans werk ongeveer 40 % van die Swart bevolking in die gebiede wat in die ondersoek betrek is, op Blanke plase en 30 % in Blanke stede en dorpe. Die beperkte indiensneming in die state self gaan waarskynlik nie in die voorsienbare toekoms veel verander nie. Gesien die beperkte absorpsievermoë van die formele ekonomie van die RSA gekoppel aan die hoë bevolkingsgroei in die gebiede, kan tot die gevolgtrekking gekom word dat, getalsgewys, daar geen probleme met arbeidsvoorsiening sal wees nie.

##### (b) Arbeidsmobiliteit

Alhoewel die aanbod van arbeid na alle waarskynlikheid die vraag gaan oorskrei en hierdie groot aanbod die bedingingsposisie van die Swart werker gaan verswak, is daar faktore wat die daarstelling van 'n stabiele en produktiewe arbeidsmag teenwerk. Hierdie faktore word kortliks aangestip en moet gesien word teen die agtergrond van 'n algemene bevinding, naamlik dat die Swart werker, alhoewel hy nie tevrede met die situasie is nie, 'n baie realistiese siening van sy eie situasie het.

##### (i) Die lae lone wat in die landbousektor betaal word

Die mediaanloon van Swart mans in arbeidersposisies was in 1981 in die Letabadistrik R35 per maand, in vergelyking met die R117 per maand wat Swart



ongeskoolde werkers in 1980 in alle sektore verdien het. Alhoewel baie boere ook rantsoen verskaf, toon die navorsing dat die Swart werker 'n baie akkurate skatting van die geldwaarde van hierdie rantsoen kan maak. Plaaswerkers het ook min direkte koste verbonde aan pendel. Aan die anderkant verreken die werker die fisiese moeite van pendel as koste. Die bestaan van 'n aansienlike loongaping moet dus as 'n feit aanvaar word. Waar die werkers goed op hoogte is met wat in ander sektore verdien kan word, as hy daar 'n werk kan kry, is dit nie verbasend dat plaaswerk as 'n soort van laaste toevlug beskou word nie, soos dan ook uit redes soos "Dit is al werk wat ek kan kry, ek is bereid om enige werk te doen" blyk.

(ii) Die aard van die werk en werksomstandighede

Plaaswerk is nie slegs vanweë die lae lone onpopulêr nie, maar ook om 'n verskeidenheid van redes wat om die aard van die werk en werksomstandighede draai, soos lang ure, vermoeienis, hitte, ens. Daar is ook vrye onderhoude met Swart gemeenskapsleiers en werkers na die ontledings van die gestruktureerde vraelys gevoer om sekere öenskyndike "eienaardighede" op te klaar. Een van die aspekte wat in hierdie gesprekke aangesny is, is die siening van die Swart ondersoekgroep dat plaaswerk "gevaarlik" is. Die werkers sien die gevaar nie soseer as 'n sterk moontlikheid vir besering of dood nie, maar eerder 'n sienswyse dat die werk as gevolg van die aard daarvan "jou gou oud en siek maak". Plaaswerk het ook 'n negatiewe beeld by die gemeenskap soos blyk uit opmerkings soos "die mense kom vuil en moeg huis toe - hulle word soos skape aangery". Aan die anderkant verkies meer as 'n kwart van die plaaswekers om met oop vragmotors te pendel want dan is daar geen probleme met vervoer van bagasie nie en die vragmoter laai hulle nader aan hul tuistes af as die bus.

(iii) Permanente verblyf op plase

Die meeste boere verkies om permanente werkers met gesin en al op die plaas te vestig. Die meerderheid van die Swart werkers verkies eerder om te pendel op 'n daaglikse of 'n weeklikse grondslag. Die rede vir hierdie keuse is hoofsaaklik gegrond op die verkryging van 'n permanente woonplek in eie gebied omdat dit 'n mate van sekuriteit en groter mobiliteit, ook wat werk betref, aan die Swart werker bied.

(iv) Sosiale infrastruktuur

Die mens se behoeftes strek wyer as net die absoluut basiese van voedsel, kleding en beskutting - hy het ook sosiale behoeftes. Die groepe boere met wie vrye onderhoude gevoer is, het die keuse van kerkfasiliteite as eerste keuse van die Swart ondersoekgroep taamlik vreemd gevind. Alhoewel daar verskille tussen die Shangaan-Tsonga en Noord-Sotho en tussen mans en vroue in die verband bestaan, keer hierdie verskille nie die patroon van keuse om nie. Die aspek is ook by die opvolgonderhoude bespreek en hieruit het geblyk dat die sosiale verkeer wat sodanige fasiliteite moontlik maak 'n baie belangrike rol speel en dat "kerk" nie uit die oogpunt van die Blanke se erediens beskou moet word nie. Dit is op dié vlak waar die lewens-en wêreldbeskouing wat met verskillende kulture saamhang, duidelik na vore kom. In die woorde van een van die werkers "Dit is die plek waar ons leer om saam te leef want ons werk saam."

(v) Arbeidsverhoudinge en kommunikasie

Die faktore wat van (i) tot (iv) hierbo genoem is, is almal faktore wat arbeidstabiliteit negatief beïnvloed, daar is egter ook faktore aanwesig wat arbeidstabiliteit positief kan beïnvloed en seker die belangrikste hiervan is gesonde arbeidsverhoudinge tussen werker en werkgewer. Die enkele belangrikste rede verstrekk deur die werkers wat plaaswerk verkies het, was dat die boer 'n simpatieke werkgewer is wat sy werkers verstaan. Hierdie faset is dan ook beklemtoon deur die boere wat gesê het dat hulle nie juis arbeidstekorte ervaar nie. Goeie arbeidsverhoudinge impliseer nie 'n arbeidsituasie sonder reëls en dissipline nie. Van die boere in die distrik begin van werkekomitees gebruik maak en aan hierdie werkekomitees word in sommige gevalle heelwat bevoegdhede gegee met betrekking tot werwing, aanstelling en selfs dissiplinêre optrede en volgens die boere wat die stelsel gebruik, funksioneer dit goed.

In gesonde arbeidsverhoudinge speel kommunikasie 'n belangrike rol. Heelwat van die boere is 'n Swart taal magtig, en dit vergemaklik kommunikasie maar goeie kommunikasie vanaf die kant van die werkgewer vereis ook begrip van die kulturele verskille wat tussen groepe bestaan. Daar moet begrip wees vir wat die Swartman as goeie maniere beskou, die wyse waarop hy soms sy probleme op 'n miskien meer indirekte wyse aan sy werkgewer bekend maak. Goeie kommunikasie vereis ook dat die werker sal verstaan wat hy moet doen en ook hier

speel taal 'n belangrike rol. Negatiewe opdragte (moenie so of so nie) en verskille in uitdrukkingswyse kan maklik veroorsaak dat opdragte nie verstaan word nie.

(vi) Kanaliserings van arbeid

Die huidige arbeidsburostelsel speel geen rol in die kanalisering van arbeid na die landbousektor nie. Volgens die boere bemoeilik rompslomp en gebrekkige dokumentasie ook die registrasie van werkers. Kapteins en hoofmanne met wie gesprekke gevoer is, is van mening dat daar nie genoeg samewerking tussen die stamarbeidsburo's en boere is nie en dat 'n stelsel wel uitgewerk kan word tot voordeel van die Swart gemeenskap sowel as die boeregemeenskap. Daar is van die boere wat skynbaar vergeet dat hul arbeid uit selfregerende gebiede trek.

#### 4.4.3 SLOTOPMERKING

